DIE INVLOED VAN LEERDERDISSIPLINE OP ONDERRIG IN OPENBARE SKOLE

Y PRETORIUS

(HOD (sek), B.Ed. Hons (Onderwysbestuur, -reg en -stelsels))

Verhandeling voorgelê ter vervulling van die vereistes vir die graad

MAGISTER EDUCATIONIS

in

ONDERWYSREG

in die

SKOOL VIR OPVOEDKUNDIGE WETENSKAPPE

by die

NOORDWES-UNIVERSITEIT

(FAKULTEIT VAALDRIEHOEK)

STUDIELEIER: Dr Elda de Waal

Vanderbijlpark

2008

NORTH-WEST UNIVERSITY
YUNIBESITI YA BOKONE-BOPHIRIMA
NOORDWES-UNIVERSITEIT
VAALDRIEHOEKKAMPUS
2008 -09- 17
Akademiese Administrasie
Posbus Box 1174
VANDERBIJLPARK
1900

DANKBETUIGINGS

Ek wil graag die volgende persone bedank vir hul betrokkenheid, ondersteuning en bydrae in die voltooiing van my studies:

- Die grootste eer kom my Hemelse Vader toe, vir die talente aan my toevertrou, die geleentheid om Hom te kan verheerlik deur my studies en vir die wysheid en deursettingsvermoë wat Hy daagliks aan my toevertrou.

- Aan my mentor en studieleier, Dr Elda de Waal: sonder u wysheid, kennis, leiding en bereidwilligheid sou hierdie verhandeling nie moontlik wees nie.

- My eggenoot, Nico en dogter Carissa: dankie dat julle in my glo, my ondersteun en moed ingepraat het. Dankie vir al die kere dat julle tyd moes deel met my studies.

- My ouers, Coenie en Ina Batt: dankie vir die fondasie en ambisie wat julle in my gelê het en dat julle nooit in die waar word van my drome twyfel nie.

- Aan Me Denise Kocks vir die voortreflike taalversorging.

- Me Aldine Oosthuyzen vir die data-verwerking.

- Vir Me Amanda Smith: dankie vir die vele kere wat u my moed ingepraat het.

- Laastens, aan die 716 deelnemers wat hul vraelyste vir my studie voltooi het: sonder jul insette, sou daar geen waarde tot hierdie studie gevoeg kon word nie.

OPSOMMING

Die doel van hierdie navorsing was om te bepaal wat die invloed is wat dissipline op onderrig op openbare skole uitoefen.

Die navorser het in hoofstuk 2 van die literatuurstudie gekyk na aspekte wat dissipline op skole beïnvloed. Daar is ook in hoofstuk 3 gekyk na onderwysregtelike aspekte wat `n direkte invloed het op die onderwys.

In die kwantitatiewe navorsing is gebruik gemaak van twee gestruktureerde vraelyste wat afsonderlik onder opvoeders en leerders op nege skole van die Fezile Dabi Distrik van die Vrystaatse Onderwysdepartement versprei is.

Uit die bevindinge van hierdie studie blyk dit dat dissipline beslis `n groot invloed het op onderrig op openbare skole. Die Grondwet (1996) en die Skolewet (84/1996) maak dit moontlik dat opvoeders (binne perke) effektiewe dissipline kan toepas.

SUMMARY

The purpose of this study was to determine the influence discipline has on teaching at public schools.

In chapter 2 of the literature study, the researcher focused on aspects that influence discipline at school. In chapter 3, she also looked at education law aspects that have a direct influence on education.

Two structured questionnaires were used in the quantitative research. These questionnaires were distributed separately between educators and learners at nine schools of the Free State Department of Education's Fezile Dabi District.

From the findings of this study, it is clear that discipline indeed has an enormous influence on teaching at public schools. The Constitution (1996) and Schools Act (84/1996) make the application of effective discipline at schools possible.

INHOUDSOPGAWE

DANKBETUIGINGS ii

OPSOMMING iii

SUMMARY iv

INHOUDSOPGAWE v

LYS VAN TABELLE xviii

HOOFSTUK EEN 1

ORIËNTERING 1

1.1 INLEIDING 1

1.2 AGTERGROND 2

1.2.1 Dissipline 2

1.2.2 Die opvoeder as gesagspersoon 3

1.2.3 Die skoolhoof as oppergesaghebber 4

1.2.4 Dissiplinêre stappe 4

1.3 PROBLEEMSTELLING 5

1.4 NAVORSINGSDOELWITTE 5

1.5 METODE VAN ONDERSOEK 6

1.5.1 Literatuurstudie 6

1.5.2 Empiriese navorsing 7

1.5.2.1 Navorsingsontwerp 7

1.5.2.2 Meetinstrument 8

1.5.2.2.1 Loodsondersoek 8

1.5.2.3 Populasie en steekproef 8

1.5.2.3.1 Populasie 8

1.5.2.3.2 Steekproef 9

1.5.2.4 Data-analise 10

1.5.2.5 Navorsingsprosedure 10

1.6 ETIESE ASPEKTE 11

1.7 HAALBAARHEID VAN DIE STUDIE 12

1.8 BYDRAE VAN DIE STUDIE 12

1.9 HOOFSTUKINDELING 12

1.10 OPSOMMING 13

HOOFSTUK TWEE 15

DIE INVLOED VAN DISSIPLINE OP DIE ONDERWYS 15

2.1 INLEIDING 15

2.2 DISSIPLINE 16

2.2.1 Wat is dissipline? 16

2.3 KENMERKE VAN DISSIPLINE 19

2.4 FAKTORE WAT NODIG IS OM DISSIPLINÊRE PROBLEME TE VOORKOM 20

2.4.1 Effektiewe leierskap 21

2.4.2 Duidelike kommunikasie 21

2.4.3 Deeglike beplanning deur opvoeders 22

2.4.4 Heelskool-benadering 22

2.4.5 Straf- en dissiplinêre optrede 23

2.5 'N VOORBEELD VANUIT DIE LETTERKUNDE 23

2.5.1 Lord of the Flies (William Golding) 23

2.5.1.1 Aspekte rakende dissipline 23

2.5.1.1.1 Orde 24

2.5.1.1.2 Leiding 24

2.5.1.1.3 Reëls 25

2.5.1.1.4 Geweld 25

2.5.1.1.5 Onverantwoordelikheid 25

2.6 VOORVALLE RAKENDE SKOOLDISSIPLINE VANUIT DIE MEDIA 26

2.7 DIE BEGINPUNT VAN DISSIPLINE 28

2.8 FAKTORE WAT TUIS VERANTWOORDELIK IS VIR DIE VERVAL VAN DISSIPLINE OP OPENBARE SKOLE 30

2.9 FAKTORE WAT DAARTOE LEI DAT OPVOEDERS NIE MEER IN STAAT IS OM DISSIPLINE TE HANDHAAF NIE 32

2.9.1 Afskaffing van lyfstraf 32

2.9.2 Fisiese en emosionele skade aan die persoon 34

2.9.3 Tekort aan professionele ondersteuning 35

2.9.4 Oorbeklemtoning van kinderregte 35

2.9.5 Veranderende onderwyssituasie 36

2.9.6 Persoonlikheidsfaktore 36

2.9.7 Stres as bydraende faktor 37

2.9.8 Ongestruktureerde klasse 39

2.10 REDES VIR 'N VERVAL IN DISSIPLINE ONDER LEERDERS 39

2.10.1 Leerders sien neer op opvoeders 39

2.10.2 Die opvoeder is nie meer die enigste bron van inligting nie 40

2.10.3 Leerders se finansiële status 40

2.10.4 Gebrek aan respek teenoor opvoeders 41

2.10.5 Gebrekkige gesinstrukture 42

2.10.6 Ontbrekende norme en waardes 42

2.10.7 Gebrek aan invloedryke rolmodelle 43

2.11 OPSOMMING 44

HOOFSTUK DRIE 45

ONDERWYSREGTELIKE ASPEKTE RELEVANT TOT SKOOLDISSIPLINE 45

3.1 INLEIDING 45

3.2 FUNDAMENTELE REGTE VAN OPVOEDERS EN LEERDERS 46

3.2.1 Regte van opvoeders 46

3.2.1.1 Grondwetlike regte van die opvoeder 47

3.2.1.1.1 Menswaardigheid 47

3.2.1.1.2 Vryheid en sekerheid van die persoon 47

3.2.1.1.3 Vryheid van uitdrukking 48

3.2.1.1.4 Arbeidsverhoudinge 48

3.2.1.1.5 Taal en kultuur 48

3.2.1.1.6 Regverdige administratiewe optrede 49

3.2.2 Die regte van leerders 49

3.2.2.1 Die ouderdom van die leerder as determinant 49

3.2.2.2 Grondwetlike regte van die kind in die onderwys 50

3.2.2.2.1 Gelykheid 51

3.2.2.2.2 Menswaardigheid 52

3.2.2.2.3 Vryheid en sekerheid van die persoon 52

3.2.2.2.4 Privaatheid 53

3.2.2.2.5 Vryheid van godsdiens, oortuiging en mening 54

3.2.2.2.6 Vryheid van uitdrukking 54

3.2.2.2.7 Omgewing 55

3.2.2.2.8 Spesiale regte as kind 55

3.2.2.2.9 Onderwys 56

3.2.2.2.10 Kultuur-, godsdiens- en taalgemeenskappe 58

3.2.2.2.11 Regverdige administratiewe optrede 58

3.2.2.3 Regte van leerders vanuit die Skolewet (84/1996) 59

3.2.2.4 Uitbuiting van kinderregte 60

3.3 REGSVERPLIGTINGE VAN OPVOEDERS EN LEERDERS 60

3.3.1 Verpligtinge van opvoeders 60

3.3.2 Verpligtinge van leerders 62

3.3.2.1 Relevante verpligtinge vanuit die Skolewet 63

3.3.2.1.1 Verpligte skoolbywoning 63

3.3.2.1.2 Gedragskode 63

3.4 BEPERKING VAN FUNDAMENTELE REGTE 64

3.5 'N REGSGELDIGE GEDRAGSKODE 66

3.5.1 Omskrywing van wat `n gedragskode is 66

3.5.2 Die doel van `n gedragskode 67

3.5.3 Pilare waarop `n gedragskode gebou moet word 68

3.5.4 Vereistes vir `n geldige gedragskode 68

3.5.4.1 Binne die regsraamwerk 68

3.5.4.2 Ooreenstemming met kulturele milieu 69

3.5.4.3 Billikheid, regverdigheid en redelikheid 70

3.5.4.4 Ingestel op onderrig en leer 70

3.5.4.5 Geïndividualiseer per skool 71

3.5.4.6 Omvattendheid 71

3.5.4.7 Wetlike wysiging 71

3.5.4.8 Tydperk vir kennisname 72

3.5.4.9 Geskrewe dokumente 72

3.5.5 Die inhoud van `n gedragskode 72

3.5.6 Voordele van `n gedragskode 73

3.5.6.1 Dissipline-handhawing 73

3.5.6.2 Wetlike sekerheid 73

3.5.6.3 Konsekwentheid 73

3.5.6.4 Redelike en regverdige optrede 73

3.5.6.5 Reguleer van roetine aktiwiteite 74

3.5.6.6 Skep van `n veilige omgewing 74

3.5.6.7 Bereik van doelwitte 74

3.5.7 Nadele van `n gedragskode 74

3.5.7.1 Foutiewe implementering 74

3.5.7.2 Onpersoonlikheid van die reëls 75

3.6 DISSIPLINÊRE PROBLEME BY LEERDERS 75

3.6.1 Wat is wangedrag by leerders? 75

3.6.2 Vorme van wangedrag 76

3.6.3 Dissiplinêre maatreëls relevant tot die hanteer van wangedrag 77

3.6.4 Die dissiplinêre proses 78

3.6.4.1 Doel van die dissiplinêre proses 78

3.6.4.2 Tydige kennisgewing 78

3.6.4.3 Volledige, verstaanbare kennisgewing 79

3.6.4.4 `n Billike geleentheid om gehoor te word 79

3.6.5 Beskikbare stappe in die dissiplinêre proses 80

3.6.5.1 Formele of informele gesprek 80

3.6.5.2 Verbale dissipline 80

3.6.5.3 Algemene vorme van nie-verbale dissipline 81

3.6.5.4 `n Dissiplinêre verhoor 81

3.6.5.5 Skorsing en uitsetting 82

3.6.5.5.1 Skorsing 83

3.6.5.5.2 Uitsetting 84

3.6.6 Prosedurele maatreëls betrokke by `n tugverhoor 86

3.7 OPSOMMING 87

HOOFSTUK VIER 89

EMPIRIESE NAVORSINGSONTWERP 89

4.1 INLEIDING 89

4.2 NAVORSINGSMETODE 89

4.2.1 Kwantitatiewe navorsingsmetode 90

4.2.2 Beskrywende kwantitatiewe navorsingsontwerp 91

4.3 DIE DOEL VAN HIERDIE EMPIRIESE NAVORSING 91

4.4 NAVORSINGSINSTRUMENT 92

4.4.1 Die vraelys as navorsingsinstrument 92

4.4.2 Wat is `n gestruktureerde vraelys? 92

4.4.3 Voordele van vraelyste 92

4.4.4 Nadele van vraelyste 93

4.4.5 Riglyne by die saamstel van `n vraelys 94

4.4.6 Geldigheid en betroubaarheid 95

4.5 LOODSONDERSOEK 96

4.6 STEEKPROEF 99

4.7 ADMINISTRATIEWE PROSEDURES 100

4.8 STATISTIESE TEGNIEKE 100

4.9 OPSOMMING 101

HOOFSTUK VYF 102

DATA-ANALISE EN INTERPRETASIE 102

5.1 INLEIDING 102

5.2 DIE VRAELYSTE 103

5.2.1 Afdeling A: Persoonlike inligting van opvoeders 104

5.2.2 Afdeling A: Persoonlike inligting van leerders 109

5.2.3 Afdeling B: Die invloed van dissipline op onderwys: opvoeders se persepsies 113

5.2.3.1 Faktor 1 : Opvoeder persepsies rakende dissipline 113

5.2.3.2 Faktor 2 : Stres en finansiële faktore 117

5.2.3.3 Faktor 3: Invloed van skoolondersteuning 118

5.2.3.4 Faktor 4: Onderwysverpligtinge 120

5.2.4 Afdeling B: Die invloed van dissipline op onderwys: leerder-persepsies 121

5.2.4.1 Faktor 1: Opvoeder-houdings 121

5.2.4.2 Faktor 2: Faktore wat leerderdissipline beïnvloed 123

5.2.4.3 Faktor 3: Invloed van opvoeders 126

5.2.4.4 Faktor 4: Ondersteuning wat `n invloed het op skooldissipline 127

5.2.4.5 Faktor 5: Invloed wat respek uitoefen op dissipline 129

5.2.5 Afdeling C: Onderwysregtelike aspekte: opvoeder-persepsies 130

5.2.5.1 Faktor 1: Opvoeder-houdings 131

5.2.5.2 Faktor 2: Veiligheid en sekuriteit 132

5.2.5.3 Faktor 3: Regverdigheid van die opvoeder 133

5.2.6 Afdeling C: Onderwysregtelike aspekte: leerder-persepsies 134

5.2.6.1 Faktor 1: Veiligheid en regte 134

5.2.6.2 Faktor 2: Negatiewe gedrag 136

5.2.7 Afdeling D: Dissiplinêre maatreëls: opvoeder-persepsies 138

5.2.7.1 Faktor 1: Effektiewe dissiplinêre maatreëls 138

5.2.7.2 Faktor 2: Leerders se dissiplinêre gedrag 140

5.2.8 Afdeling D: Dissiplinêre maatreëls: leerder-persepsies 141

5.2.8.1 Faktor 1: Effektiewe dissiplinêre maatreëls 141

5.2.8.2 Faktor 2: Leerders se dissiplinêre gedrag 143

5.3 OPSOMMING 145

HOOFSTUK SES 146

BEVINDINGS, AANBEVELINGS EN GEVOLGTREKKING 146

6.1 INLEIDING 146

6.2 SAMEVATTING VAN VORIGE HOOFSTUKKE 146

6.3 BEVINDINGS 147

6.3.1 Waaruit dissipline in die onderwys bestaan 147

6.3.2 Hoe die onderwysregtelike aspekte van skooldissipline lyk 148

6.3.3 Hoe opvoeders en leerders dissipline op skool ervaar 149

6.3.4 Wat opvoeders weet van beleidsaspekte met betrekking tot dissipline 150

6.3.5 Watter persepsies leerders handhaaf oor hulle gedrag 151

6.3.6 Watter maatreëls in plek is op skool om dissipline te handhaaf 151

6.3.7 Hoe opvoeders en leerders die invloed van swak dissipline op skool ervaar 152

6.3.8 Hoe opvoeders bemagtig kan word om dissipline beter te hanteer 153

6.3.9 Watter faktore `n invloed het op dissipline op skole 153

6.4 AANBEVELINGS 154

6.4.1 Waaruit dissipline in die onderwys bestaan 154

6.4.2 Hoe die onderwysregtelike aspekte van skooldissipline lyk 155

6.4.3 Hoe opvoeders en leerders dissipline by skole ervaar 155

6.4.4 Wat opvoeders weet oor beleidsaspekte met betrekking tot dissipline 155

6.4.5 Watter persepsies leerders handhaaf oor hulle gedrag 155

6.4.6 Watter maatreëls in plek is op skole om dissipline te handhaaf 155

6.4.7 Hoe opvoeders en leerders die invloed van swak dissipline op skool ervaar 156

6.4.8 Hoe opvoeders bemagtig kan word om dissipline beter te hanteer 156

6.4.9 Watter faktore`n invloed het op skooldissipline 156

6.5 TEKORTKOMINGE 157

6.6 VOORSTELLE VIR VERDERE NAVORSING 157

6.7 GEVOLGTREKKING 157

BRONNELYS 159

ADDENDUM A 167

TOESTEMMINGSAANSOEK 167

ADDENDUM B 173

TOESTEMMINGSBRIEF 173

ADDENDUM C 175

BRIEF AAN SKOLE 175

ADDENDUM D 177

BEVESTIGING VAN DEELNAME 177

ADDENDUM E 182

VRAELYSTE 182

LYS VAN TABELLE

Tabel 3.1: Regsaanspreeklikheid volgens ouderdom 50

Tabel 4.1: Eerste loodsondersoek se Cronbach Alpha 97

Tabel 4.2: Tweede loodsondersoek se Cronbach Alpha 98

Tabel 5.1: Opvoeders: Tipe skool 104

Tabel 5.2: Opvoeders: Posisie 105

Tabel 5.3: Opvoeders: Tipe skool 105

Tabel 5.4: Opvoeders: Waar skool geleë is 106

Tabel 5.5: Opvoeders: Geslag 106

Tabel 5.6: Opvoeders: Nasionaliteit 107

Tabel 5.7: Opvoeders: Ouderdom 107

Tabel 5.8: Opvoeders: Opvoedervaring 108

Tabel 5.9: Opvoeders: Kwalifikasie 109

Tabel 5.10: Leerders: Tipe skool 109

Tabel 5.11: Leerders: Graad 110

Tabel 5.12: Leerders: Geslag 111

Tabel 5.13: Leerders: Ouderdom 111

Tabel 5.14: Leerders: Tipe skool 112

Tabel 5.15: Leerders: Waar skool geleë is 112

Tabel 5.16: Leerders: Taal 113

Tabel 5.17: Faktor 1: Opvoeder persepsies rakende dissipline 114

Tabel 5.18: Faktor 2: Stres en finansiële faktore 117

Tabel 5.19: Faktor 3: Invloed van skoolondersteuning 118

Tabel 5.20: Faktor 4: Onderwysverpligtinge 120

Tabel 5.21: Faktor 1: Opvoeder-houdings 122

Tabel 5.22: Faktor 2: Faktore wat leerderdissipline beïnvloed 124

Tabel 5.23: Faktor 3: Invloed van opvoeders 126

Tabel 5.24: Faktor 4: Ondersteuning wat `n invloed het op skooldissipline 127

Tabel 5.25: Faktor 5: Invloed wat respek uitoefen op dissipline 129

Tabel 5.26: Faktor 1: Opvoeder houdings 131

Tabel 5.27: Faktor 2: Veiligheid en sekuriteit 132

Tabel 5.28: Faktor 3: Regverdigheid van opvoeder 133

Tabel 5.29: Faktor 1: Veiligheid en regte 135

Tabel 5.30: Faktor 2: Negatiewe gedrag 136

Tabel 5.31: Faktor 1: Effektiewe dissiplinêre maatreëls 138

Tabel 5.32: Faktor 2: Leerders se dissiplinêre gedrag 140

Tabel 5.33: Faktor 1: Effektiewe dissiplinêre maatreëls 141

Tabel 5.34: Faktor 2: Leerders se dissiplinêre gedrag 143

HOOFSTUK EEN

ORIËNTERING

1.1 INLEIDING

Goeie dissipline is sinoniem met effektiewe onderrig en leer. Wetgewing erken dat dissipline noodsaaklik is om orde en harmonie op skole te kan handhaaf. Om hierdie rede word opvoeders se outoriteit om dissipline toe te pas en leerders te straf erken (Lemmer & Badenhorst, 1997:409).

Volgens die Suid-Afrikaanse Skolewet 84 van 1996 (84/1996: art. 8; hierna genoem Skolewet) is dit duidelik dat elke skool `n Gedragskode moet hê. Vanuit artikel 8 is dit ook duidelik dat dit die primêre doel van `n Gedragskode is om dissipline te handhaaf, die kwaliteit van onderrig en leer te ondersteun en in stand te hou, met die oog op `n *gedissiplineerde en doelgerigte skoolomgewing*.

Ten spyte van die implementering van Gedragskodes op skole, bly dissiplinêre probleme toeneem. Volgens Savage (1991:3) het `n studie getoon dat slegs 10% van alle opvoeders aangedui het dat dissiplinêre probleme min tot geen effek op die onderrig en leer in hul klasse het. Daar kan dus nie misgekyk word dat 90% van die opvoeders wel geaffekteer word deur swak dissipline wat in klaskamers seëvier nie.

Dissiplinering moet as `n leerproses en nie as `n strafproses gesien word nie. Dissipline is immers afgelei van `n Latynse woord wat beteken *om te leer*. Dit beteken volgehoue opleiding met die oog daarop om te leer, te vorm en te bevorder (Oosthuizen, 2006:48).

Vogel (2004:9) noem dat drie uit elke vier opvoeders van mening is dat hulle meer effektief sou kon onderrig as daar minder dissiplinêre probleme in die klas seëvier.

Die probleem wat uit swak dissipline in die klaskamer spruit, is dat energie wat bestee behoort te word aan beplanning en die oordrag van kennis, nou eerder bestee word aan die handhawing van dissipline (Savage, 1991:4).

Skole behoort `n veilige, gedissiplineerde klimaat te bied waarin opvoeders kan onderrig en leerders kan leer. Leer mag nie belemmer word deur dissiplinêre probleme in en om klaskamers nie (Coombs-Richardson & Meisgeier, 2001:4).

In hierdie navorsing sal daar gekyk word na die invloed van leerderdissipline op onderrig in openbare skole.

1.2 AGTERGROND

Die Bybel beklemtoon die noodsaaklikheid daarvan om kinders te dissiplineer in Spreuke 29:17: *Leer jou seun wat dissipline is en jy sal gerus wees oor hom, hy sal jou vreugde verskaf.* Daarom moet ons eers besluit hoe ons dissipline verstaan.

1.2.1 Dissipline

Dissipline kom daarop neer dat diegene wat onderworpe is daaraan, reëls moet gehoorsaam (Wilson & Cowell, 1990:24). Dissipline is ook die ontwikkeling van selfbeheersing, karakter, orde en doelgerigtheid (Savage, 1991:2).

Die handhaaf van dissipline in die klaskamer is slegs `n hulpmiddel tot `n einddoel. Dit moet nie gesien word as net `n onmiddellike oplossing van `n probleem nie, maar moet ook gesien word as voorbereiding van die gedissiplineerde se toekoms. Indien dissipline reg toegepas word, kan dit leerders toerus met veel meer as net wenslike gedrag in en om die klaskamer. Dit kan hulle ook leer om waardes vir eerlikheid aan te leer, bedagsaam te wees en ander in ag te neem (Munn, Johnstone & Chalmers, 1992:3).

Dit is dus duidelik dat dissipline noodsaaklik is vir sowel die ontwikkeling van karakter en die plaasvind van onderrig en leer in die klaskamer. Daarom moet ons aandag gee aan diegene van wie die dissipline uitgaan.

1.2.2 Die opvoeder as gesagspersoon

Die rol wat die opvoeder in die klaskamer vertolk, kan vergelyk word met die rol van `n hart in die lyf van `n lewende wese. Sonder die hart, kan geen liggaam leef nie. So ook is die geval met die opvoeder as rolspeler in die onderwys (Savage, 1991:19). Skole is afhanklik van opvoeders om hul voortbestaan en funksionering te verseker.

Sonder die opvoeder, kan onderrig nie plaasvind nie. Dit is dus belangrik om in ag te neem dat swak dissipline `n beduidende effek op die opvoeder sal hê (Coombs-Richardson & Meisgeier, 2001:9).

Opvoeders wat energie beter sou kon aanwend in die klaskamer, moet dit dikwels uitgee op die hantering van swak dissipline. Swak leerderdissipline is een van die grootste invloede wat veroorsaak dat opvoeders ontevredenheid in hul werksopset ervaar. Hul ontevredenheid word later vervang deur stres, angs en vrees. Nog later kan selfs uitbranding plaasvind (Savage, 1991:3).

Opvoeders moet gereeld self-ondersoek doen om te verseker dat hulle in hul beroep verrykend en motiverend sal optree en nie gefrustreerd nie, aangesien hul gemoedstoestand `n invloed op die onderrig en leerproses het (Metcalf, 2003:29).

Vir die leerder het die leerproses die belangrike funksie om die leerder die voordeel te gee van ondervinding en inligting wat die brein ontvang deur blootstelling daaraan. Op skool vind die blootstelling aan inligting plaas deur die onderrigproses. Wanneer die inligting geabsorbeer word deur die leerder, vind leer plaas. Tog word hierdie proses negatief beïnvloed wanneer die onderrigproses versteur word, byvoorbeeld deur swak dissipline in die klaskamer. Die leerproses kan dan nie effektief plaasvind nie (Long, 2000: 10).

Dit is duidelik dat dissipline op skool `n ernstige probleem kan word wat beide opvoeders en leerders raak (Savage, 1991:5). Daarom is `n oppergesaghebber onontbeerlik.

1.2.3 Die skoolhoof as oppergesaghebber

Die skoolhoof is veronderstel om aan die stuur van dissipline op openbare skole te wees. Die skoolhoof moet verseker dat daar `n behoorlike dissiplinêre struktuur op skool is (Coombs-Richardson & Meisgeier, 2001:6).

`n Skoolhoof speel `n kardinale rol in die bestuur van enige skool. Die skoolhoof is die belangrikste individu en het die meeste invloed op die skool. As bestuurder, is die skoolhoof verantwoordelik vir onder meer verandering om `n goeie leerklimaat te skep en die skool effektief te bestuur (Lemmer & Badenhorst, 1997:343).

`n Skoolhoof behoort wetlike konsepte en raamwerke waarop pertinente onderwysregte rus juridies korrek te verstaan, sodat hy doelgerig en wetlik kan optree om sodoende `n skool effektief te kan bestuur (Dunklee & Shoop, 2003:1).

Wanneer skoolhoofde dissiplinêre stappe doen teenoor leerders, moet hulle seker maak dat die korrekte prosedure gevolg word en dat die reëls van natuurlike geregtigheid korrek toegepas word (Hume, 1990:28 & 34). Gevolglik staan ons stil by die moontlike dissiplinêre stappe wat gedoen mag word.

1.2.4 Dissiplinêre stappe

Hoewel leerders die reg op onderwys kry vanuit die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika Wet 108 van 1996 (1996: art.29; hierna genoem Grondwet), reguleer artikel 8 van die Skolewet leerders se nakom van die Gedragskode op skool.

Opvoeders behoort nooit te vergeet dat hulle dissiplinêre stappe kan doen indien leerders se wangedrag die oorhand kry nie (Wilson & Cowell, 1990:34). Dit is die plig van opvoeders om saam met die skool se Beheerliggaam en skoolhoof, gelei deur die Gedragskode, dissiplinêre stappe in werking te laat tree wanneer en soos nodig (Hume, 1990:28).

Volgens Porteus *et al.* (2001:37), kan opvoeders, selfs deur middel van kreatiewe idees, ander stappe doen vir kleiner dissiplinêre oortredings.

1.3 PROBLEEMSTELLING

Die probleemstelling fokus op wat die navorser wil bestudeer. In sy studie poog die navorser om antwoorde te verkry op sy probleemvraag (Maree, 2007:3).

Vanuit die voorafgaande bespreking spruit dan ook die volgende probleemvraag :

- Hoe beïnvloed dissipline onderrig op openbare skole?

Die volgende vrae is gestel om die navorsingsproses te ondersteun :

- Waaruit bestaan dissipline in die onderwys?
- Hoe lyk die onderwysregtelike aspekte van skooldissipline?
- Hoe ervaar opvoeders en leerders dissipline op skool?
- Wat weet opvoeders oor beleidsaspekte met betrekking tot dissipline op skool?
- Watter persepsies handhaaf leerders oor hulle gedrag?
- Watter aanbevelings kan gedoen word om opvoeders te bemagtig om dissipline beter te beheer?
- Watter faktore het `n invloed op die dissipline op skool?

1.4 NAVORSINGSDOELWITTE

Die primêre doel van die navorsing was om die invloed van dissipline op onderrig op openbare skole te bepaal.

Die navorsingsvraag is geoperasionaliseer deur te bepaal:

- waaruit dissipline in die onderwys bestaan;

- hoe die onderwysregtelike aspekte van skooldissipline lyk;
- hoe opvoeders en leerders dissipline op skole ervaar;
- wat opvoeders weet van beleidsaspekte met betrekking tot dissipline;
- watter persepsies leerders handhaaf oor hul gedrag;
- watter aanbevelings gedoen kan word om opvoeders te bemagtig om dissipline beter te beheer; en
- watter faktore `n invloed het op die dissipline op skole.

1.5 METODE VAN ONDERSOEK

Volgens Leedy en Ormrod (2005:85), is navorsingsontwerp die strategie wat `n navorser gaan volg om die navorsingsprobleem op te los. Dit sal die struktuur verskaf vir die prosedures wat die navorser gaan volg, die data wat ingesamel gaan word en die data-analise wat daarop volg.

1.5.1 Literatuurstudie

Ten einde suksesvol navorsing te kan doen, moet die navorser gebruik maak van `n literatuurstudie. Met literatuurstudie word bedoel dat die navorser geskrewe inligting oor vorige studies en navorsing moet insamel wat van toepassing is op sy navorsingsonderwerp.

Leedy en Ormrod (2005:64) noem dit dat `n literatuurstudie die teoretiese perspektiewe beskryf, sowel as vorige navorsingsbevindings betreffende die navorsingsprobleem.

Die kuns van `n literatuurstudie lê daarin opgesluit om inigting selektief te kies en omsigtig te gebruik in die navorsing. Relevante literatuur is verkry deur gebruik te maak van (a) `n verskeidenheid boeke/artikels rakende die onderwerp, asook (b) berigte wat in die gedrukte media verskyn het. Laasgenoemde is ingesluit by die beplanning om `n perspektief te kon verkry op die gereeldheid en ernstigheid van insidente op skool (*cf.* 2.6). In die laaste

plek is daar ook gebruik gemaak van verskeie artikels wat vanaf die Internet verkry is.

1.5.2 Empiriese navorsing

Kwantitatiewe navorsing is gebruik in hierdie studie, ingeslote die gebruik van vraelyste. Hierdie tipe navorsing is gepas wanneer eienskappe van die waargenome verskynsel geïdentifiseer moet word (Leedy & Ormrod, 2005:179).

1.5.2.1 Navorsingsontwerp

`n Navorsingsonderwerp kan ontstaan vanuit `n wye verskeidenheid bronne, ingeslote die navorser se belangstellings, kennis of sosiale omstandighede en die waarneming van opvoedkundige en psigologiese probleme, probleem-areas in die professionele praktyk, gesprekke met ander navorsers of leeswerk wat die belangstelling geprikkel het (Mertens, 1998:37).

Oor die algemeen word kwantitatiewe navorsing gebruik om vrae te antwoord oor verhoudings met die doel om te verduidelik, te voorspel en `n verskynsel te beheer (Leedy & Ormrod, 2005:94; *cf.* 4.2).

Kwantitatiewe navorsing is `n sistematiese, objektiewe proses waarin numeriese data vanaf `n geselekteerde groep gekies word ten einde die bevindings te veralgemeen (Maree, 2007:145). Volgens Hopkins (2001:1) is die doel van kwantitatiewe navorsing om die verhouding tussen een veranderlike en `n ander te bepaal. Tydens kwantitatiewe navorsing word data gewoonlik bymekaargemaak vanuit gestruktureerde navorsingsinstrumente (vraelyste).

Die resultaat van die navorsing word gebaseer op steekproewe wat verteenwoordigend is van die populasie. Die analisering van die navorsing is gewoonlik meer objektief as in kwalitatiewe navorsing (Dilbert, 2006:1).

Kwantitatiewe navorsing is gedoen tydens die empiriese gedeelte van hierdie verhandeling, aangesien daar gebruik gemaak is van gestruktureerde vraelyste (*cf.* 1.5.2.2). Aangesien dissipline ook interaksie tussen leerders en

opvoeders behels, raak dit verhoudings. Daarom is besluit dat kwantitatiewe navorsing `n gepaste navorsingsmetode sou wees.

1.5.2.2 Meetinstrument

`n Vraelys is `n instrument wat navorsers kan gebruik om feitelike inligting te versamel (Best & Khan, 2003:300).

Daar is van twee gestruktureerde vraelyste (*cf.* 4.4) gebruik gemaak in die navorsing. Leerders en opvoeders het aparte vraelyste gekry om persepsies vanuit verskillende hoeke te meet.

Volgens Leedy en Ormrod (2005:184) is `n gestruktureerde vraelys `n stel vrae wat vooraf opgestel is (*cf.* 4.4).

1.5.2.2.1 Loodsondersoek

Die doel van `n loodsondersoek is om die betroubaarheid van die vraelyste te bepaal en om te bepaal hoe groot die finale steekproef behoort te wees (Hopkins, 2006:5).

Hierdie studie se loodsondersoek word volledig in 4.5 uiteengesit.

1.5.2.3 Populasie en steekproef

Om `n hele populasie in `n studie te betrek, is onprakties en selfs onmoontlik. `n Populasie is `n groep individue wat een of meer eienskappe gemeen het wat van belang is vir die navorser. `n Steekproef is `n klein hoeveelheid van die populasie wat geselekteer word met die oog op hanteerbare waarneming en gekwantifiseerde analise van die data wat verkry is (Best & Kahn, 2003:12).

1.5.2.3.1 Populasie

Populasie is die som van almal wat betrek word by die navorsing. Vanuit die populasie word `n steekproef getrek (Leedy & Ormrod, 2005:206-207). Hierdie steekproef betrek dan `n sekere persentasie van die populasie. Die steekproef sal uiteindelik betrokke wees by die navorsingsproses.

Maree (2007:146) noem dit dat populasie `n statistiese term is wat verwys na die algehele hoeveelheid waarvandaan inligting verkry kan word.

1.5.2.3.2 Steekproef

Die steekproef in hierdie studie was doelgerig van aard. Die steekproef is gedoen met `n spesifieke doel voor oë: om te bepaal hoe dissipline die onderrig op openbare skole beïnvloed.

`n Steekproef verwys na `n groep wat vanuit die populasie gekies word om aan die studie deel te neem (Maree, 2007:146). Wanneer navorsing gedoen word, word daar gereeld gebruik gemaak van `n steekproef, aangesien die algehele populasie dikwels te groot is om in `n ondersoek te gebruik (Leedy & Ormrod, 2005:198).

Vir hierdie navorsing is nege skole in die Noord-Vrystaat se Fezile Dabi-streek gebruik wat soos volg geselekteer is:

- laerskole (slegs hul Graad 7 leerders):
    - die een laerskool is toegerus met kringtelevisie in hul klaskamers
    - die oorblywende laerskool is sonder kringtelevisie
- 7 hoërskole (Graad 8 – 12 leerders):
    - 4 hoërskole is geleë in die dorp:
    - 1 hoërskool is `n Engelse skool
    - 3 hoërskole is taal-gekombineerde skole
    - 3 townshipskole

Die uiteindelike steekproef:

- 60 leerders per skool, dit wil sê 60 leerders x 9 skole; n=540 leerders
- 30 opvoeders per skool, dit wil sê 30 opvoeders x 9 skole; n=270 opvoeders.

Die metode van steekproefneming was doelgerig van aard, aangesien skole met spesifieke eienskappe deelgeneem het aan die ondersoek. Hierdie skole is geselekteer vanuit skole wat van kringtelevisie in die klaskamers gebruik maak, skole wat min sukkel met dissipline en skole wat probleme hiermee het.

By elke skool is die uiteindelike steekproef getrek om net `n geselekteerde groep te laat deelneem aan die navorsing.

1.5.2.4 Data-analise

Data-analise geskied wanneer die navorser die versamelde data wil saamvat. Die tipe data wat ingesamel word, sal bepaal watter data-analitiese tegnieke gebruik gaan word. Nadat die data geanaliseer is, moet die data geïnterpreteer word. (Mills, 2007:122)

In hierdie studie is gebruik gemaak van beskrywende statistiek. Hierdie tipe statistiek help die navorser om inligting bymekaar te maak met die fokus op die spesifieke eienskappe waarna gesoek word (Maree, 2007:291).

Ten opsigte van statistiek, is gebruik gemaak van die Statistiese Dienste van die Noordwes-Universiteit: die data is elektronies verwerk deur Me Aldine Oosthuizen (*cf.* 4.8).

1.5.2.5 Navorsingsprosedure

- Die vraelyste is ontwikkel aan die hand van die literatuurstudie (*cf.* Hoofstuk 2 & 3).
- Verlof om die navorsing te mag doen is gevra en verkry by die Vrystaatse Onderwysdepartement (*cf.* Addendum A & B).
- Die steekproef is getrek (*cf.* 1.5.2.3.2 & 4.6).
- `n Eerste en tweede loodsondersoek is gedoen om die betroubaarheid van die vraelyste te bepaal (*cf.* 1.5.2.2.1 & 4.5).
- Die vraelyste is aangepas na aanleiding van die resultate van die loodsondersoek.

- Reëlings is getref met die betrokke skoolhoofde vir die verspreiding van die vraelyste (*cf.* Addendum C).

- Die vraelyste is aan leerders, opvoeders en skoolhoofde (as deel van die opvoederskorps) by nege skole gegee vir voltooing (*cf.* Addendum E).

- Elke vraelys is voorsien van `n dekbrief wat deelnemers inlig oor die doel van die navorsing en hulle ingeligte toestemming tot deelname vra (*cf.* Addendum D).

- Deelnemers het die geleentheid gekry om hulle aan die studie te onttrek.

- Die navorser het die vraelyste persoonlik afgehaal by die nege skole.

- Statistiese Konsultasiedienste (NWU – Fakulteit Vaaldriehoek) het die data-analise elektronies gedoen.

1.6 ETIESE ASPEKTE

Inagneming van etiese aspekte word vereis in alle navorsing. Alle navorsers moet bewus wees van en aandag gee aan die etiese aspekte wat verband hou met hul studies. Navorsers behoort nie hul behoefte om hul studie te loods belangriker te ag as hul verantwoordelikheid om die deelnemers se belange op die hart te dra nie (Mills, 2007:103).

Die volgende etiese aspekte is gevolg met die loods van hierdie studie:

- Verlof van die Vrystaatse Departement van Onderwys is verkry om die navorsing in die Fezile Dabi streek te mag doen (*cf.* 4.7 & Addendum A & B).

- Toestemming is van elk van die nege skoolhoofde gevra (*cf.* Addendum C).

- Toestemming is van elke deelnemer gevra wat onderwerp word aan die ondersoek (Richard & Morse, 2007:235-236; *cf.* Addendum D).

- Nadat hierdie toestemming verkry is, is daar gedurende die ondersoek gewaak teen die skending van leerders, opvoeders en skoolhoofde se privaatheid: enige deelnemer het die reg gehad om hom/haar te onttrek aan die studie (Richards & Morse, 2007:237).

- Diegene wat deelgeneem het aan die ondersoek se privaatheid is gerespekteer en vraelyste is anoniem beantwoord om dit te verseker (Richards & Morse, 2007:236).

- Afsprake is gemaak met skoolhoofde om toestemming te verkry om vraelyste by hul skole te versprei.

- Die uitslae en bevindings wat vanuit die vraelyste verkry word, is as streng vertroulik gehanteer: net die navorser, studieleier en statistikus het met die data gewerk.

1.7 HAALBAARHEID VAN DIE STUDIE

Die studie was haalbaar deurdat genoegsame bronne beskikbaar was en die navorser in die area van die skole gewoon het.

1.8 BYDRAE VAN DIE STUDIE

Deur hierdie studie is gepoog om `n bydrae te lewer tot die moontlike begrip oor en oplossings rakende die invloed van dissipline op onderrig op openbare skole.

1.9 HOOFSTUKINDELING

Die hoofstukindeling van hierdie studie is soos volg gehanteer:

HOOFSTUK 1 Oriëntering

`n Oorsig oor die studie is gegee: aandag is geskenk aan die agtergrond en probleemstelling, die navorsingsdoelwitte, metode van ondersoek, etiese aspekte wat aangespreek is, die haalbaarheid en bydrae van die studie, asook die hoofstukindeling.

HOOFSTUK 2 Die invloed van dissipline op die onderwys

`n Literatuurstudie is geloods waarin nagevors is wat die invloed is van dissipline op die onderwys.

HOOFSTUK 3 Onderwysregtelike aspekte relevant tot skooldissipline

In hierdie hoofstuk is gekyk na verskeie regsdokumente, wette en regsaspekte wat `n invloed het op skooldissipline.

HOOFSTUK 4 Empiriese navorsingsontwerp

Hier is die empiriese studie, wat tydens die ondersoek gebruik is, bespreek.

HOOFSTUK 5 Data-analise en interpretasie

In hierdie hoofstuk is die data uiteengesit, geanaliseer en geïnterpreteer.

HOOFSTUK 6 Bevindings, aanbevelings en gevolgtrekking

Bevindings wat vanuit die studie na vore kom, is gedoen, sowel as aanbevelings wat daaruit spruit. Laastens is `n slotsom bereik rakende die studie.

1.10 OPSOMMING

`n Geruime tyd reeds, is die gebrek aan dissipline op openbare skole onder die vergrootglas. Oral in die media word `n verval van dissipline in ons skole wyd verkondig. In hierdie hoofstuk is gekyk hoe die studie, om die invloed van leerderdissipline op onderrig op openbare skole te ondersoek, gaan verloop. Dit is dus hieruit duidelik dat die invloed van dissipline op die onderwys navorsbaar is.

In hierdie hoofstuk is ook gekyk na die probleemstelling en navorsingsdoelwitte. Die navorser het ook die metode van ondersoek wat in hierdie studie gebruik word bespreek. Die loodsstudie, populasie en steekproef, sowel as die analise is bespreek, sowel as die navorsingsprosedure en etiese aspekte.

In hoofstuk 2 word daar gekyk na die invloed van dissipline op die onderwys.

HOOFSTUK TWEE

DIE INVLOED VAN DISSIPLINE OP DIE ONDERWYS

Life is a series of lessons that must be lived to be understood.

– Ralph Waldo Emerson

2.1 INLEIDING

Hebreërs 12:11: Elke vorm van tug lyk vir ons op die oomblik meer na `n rede vir trane as vir blydskap, maar later sal dit vir hulle wat daardeur gebrei is, die blye oes oplewer van `n lewe volgens die wil van God (Bybel, 2006) .

Die Nasionale Unie van Opvoeders het in Junie 2005 `n beroep op die regering gedoen om in te gryp in skooldissipline omdat opvoeders al hoe minder in staat voel om orde te handhaaf (Rademeyer, 2005:6). `n Belangrike taak van opvoeders is om `n ordelike leeromgewing vir leerders te skep en te verseker. Goeie dissipline is sinoniem met effektiewe onderrig en leer (Lemmer & Badenhorst, 1997:409).

Volgens Davel (2000:303) kom dissipline neer op die bestuur van positiewe gedrag, gerig daarop om gewenste gedrag te bevorder asook om leerders se self-dissipline en self-beheersing te ontwikkel.

Alles rondom dissipline gaan oor die leerders. Dit is hulle wat vaardighede en kennis moet opdoen ten einde produktiewe landsburgers te kan wees. Lank voordat hierdie ideaal bereik kan word, moet die leerders opgebou word met die basiese boustene vir sinvolle burgerskap – boustene soos geloof, hoop, liefde, offervaardighede, respekbetoning, pligsbesef, volharding, selfvertroue, self-dissipline, noukeurigheid, werksvreugde en werksbeloning. Hierdie grondslae word selde uit skoolboeke geleer – dit word onder andere gevorm deur die uitleef van en die inleef in dissipline (Oosthuizen, 2005:32).

Wanneer dissipline in `n skool nie na wense is nie, word beide leerder en opvoeder negatief beïnvloed.

Hierdie hoofstuk fokus op dissipline en plaas alle aspekte rakende dissipline op skole onder die soeklig.

2.2 DISSIPLINE

In alle gevalle word dissipline op skole gemanifesteer deur die tipe organisatoriese kultuur op die skool. Leerders op sekondêre skole is oor die algemeen krities oor die dissipline in hul skole (Van der Westhuizen, 2002:130).

2.2.1 Wat is dissipline?

Die word, 'dissipline', is afgelei van die Latynse woorde: *disco*, wat leer beteken, en *disciplina*, wat verwys na die oordrag van kennis na die leerder. Dissipline beteken dat opvoeders hul outoriteit inspan in belang van die kind – met die klem op self-dissipline, onafhanklikheid en volwassenheid (Harris *et al.*,1992:142).

Volgens Oosthuizen (2003:155) is dit belangrik om die doel van dissipline te onthou wanneer enige dissiplinêre optrede plaasvind. Die doel van dissipline, volgens Oosthuizen, is vierledig van aard:

- om rehabilitasie aan te moedig;
- om soortgelyke wangedrag te voorkom;
- om as afskrikmiddel te dien; en
- om as vergelding te dien.

Die Skolewet (84/1996) erken dat dissipline nie net noodsaaklik is om orde en harmonie op skool te skep nie, maar ook om `n klimaat te skep waarin leerders kan leer – vry van ontwrigting en chaos. Daarom word opvoeders se outoriteit om leerders te dissiplineer en te straf wanneer hulle reëls oortree, erken (Lemmer & Badenhorst, 1997:409).

Volgens Davel (2000:303) is dissipline `n opvoedergerigte aktiwiteit wat onderskei tussen voorkomende dissipline, regstellende dissipline en

ondersteunende dissipline. Daarbenewens moet dissiplinering beskou word as `n leerproses en nie as `n strafproses nie. Dissipline beteken volgehoue opleiding met die oog daarop om te leer, te vorm en te bevorder. Duidelike reëls, wat gegrond is op beginsels, moet daarom opgestel word (Oosthuizen, 2006:48).

Die term *dissipline* is `n omvattende konsep wat oor die algemeen op meer as een manier gebruik kan word. Daarom is dit is noodsaaklik om tussen die volgende twee konsepte te onderskei: gedissiplineerde gedrag en self-dissipline (Porteus *et al.*, 2001:5). Wanneer ons na gedissiplineerde gedrag kyk, dan impliseer dit dat daar so opgetree behoort te word dat respek en verantwoordelikheid gereflekteer word. Selfdissipline, daarteenoor, impliseer dat respek en verantwoordelikheid deur die individu se eie insette bereik moet word (Porteus *et al.*, 2001:5).

Squelch (2000:2) is van mening dat daar drie tipes dissipline is: voorkomende dissipline, korrektiewe dissipline en ondersteunende dissipline. Voorkomende dissipline het te doen met basiese regte, duidelike reels, asook moontlike nagevolge. Korrektiewe dissipline verwys na maatreëls wat die opvoeder in werking laat tree om ongewenste gedrag hok te slaan. Ondersteunende dissipline is nodig om te verseker dat korrektiewe dissipline regverdig toegepas word asook om `n harmonieuse omgewing te probeer skep (Squelch, 2000:2).

Volgens Van Loggerenberg (2004:7) is dissipline die hele werksaamheid en al die middele wat nodig is om die mens op die regte pad te wys, daarop te hou en daarop terug te bring wanneer daarvan afgewyk word. Dissipline is daarom eintlik enersyds `n proses van negatiewe beteueling, leiding, wegwysing en beïnvloeding, maar andersyds ook `n proses van negatiewe beteueling, beheer, dwang en tug wat deur die gesagsdraer aangewend word om diegene oor wie gesag uitgeoefen word, te help tot die verwerwing van kennis, ervaring, selfstandigheid en korrektheid van oordeel, wat nodig is om elkeen so ver te bring dat hy die regte gebruik van sy vryheid sal kan maak.

Janson (2003:131) maak die volgende drie stellings oor dissipline na aanleiding van verskeie navorsers se standpunte:

- Dissipline is ineengestrengel met die organisatoriese kultuur wat by die skool geskep word.
- Die belewenis van hoe dissipline tuis gehanteer word, het `n beduidende inlvoed op `n kind se gedrag op skool.
- Gesonde organisatoriese skoolkulture gaan gewoonlik gepaard met `n goed-beplande dissiplinêre sisteem.

Dit is die kern waarom dit alles eintlik gaan, want op stuk van sake berus dit by die individu self om deur eie keuse iets of niks van die lewe te maak. Elkeen besluit in groot mate self of hy gaan uitstyg bo die situasie waarin hy verkeer, of hy daarop gaan ingryp en dit verander, verbeter en aan sy behoeftes en strewe diensbaar gaan maak. Omdat die mens `n mislukking van sy lewe kan maak as hy nie weet hoe om sy vryheid reg te gebruik nie, het hy hulp en leiding nodig om reg te kan antwoord op die uitdaging wat elke situasie hom bied (Van Loggerenberg, 2004:7).

Wilson en Cowell (1990:24) reken dat in die geval van dissipline, daar `n stel reëls moet wees en die punt moet duidelik gemaak word dat die persone wat onderdanig hieraan moet wees, moet besef dat die reëls gehoorsaam behoort te word omdat dit outoriteit dra. Dit is ook belangrik dat leerders die doel van die reëls moet begryp en dat die skoolreëls goeie, doelgerigte en sinvolle reëls moet wees as daar verwag word dat dit nagekom moet word.

Daar moet onthou word dat die opvoeder die sleutel tot die dissiplinêre sukses van die skool hou – nie net in die klas nie, maar in die hele skool (Oosthuizen, 2006:3).

Dit is dus hieruit duidelik dat dissipline te doen het met die handhawing van orde en dat daar ook `n besondere verantwoordlikheid rus op elkeen wat in `n gesagsposisie gesetel is. Daarom moet ons die kenmerke van dissipline onder die aandag kry.

2.3 KENMERKE VAN DISSIPLINE

Die kenmerke van dissipline is soos volg (Oosthuizen, 2005: 80-81):

- Dissipline word gebruik om orde te skep: alle aktiwiteite van die daaglikse proses in die onderwys moet georden plaasvind.

- Dissipline verseker regverdigheid: belanghebbendes in die onderwysproses moet toesien dat regverdigheid plaasvind wanneer daar opgetree word.

- Dissipline beskerm die leerder: die leerder word beskerm teen die ongedissiplineerde gedrag van sy mede-leerders. Dissipline help ook om `n leerder teen sy eie gedrag te beskerm.

- Dissipline dra by tot die geestelike ontwikkelling van `n leerder: dissipline moet daarop gemik wees om `n leerder te beïnvloed en om die leerder ten goede te help ontwikkel.

- Dissipline is toekomsgerig: met die toepassing van dissipline, word daar ook gewerk aan die kind se toekoms en om hom te help om `n volwaardige en suksesvolle landsburger van ons land te kan wees.

- Dissipline is gemik op korreksie en nie op vergelding nie: dissipline is nie gemik daarop om leed en pyn aan te doen nie, maar eerder om leerders op die regte rigting te wys.

Aan die hand van Oosthuizen blyk dit dat dissipline sterk ingestel behoort te wees op `n regsraamwerk wat sekuriteit en rigting aan al die betrokke partye bied. Dit kan eendersyds bereik word deur die stipulasies in wetgewing uit te voer, soos byvoorbeeld in die Skolewet vervat is. Andersyds kan die bereik word deur noukeurig te let op die wesenskenmerke van opvoendende onderwys.

Bailey (2005:1) voeg egter by dat bewuste dissipline bydra tot die volgende aspekte:

- Aggressie neem af: `n deurlopende gedissiplineerde omgewing laat aggressie afneem en skep `n veilige klaskamer en skool.

- Beter resultate ten opsogte van skoolprestasies: leerders vaar beter in `n gedissiplineerde klas waar behoorlik opgelet kan word en `n harmonieuse onderrig-atmosfeer heers.

- Impulsiewe, hiperaktiewe en wangedrag neem af: wanneer `n rustiger atmosfeer heers, dwing dit leerders tot meer beheerste gedrag.

- Dit skep `n positiewe skoolklimaat: gunstige opvoeder-leerder en leerder-leerder verhoudinge word geskep wat bydra tot `n positiewe skoolklimaat.

- Onderrigtyd word vermeerder: wanneer dissipline gehandhaaf word, is daar meer tyd wat bestee kan word op die onderrigproses.

- Dit moedig ouer-betrokkenheid aan: wanneer ouers betrek word by die poging om dissipline by die skool te verbeter, smee ouers en opvoeders pogings saam tot voordeel van die kind.

Die bogenoemde bydra van Bailey (2005) steun sterk op die sielkundige sy van gesonde dissipline. Gelees saam met die insette hierbo van Oosthuizen (2005:80-81), wat op `n regverdige instelling teenoor dissipline fokus, sou dit `n gesonde bydra kon lewer ten opsigte van die handhaaf van positiewe dissipline op skool.

Só ook het positiewe, suksesvolle dissipline `n goeie uitwerking op die volgende: rolspel, kommunikasie, belonings, gehoorsaamheid, konsekwentheid, grense stel, roetines en regverdigheid (Siers, 2007:3). Dit is dus noodsaaklik om faktore wat dissiplinêre probleme kan voorkom duidelik na vore te bring.

2.4 FAKTORE WAT NODIG IS OM DISSIPLINÊRE PROBLEME TE VOORKOM

Volgens Squelch (2000:2) is gesonde dissipline nie iets wat net plaasvind nie. Goeie dissipline moet bewustelik en doelgerig bestuur word.

Volgens Pretorius en Lemmer (1998:46) kan wangedrag in die klaskamer beperk word as die opvoeder `n lesbeplanning vooraf gedoen het, die nodige onderrighulpmiddels reeds gereed het en leerders reeds in groepe gedeel het.

Alhoewel daar verskeie redes is vir leerders se wangedrag, is die skoolomgewing net so `n gewigtige faktor as huislike omstandighede en persoonlikheid.

Walsh (1997:113) bespreek die onderstaande vyf faktore as noodsaaklik vir die voorkoming van dissiplinêre probleme.

2.4.1 Effektiewe leierskap

Die bestuurspan van die skool (veral die skoolhoof) is die hoof outoriteitsfigure op skool en is veronderstel om `n ordelike, harmonieuse skoolomgewing te skep en om leiding te neem deur `n goeie voorbeeld te stel (Walsh, 1997:113).

Omdat hy die meeste invloed op skool het, behels dit dat die skoolhoof oor `n wye spektrum funksies beskik met betrekking tot die bestuur en leierskap van die skool. In hierdie kapasiteit, volgens Lemmer en Badenhorst (1997:343), is skoolhoofde daarvoor verantwoordelik om `n leerkultuur op hulle skool te skep, behoort hulle om te sien na die professionaliteit en moraliteit van hulle opvoeders, en behoort hulle om te gee oor wat van die leerders word

Die skoolhoof moet opvoeders bemoedig om `n atmosfeer te skep waarin onderrig en leer kan plaasvind. Dit is die skoolhoof se plig om te weet wat in klaskamers plaasvind en om ouers se klagte te ondersoek. Die gedrag en houding wat `n skoolhoof openbaar, sal nagestreef word deur sy personeel en leerders (Van der Bank, De Villiers & Wethmar, 2000:91).

2.4.2 Duidelike kommunikasie

Aan die hand van die Skolewet (84/1996) en beaam deur Walsh (1997:113), moet die skoolhoof en die Beheerliggaam die skool se missie en opvoedkundige filosofie neerlê, sowel as die waardes en standaarde waaraan leerders moet voldoen. Skoolreëls moet gemeenskaplik opgestel word en

verduidelik word aan leerders. Elke ouer en leerder moet ook `n afskrif hê van die skool se gedragskode. Walsh (1997:113-114) wys ook daarop dat ouers en leerders ingelig moet wees oor die moontlike nagevolge, sou die skoolreëls oortree word.

Van der Bank *et al.* (2000:61) noem dit dat daar van opvoeders verwag word om gevalle van ernstige wangedrag aan die skoolhoof te rapporteer.

2.4.3 Deeglike beplanning deur opvoeders

Die meeste dissiplinêre probleme vind in die klaskamer plaas en volgens Walsh (1997:113) is die grootste oorsaak van hierdie probleme swak beplanning en voorbereiding. Dit blyk dus dat opvoeders wat tekort skiet in klasbestuur en behoorlike lesbeplanning minder beheer oor hul leerders sal hê. Terselfdertyd openbaar leerders gewoonlik wangedrag as hulle verveeld of ongemotiveerd is en wanneer hulle die skoolwerk irrelevant of moeilik vind (Walsh, 1997:113).

2.4.4 Heelskool-benadering

Squelch (2000:4) stel dit dat effektiewe dissipline afhang daarvan of daar `n holistiese en geïntegreerde benadering gevolg word om `n positiewe leeromgewing te skep wat gewenste gedrag aanmoedig. Só `n holistiese benadering behels dat die skool gesien moet word as `n geïntegreerde sisteem waarbinne die onderlinge dele saamwerk om `n volhoubare gedragsbestuur te kan handhaaf .

Pogings om dissipline in die klaskamer te verander, moet hand aan hand gaan met verandering van dissipline op skoolvlak (Porteus *et al.*, 2001:83), en daarom is die hele skoolomgewing nodig hiervoor.

Janson (2003:131) beklemtoon die feit dat skole wat `n gesonde organisatoriese kultuur handhaaf, minder dissiplinêre probleme onder leerders ervaar.

Volgens Rogers (1992:70) verlaag `n heelskool-benadering tot die dissipline stres onder opvoeders.

Die handhawing van dissipline is dus nie `n individuele taak nie. Dit kan alleenlik effektief wees as dit omskep word in `n holistiese en geïntegreerde proses - gerig daarop om `n leeromgewing te skep wat bevorderlik is vir goeie gedrag. Dit impliseer dat die héle skoolgemeenskap betrek moet word.

2.4.5 Straf- en dissiplinêre optrede

Vanuit `n regsperspektief beskou, is die primêre doel van straf, vergelding vir `n daad wat reeds plaasgevind het ten einde die ewewig te herstel. `n Ander belangrike oogmerk is om die persoon te hervorm sodat hy/sy hom/haar sal weerhou van soortgelyke toekomstige optrede (Bray *et al.*, 1989:44).

2.5 'N VOORBEELD VANUIT DIE LETTERKUNDE

Die waarde van letterkunde is dat dit ons in staat stel om `n aangrypende beeld en `n sekere begrip en bewustheid te kry van ons en ander se gevoelens en realistiese optrede. Die letterkunde raak ons op so `n manier dat dit daartoe kan bydra dat ons ander beter kan verstaan (Wilson & Cowell, 1990:106). Toe D.J. Opperman gesê het: "Die kuns is boos!" het hy juis bedoel dat die woordkuns hom besig hou met die vertolking van die ware lewe (wat dikwels boos is) sonder om dit te verdoesel. Een ingrypende voorbeeld hiervan is Golding se "Lord of the Flies".

2.5.1 Lord of the Flies (William Golding)

Hierdie novelle het `n direkte verband met leerlinge en hul mate van afhanklikheid van leiding, asook `n behoefte aan `n ordelike samelewing (Wilson & Cowell, 1990:107). Dit raak ook die kwessie dat kinders volwasse leiding nodig het en in gestruktureerde en gedissiplineerde omstandighede wil leef (Julian, 2005:2). Dit handel oor seuns van skoolgaande ouderdom, hul verhoudings met mekaar, hul (afwesige) volwasse wêreld en oor hul gedrag in realiteit en in fantasie (Wilson & Cowell, 1990:107).

2.5.1.1 Aspekte rakende dissipline

Die volgende aspekte vanuit die boek is van belang rakende dissipline:

Dissipline bevorder die vestiging van `n veilige omgewing waarin diverse aktiwiteite ordelik kan verloop. `n Belangrike vereiste ten einde orde te kan handhaaf, is dat daar `n outoriteitstruktuur moet bestaan (Oosthuizen, 2002:81). Ons bekyk voorts vyf aspekte van so `n outoriteitsstruktuur.

2.5.1.1.1 Orde

- Die verhaal begin met `n kontras: stil, netjiese en gedissiplineerde leerders wat verander in oproerige en ongedissiplineerde leerders die oomblik wanneer hulle vanuit `n geordende skoolomgewing op `n geïsoleerde eiland beland (Peabody, 2006:1).

- `n Belangrike tema in die boek is: die belangrikheid daarvan om `n ordelike samelewing te skep (Julian, 2005:5).

- Die seuns het vroeg reeds reëls gemaak, orde probeer skep en `n demokratiese sisteem in plek probeer kry, maar het vergeet van een belangrike aspek: mense neem alleenlik bevele onder druk van `n organisasie (byvoorbeeld polisie en skool) of wetgewing en nie van individue of gelyke persone nie (Julian, 2005:5).

- Slegs twee seuns sien die belangrikheid van `n ordelike bestaan raak terwyl die ander seuns hulle nie daaraan steur nie en eerder gefokus is op maksimale pret (JarJarBinks, 2004(a):2).

- Wet en orde word alleenlik herstel die oomblik dat `n volwasse persoon op die eiland arriveer (JarJarBinks, 2004(b):2).

2.5.1.1.2 Leiding

- Die oorweldigende reaksie van die seuns toe hulle gered word, dui daarop dat die seuns leiding wil ontvang en uitsien daarna om weer in `n gestruktureerde omgewing te funksioneer (Julian, 2005:2).

- Een van die eerste besluite wat die seuns op die eiland neem, is om `n leier te kies, maar kort daarna verontagsaam hulle sy opdragte. Die

verkose leier kon nooit weer alleen daarin slaag om samehorigheid onder die seuns te kry nie (Anon, 2003:2).

- Van die seuns weier om enige leiding van ander seuns te aanvaar (JarJarBinks, 2004(b):1).

2.5.1.1.3 Reëls

- Toe die seuns besef dat daar geen volwassenes op die eiland is nie, was hul onmiddellike reaksie dat hulle reëls moet opstel. Toe dit kom by die gehoorsaming van die reëls, is alle reëls vinnig oorboord gegooi, aangesien daar geen gesag op die eiland was om toe te sien dat die reëls nagekom word nie (Peabody, 2006:2).

2.5.1.1.4 Geweld

- Onbeheerste geweld vlam op wanneer die seuns nie verantwoordelikhede wil aanvaar nie en `n kans om gered te word as gevolg van hul onvolwassenheid en onverantwoordelikheid deur hul vingers glip. Fisiese geweld, ook later ten koste van lewens, vind plaas (JarJarBinks, 2004(b): 1).

- Die seuns besluit om in twee groepe te verdeel. Hulle gebruik ook geweld om dinge van gemeenskaplike belang (byvoorbeeld kos) by mekaar af te neem (Peabody, 2006:3).

- Diefstal van mekaar se besittings, asook sinnelose gewelddadige rituele vorm `n deel van die seuns se bestaan op die eiland (JarJarBinks, 2004(b): 2).

2.5.1.1.5 Onverantwoordelikheid

- Die seuns het nog nie `n mate van individuele trots of selfvergelding wat onafhanklik van die opinies van ander is nie. Jong kinders het nog nie `n mate van verantwoordelikheid vir hul dade ontwikkel nie (Smith, 2006: 2).

- Die seuns neem op `n onverantwoordelike manier besluite. `n Voorbeeld hiervan is tiperend uit die wyse waarop hulle `n leier kies. Die persoon wat die skulp op die strand gevind het, het ook summier die leier geword. Spoedig daarna, is sy gesag ook geminag (Julian, 2005:2).

- Die seuns se aanvanklike reaksie is dat die eiland pret beteken en dat om op die eiland gestrand te wees, soos `n speletjie is. Dit dui op hul onvolwassenheid om verantwoordelik op te tree (Anon, 2003:3).

`n Tweede instansie wat ons in voeling hou met die werklike lewe, onopgesmuk, is die media.

2.6 VOORVALLE RAKENDE SKOOLDISSIPLINE VANUIT DIE MEDIA

Voorbeelde van berigte wat in die gedrukte media in die vorm van koerante en tydskrifte gepubliseer is, is ingesluit by die beplanning van hierdie verhandeling om `n perspektief te kon verkry op die gereeldheid en ernstigheid van insidente wat tans op skool voorkom (*cf.* 1.5.1). Terselfdertyd sou dit ook waar wees dar sulke beriggewing persepsies wat betref dissipline op skool sou kon help vorm.

"Leerling slaan onnie met vuis in gesig": `n Opvoeder van Welkom is deur `n Graad agt-leerder met die vuis in die gesig geslaan nadat die opvoeder hom aangespreek het omdat hy nie op sy plek wou gaan sit het nie. Hierop het die leerder bly terugpraat en die opvoeder het sy horlosie van die tafel afgegooi (Phillips, 2008:1).

"Geweld in skole skok": Die Menseregtekommissie se onlangse verslag verwys na voorvalle waartydens opvoeders deur leerlinge aangeval, gevloek, geïgnoreer of geboelie word (Rademeyer, 2006:1).

"Skole in krisis – verslag": Meer as 40% van geraadpleegde ouers is ontevrede met dissipline op skool, standaarde van onderrig en die effek van UGO. Drie van die land se voorste akademici, Giliomee, Heese en Schlemmer, se verslag rapporteer die mening van ouers vanuit alle

gemeenskappe wat betref die stand van Suid-Afrikaanse onderwys (Merton, 2005:1).

"Hof toe met leerlinge wat monsters word": Opvoeders voel dat dit nie help om hulle stem te verhef nie, dat leerders hul nie aan uitskryfwerk steur nie en dat detensie `n grap geword het. Die gevoel is dat skole die *aflaaiplek* vir nog `n verlore generasie kinders geword het (Rademeyer, 2004(a):6).

"Pille in opvoeder se koffie wys swak dissipline in skole": Twee Graad neges het `n mengsel pille in `n aflos-opvoeder se koffie gegooi, klaarblyklik sonder enige uitlokking (Janse van Vuuren, 2004:2).

"Ek wil nie skool toe gaan nie!": Viljoen, die skoolhoof, rapporteer dat leeders wat hul wangedra, parmantig is en nie huiswerk doen nie, tans van die onderwys `n nagmerrie-ervaring maak. Die ergste is dat die ouers saam met hul kinders oor bepaalde aangeleenthede lieg (Rademeyer, 2003(a):8).

"Meer seuns as meisies vaar sleg op skool, drink medisyne": Volgens die National Union of Educators se navorsing, ly seuns tot tien keer meer aan aandagafleibaarheid as meisies: gevolglik is 75% van die kinders wat Ritalin gebruik, seuns. Die verslag het ook bekend gemaak bekend dat seuns tussen vyf en tien keer meer as meisies gedissiplineer moet word (Rademeyer, 2003(b):5).

"Provinsies knou gehalte-onderwys": In die soeke na wat nou eintlik fout is met ons onderwysstelsel, word verskeie moontlike oorsake bespreek. Dit wissel van moedertaalonderrig tot dissiplinêre probleme op skole (Van Rooyen: 2005:1).

"Middelvinger vir die onnie": Meer en meer enkelouer-gesinne en `n tekort aan ouers wat by hulle kinders se onderwys betrokke is, is bydranede faktore daartoe dat kinders meen hulle kan hull swak gedra sonder die konsekwensies van enige negatiewe gevolge (Rossouw, 2006:13).

"Skooldissipline": Bewerings van `n algehele gebrek aan dissipline op skoletussen leerders sowel as opvoeders, het in twee baie onsmaaklike voorvalle ontplof (Anon, 2006:1).

"Regering moet ouers alternatiewe tugstappe leer": Die gevolge van swak dissipline word daagliks op ons skole en in ons misdadige samelewing ervaar (Smit, 2006:1).

"Onnie wat nie nòg kon nie": Verskeie opvoeders wil weens stres en emosionele aftakeling nie meer op townshipskole skoolhou nie. Talle probleme op wanfunksionele skole word toegeskryf aan onbevoegdheid, politiekery, vakbondinmenging en uiters swak dissipline onder leerders en opvoeders (Rademeyer, 2006:1).

Vanuit die voorafgaande berigte blyk dit duidelik dat negatiewe, ontstellende insidente wat almal onder andere dui op oneffektiewe skooldissipline, die norm geword het. Dis nie meer die uitsondering op die reël nie.

Hierdie gerapporteerde voorvalle wat die erns om die invloed van leerderdissipline op onderrig in openbare skole na te vors beklemtoon, bring ons by die kern van die hoofstuk.

2.7 DIE BEGINPUNT VAN DISSIPLINE

Van Loggerenberg (2004:1) meen daar is toenemend `n persepsie binne ouergemeenskappe aan die ontwikkel dat hedendaagse kinders al hoe onmoontliker word en dus al hoe minder bereikbaar en beheerbaar is. Die vraag is wie en/of wat daarvoor te blameer is. Verswakkende dissipline, of minstens die persepsie van veranderende maatreëls om dissipline te handhaaf, word deur baie as die hoofoorsaak vir die veranderende gedrag van kinders beskou. Daar is egter `n sterk verskil oor wie se dissipline aan die agteruitgang is. Ouers blameer die skool en die skool blameer die ouers. Die vinger word dikwels eerstens na die skool gewys wat as gevolg van `n veranderende onderwysstelsel, buitengewone aanpassings moes doen.

Strydom, `n opvoedkundige van Pretoria, meen `n ouer is vir `n kind se opvoeding verantwoordelik. Hy meen ouers moet wakker word en hul primêre rol as opvoeders besef (Rademeyer, 2003(a):8).

Resultaatgerigte onderwys, groter klasse en `n groter verskeidenheid kulture en selfs godsdienste wat geakkommodeer moet word, het sonder twyfel die speelveld van skoolonderwys gekompliseer. Dit kan `n invloed op die handhawing van dissipline tot gevolg hê en verandering meebring (Van Loggerenberg, 2004:1)

Die vinger kan egter nie net na die skool gewys word vir die persepsie dat dissipline aan die verswak is nie. Ouers speel `n sleutelrol by dissipline. Deurslaggewend vir die etos van `n skool, is die etos van die gesinne waarvandaan die leerlinge kom. Families wat verbrokkel, waardestelsels wat verwater en gesagsfigure wie se gesag al hoe meer bevraagteken word, vind neerslag in hoe dissipline in die huis toegepas word. Ouers wat self verward voorkom oor lewenswaardes en veral nie konsekwent is in hul optrede nie, se dubbelslagtigheid verwar kinders en ondermyn gesonde dissipline (Van Loggerenberg, 2004:1).

Ouers staan in die bevoorregte posisie om nou betrokke te wees by hul kinders se vormingsprosesse. Kinders bring tog minder tyd op skool deur as by hul huise en ouers het baie meer tyd as die opvoeder tot hul beskikking om aandag te gee aan hul kinders se ontwikkelling. Natuurlik kan die opvoeder se rol by die implementering van dissipline nie misgekyk word nie. Die opvoeder is immers die bestuurder van `n klas en het `n verantwoordelikheid om te poog om `n harmonieuse leeromgewing in die klas te skep (Savage,1991:7).

Tóg meen Pretorius en Lemmer (1998:32) `n vennootskap tussen opvoeders en ouers hou die volgende voordele in:

- leerders se akademiese prestasies verbeter;
- gedragsprobleme onder leerders verminder;

- leerders word toenemend toegeneë teenoor hulle skoolwerk;
- ouers voel meer positief oor hul bevoegdhede om hul kinders te help;
- ouers het beter begrip oor die onderwys en gepaardgaande probleme;
- opvoeders se werkslading word verlig; en
- meer hulpbronne word beskikbaar vir die skool.

Daar bestaan min twyfel dat samewerking tussen opvoeders en ouers/versorgers slegs voordelig vir gesonde dissipline op skool en selfs ook tuis sal wees.

Een van die ontstellende aspekte, die moontlikheid van die ouerhuis as wortel van die kwaad, word vervolgens onder die loep geneem.

2.8 FAKTORE WAT TUIS VERANTWOORDELIK IS VIR DIE VERVAL VAN DISSIPLINE OP OPENBARE SKOLE

Vogel (2004:3) is van mening dat die grootste rede vir dissiplinêre probleme op skole te wyte is aan ouers wat nie hul plig nakom om hul kinders ook dissiplinêr op te voed nie. Volgens haar is dit die rede vir die disrespek teenoor opvoeders.

Van Staden van die Universiteit van die Vrystaat se Department Vergelykende Opvoedkunde meen dat die agteruitgang in dissipline aan die probleme van die hedendaagse gesinne toe te skryf is. Met Ma en Pa wat albei werk, kry kinders nie meer soveel gehalte-aandag en –opvoeding tuis nie. Dis `n verhoudingsprobleem wat in `n dissiplinêre probleem ontaard (Fitzpatrick, 2005:13).

Strydom (2006:1), `n opvoedkundige van Pretoria wat ouers leer hoe om hul kinders op te lei, meen ons lewe in `n tyd waar daar groter onkunde oor kinders heers as ooit tevore. Hy sê dat ouers meer kennis behoort op te doen oor hoe om hul kinders reg op te voed.

Volgens artikel 8 van die Skolewet (84/1996), behoort ouers se verantwoordelikheid en verbintenis ten opsigte van hulle kinders se gedrag ingesluit te wees in die skool se Gedragskode vir leerders. Ouers moet aan kinders sterk leiding gee, positiewe rolmodelle wees en versigtig wees om opvoeders nie voor hul kinders af te kraak nie. Antisosiale gedrag moet ontmoedig word en ouers moet hul kinders aanmoedig om gesonde houdings en beginsels te ontwikkel. Ouers moet betrokke raak by hul kinders se skole deur by verenigings aan te sluit en belang te stel in die bestuur van die skool. Nie net sal ouers dan altyd weet wat gebeur nie, maar kinders wie se ouers by die skool betrokke is, vaar beter as dié wat nie is nie. Ouerbetrokkenheid is dus die hoeksteen van `n goeie skool (Calitz, 2004:16).

Dis moeilik vir kinders om `n waardestelsel hul eie te maak in huise waar leer en lewe as gevolg van dubbelslagtigheid nie aan die orde van die dag is nie. Ouers verkondig die belangrikheid van die huisgesin vir die opvoeding van die kind, maar in die praktyk bestee al hoe meer ouers minder tyd aan die opvoeding van hul kinders (Van Loggerenberg, 2004: 8).

Ouers erken die belangrikheid van huislikheid as fondamentsteen vir goeie opvoeding, maar in die praktyk is koudheid en afsydigheid die kenmerk van menige huis waar die huis niks anders as `n eet- en slaapplek geword het nie. Wat ons kinders verlang, is ouers wat veral deur hul konsekwentheid die koers sal aandui. Die gevaar is groot dat, in menige ouerhuis, dit wat ouers van die buitewêreld verwag hulle in die ouerhuis gruwelik in gebreke laat bly (Van Loggerenberg, 2004:7).

`n Span navorsers van die Noordwes-Universiteit het `n diepgaande ondersoek na dissipline in Suid-Afrikaanse en oorsese skole gedoen (Rossouw, 2003:425-426). Vanuit die ondersoek het dit geblyk dat die ekonomiese omstandighede van `n skool of sy leerders `n bydraende faktor is wat die vlak van skooldissipline bepaal.

Volgens Van Loggerenberg (2004:7), bepleit ouers met reg onderwys ooreenkomstig die aanleg en belangstelling van elke kind, maar in die praktyk dwing ouers vakkeuses op hul kinders af en staan hulle afsydig teenoor

bepaalde studierigtings omdat dit kwansuis te min status aan hulle as ouers verleen.

Strydom (2006:1) herinner ons daaraan dat, as ouers die regte fondament lê, opvoeders daarop kan bou. Maar is hulle altyd hiertoe in staat?

2.9 FAKTORE WAT DAARTOE LEI DAT OPVOEDERS NIE MEER IN STAAT IS OM DISSIPLINE TE HANDHAAF NIE

Squelch (2000:3) meen dat die grootste dissiplinêre probleme in die klaskamer te wyte is aan swak beplanning en voorbereiding. Opvoeders wat min kennis het oor klasbestuur, het ook minder beheer oor hul leerders. Verveelde, ongemotiveerde leerders bemoeilik ook effektiewe dissipline. Hier volg nou agt belangrike aspekte wat die opvoeders ernstig raak.

2.9.1 Afskaffing van lyfstraf

Spreuke 13:24 lui: Hy wat sy seun nie dissipline leer nie, het hom nie regtig lief nie. As hy hom liefhet, sal hy hom dissiplineer (Bybel, 2006).

Vir die meeste Christen-ouers, druis die idee van die afskaffing van lyfstraf teen die voorskrifte van die Bybel in. Wat die wet sê en wat reg is, is nie altyd dieselfde nie (Smit, 2006:1). Spreuke 23:13 spel dit duidelik aan ouers uit dat hulle nie moet huiwer om lyfstraf toe te pas indien dit nodig is nie: "Moenie bang wees om jou kind te dissiplineer nie. Hy sal nie doodgaan van `n pak slae nie. As jy hom wil red van die dood, moet jy hom juis lyfstraf gee" (Bybel, 2006). Ook voorspel Spreuke 29:15 wat op ouers wag wat nie hul kinders tug nie: "`n Pak slae en `n teregwysing bring wysheid, `n kind wat aan homself oorgelaat is, steek sy ma in die skande" (Bybel, 2006).

Ten spyte van die duidelike riglyne wat die Woord van God verskaf, is lyfstraf, volgens die Grondwet (1996), totaal ongrondwetlik. Artikel 10 stipuleer dat geen persoon se waardigheid aangetas mag word nie. Artikel 12(1)(c) stipuleer dat elkeen die reg het om vry te wees van enige vorm van geweld. Lyfstraf is ongrondwetlik in die sin dat dit totaal teenstrydig is met die feit dat iemand nie wreed, onmenslik of op `n degraderende manier behandel behoort

te word nie. Met ander woorde, enige straf wat nie strook met inherente menswaardigheid nie, is wreed (Nieuwenhuis, 2007:93).

Volgens Rademeyer (2008:1) het die kwessie van lyfstraf wat in skole verbied word, ter sprake gekom in `n verslag oor skoolgeweld deur die Menseregtekommissie. Hierin word genoem dat lyfstraf steeds toegepas word in skole in veral Mpumalanga, Limpopo en die Oos-Kaap. Mnr Duncan Hindle, direkteur-generaal van onderwys wat die verslag ontvang het, het gesê dit sal ingespan word sodat die departement sy strategieë kan verskerp om skoolgeweld hok te slaan (Rademeyer, 2008:1).

Lyfstraf is al in 1996 deur die Skolewet (84/1996) verbied, maar meer as tien jaar later, bewys navorsing dat sommige opvoeders steeds lyfstraf toepas – veral in minder gegoede skole. Ander opvoeders straf leerders op vernederende maniere deur hulle byvoorbeeld te dwing om vir lang tye stil te staan (Siers, 2007:1).

Met die afskaffing van lyfstraf op skole, het ouers en opvoeders van voor af begin om oor hierdie onderwerp te besin. In die reeks Supernanny, op BBC, is daar egter nie een goeie woord te vind vir lyfstraf nie. Ook die TV-sielkundige, Dr Phil, praat lyfstraf glad nie goed nie. Hy meen dit kan traumatiese gevolge vir kinders inhou. Hy stel voor dat ouers en opvoeders eerder kreatiewe vorme van straf uitdink. Tog is dit nie `n uitgemaakte saak dat ander vorme van dissipline nie óók langtermyn gevolge vir kinders inhou nie (Van Rooyen, 2006:24).

Maithufi (1997:260) waarsku dat lyfstraf as vernederend en onmenslik beskou word in terme van die Grondwet. Hy herinner dat die staat verplig is om kinders hierteen te beskerm en alhoewel ouers en sekere persone (byvoorbeeld opvoeders) *in loco parentis* optree en in outoriteitsposisies staan teenoor minderjariges ingevolge die gemenereg, het hulle nie die mag om lyfstraf as vorm van dissipline te gebruik nie.

Louw se navorsing onder Vrystaatse en Noord- en Oos-Kaapse opvoeders (De Vries, 2006:14) het getoon dat opvoeders ontnugter en ontmagtig is toe lyfstraf afgeskaf is.

Oosthuizen, Wolhuter en Du Toit (2003:457-480) meen dit gaan erger op baie Westerse lande se skole. In `n diepgaande wêreldwye ondersoek na dissipline op skole hier en oorsee is daar onder andere bevind dat die afskaffing van lyfstraf op Suid-Afrikaanse skole `n leemte gelaat het wat nie gevul is nie en wat tot allerlei dissiplinêre probleme gelei het.

Opvoeders voel tans magteloos en moedeloos, aangesien die administratiewe werklas en oorvol klaskamers die dissiplinêre situasie op skole vererger (De Vries, 2006:14). Die stemme van moedelose opvoeders weerklink en dis `n aanduiding van hoe raad-op opvoeders is met die dissipline in die klaskamer.

2.9.2 Fisiese en emosionele skade aan die persoon

Talle opvoeders in Suid-Afrika verlaat die onderwys weens emosionele en fisieke geweld wat hulle aan die hand van leerders ervaar. In `n verslag wat op 12 Maart 2008 deur die Menseregtekommissie bekendgemaak is, word verwys na voorvalle waartydens opvoeders deur leerders aangeval, gevloek, geïgnoreer of geboelie word (Rademeyer, 2008:1).

Vogel (2004:11) noem dat jonger opvoeders uiters kwesbaar is vir die negatiewe gevolge van dissiplinêre probleme. Jong opvoeders weet nog nie hoe om gedragsprobleme by leerders te hanteer nie en daarom is leerders meer geneig om hulle gesag uit te daag.

Leerders wat opvoeders vloek, skade berokken aan opvoeders se persoonlike besittings, opvoeders beledig, intimideer en dreig, is voorbeelde van hoe opvoeders soms deur leerders behandel word. Hierdie voorbeelde dui ook daarop dat die onderwys `n hoë-risiko beroep in Suid-Afrika geword het (Anon, 2005(a):12).

Opvoeders voel daagliks bedreig en geïntimideer deur leerders. Opvoeders voel ook fisies die gevolge van die gebrek aan dissipline in die klaskamer. Wanneer dreigoproepe ontvang word, skade aan eiendom aangerig word (soos byvoorbeeld die sny van motorbande), leerders opvoeders uitskel en soms rondstamp en welgestelde leerders opvoeders met die hof dreig, raak

die kool nie meer die sous nie werd vir opvoeders wanneer dissipline in die klas moet meeding teen bogenoemde gevolge nie (Anon, 2005(a):12).

2.9.3 Tekort aan professionele ondersteuning

Indien daar van opvoeders verwag word om op te tree teenoor belhamels in die klaskamer, moet daar `n behoorlike ondersteuningsisteem in plek wees vir wanneer hulle dit sou nodig kry. Oosthuizen *et al.* (2003) het selfs `n raamwerk opgestel waarvolgens opvoeders leerders in die toekoms strafregtelik kan aankla of hulle tot howe vir klein eise kan wend.

Rademeyer (2004(a):6) noem dat daar ook geen ondersteuningsraamwerk is wat opvoeders deur traumatiese ervarings op skool en persoonlike verliese gely deur die optrede van leerders onderskraag nie. Wanneer persoonlike verliese gely word, moet die opvoeder meesal maar self instaan en wanneer die opvoeder emosioneel skade ly, moet hy/sy dit ook maar self te bowe kom.

Soms is die emosionele teistering van so `n aard dat opvoeders vir hul en hul gesinne se lewens vrees. Hierdie dinge maak dit onmoontlik vir opvoeders om behoorlik op te tree teenoor swak gedissiplineerde leerders (Rademeyer, 2004(a):6).

2.9.4 Oorbeklemtoning van kinderregte

Natuurlik speel die klem op die kind se regte ook `n rol waarom opvoeders nie meer effektief dissipline toepas nie. Hoewel opvoeders en kinders ewe veel regte in die Grondwet geniet, word meer klem op die kind se regte geplaas (Fitzpatrick, 2005:13).

Te veel opvoeders verlaat die onderwys as gevolg van `n paar moeilikheidmakers in die klaskamer. Opvoeders noem dit dat vandag se belhamels in die klas vinnig is om hulle daaraan te herinner dat leerders regte het (Vogel, 2004:1).

Joubert en Squelch (2005:14) meen dat, met `n toenemende fokus op die beskerming van basiese menseregte en die noodsaaklikheid om kinders teen wrede en onmenslike gedrag te beskerm, opinies oor dissipline en straf

drasties verander het sedert die middel van die twintigste eeu. Veral sake relevant tot kindermishandeling, kinderverwaarlosing en die toedien van lyfstraf op skool het onder die vergrootglas begin kom.

In teenstelling met die oorbeklemtoning van kinders se regte, meen die Suid-Afrikaanse Opvoedersunie (SAOU) dat onderwysowerhede en sommige Beheerliggame opvoeders se regte geheel-en-al ignoreer (Rademeyer, 2007:1). Gevolglik dra dit daartoe by dat opvoeders die perspesie kan handhaaf dat hulle slegs verpligtinge op skool moet nakom.

Volgens Rademeyer (2008:1) lei die oorbeklemtoning van leerders se regte daartoe dat opvoeders en skoolhoofde onwillig is om tugstappe te doen.

2.9.5 Veranderende onderwyssituasie

Kirsten, `n opvoedkundige sielkundige aan die Noordwes-Universiteit, meen die huidige onderwyssituasie verskil ligjare van sy voorgangers. By die skool het alles dekades lank volgens `n min of meer voorspelbare dag-, kwartaal- en jaarprogram verloop. Ingrypende veranderinge het sedert 1994 plaasgevind. Dit het begin met rasionalisering en herontplooiing. `n Nuwe kultuur met menseregte as spil het ontstaan. Nuwe leerplanne en `n toenemende administratiewe taak maak dit nie moontlik vir die opvoeder om `n seepgladde en voorvallose dag te hê nie (Van Eeden, 2001:27).

Rademeyer (2007:1) konstateer dat `n krisistekort van sowat 50 000 opvoeders oor die volgende drie jaar (2008-2010) verwag kan word as die staat nie dringend iets aan die werksomstandighede van opvoeders doen nie. Die nuwe kurrikulum wat tydens 2006-2007 ingestel is, maar waarvoor daar in die meerderheid van provinsies gebrekkige of geen indiensopleiding is nie, asook onbillike administratiewe ladings op opvoeders (wat sinneloos en tydrowend is), dra daartoe by dat opvoeders die beroep verlaat.

2.9.6 Persoonlikheidsfaktore

Volgens Van Loggerenberg (2006:1), `n bekende Vrystaatse onderwyskundige en hoogleraar in die Opvoedkunde aan die Universiteit van

die Vrystaat, is `n belangrike faktor om positiewe gedrag by kinders te stimuleer, die persoonlikheid van die opvoeder. Alhoewel `n opvoeder se persoonlikheid reeds `n vaste beslag het, kan die wyse waarop leerders die opvoeder ervaar, help om `n strategie te bepaal. Die opvoeder wat `n aanvoeling vir reg en verkeerd het en wat in staat is om altyd beheers en regverdig op te tree, het min moeite om dissipline te handhaaf.

2.9.7 Stres as bydraende faktor

Agterna beskou, was die onderwys in die verlede `n betreklik streslose situasie. Maar nuwe tye het nuwe omstandighede gebring en toenemend word daar gepraat oor hoë stresvlakke van opvoeders (Van Eeden, 2001:27).

Volgens Travers en Cooper (1996:23) kan stres emosionele reaksies uitlok wat in die vorm van depressie, angs, hulpeloosheid, kwesbaarheid, onsekerheid, geïrriteerdheid, emosionele moegheid en lae selfbeeld insluit.

Volgens Rogers (1992:4) se studie, lei tot 70% van alle Londense opvoeders aan stres as gevolg van dissiplinêre probleme in hul klaskamers.

In Noordwes alleen het meer as 50 opvoeders in 2006 aansoek gedoen om die onderwys weens stres te verlaat. Engelbrecht, `n finansiële adviseur van Pretoria wat talle opvoeders se probleme met pensioene ná hul aftrede of mediese ontslag probeer oplos, meen daar is na raming meer as 6 000 opvoeders landwyd wat nog nie 55 jaar oud is nie, maar wat al medies ongeskik verklaar is - weens stres of stres-verwante redes (Rademeyer, 2006:1).

Stres by opvoeders word grootliks toegeskryf aan faktore soos groot klasse, dissiplinêre probleme, onbetrokke of afwesige ouers, prestasiegedrewenheid en die implementering van `n nuwe onderwysbeleid (Van Eeden, 2001:27).

Travers en Cooper (1996:7) stel die volgende voor as sekondêre faktore wat stres onder opvoeders bevorder:

- transformasie van die rol van die opvoeder in die gemeenskap;

- toenemende teenstrydighede in die rol wat die opvoeder in die klas behoort te vervul;
- onsekerhede oor die onderwyssisteem en kennis; en
- agteruitgang in die onderwys.

Stres spoel oor van een bron na `n ander, en op die einde vergestalt dit in psigologiese en fisieke probleme soos angs, depressie, uitbranding, maagsere, chroniese moegheid en dwelmmisbruik (Van Eeden, 2001:27). Volgens Travers en Cooper (1996:23) kan uitbranding by opvoeders voorkom as resultaat van `n langtermyn-effek van werkstres. Uitbranding neem drasties toe in die onderwys, hoofsaaklik as gevolg van negatiewe werksomstandighede, werkstres wat onafwendbaar blyk te wees en bronne soos werksbevrediging wat onbereikbaar voel vir die opvoeder.

Stres het ook `n invloed op die opvoeder se professionele en sosiale lewe en lei tot afwesigheid van werk, kommunikasieprobleme, toenemende konflik en ontoeganklikheid (Van Eeden, 2001:27).

Volgens Travers en Cooper (1996:25) kom stres en uitbranding toenemend voor by opvoeders as gevolg van:

- sosiale erkenning van opvoeders;
- buitensporige groot klasse;
- isolasie;
- vrees vir geweld;
- tekort aan klaskamerbeheer;
- dubbelsinnige rolle in die onderwys;
- beperkte professionele geleenthede; en
- tekort aan ondersteuning.

2.9.8 Ongestruktureerde klasse

By die Comprehensive High School in Natal, is daar tot 47 kinders in `n klas. In een Graad 10-klas, is `n derde van die leerders bó 20-jarige ouderdom. Oorvol klasse en klasse waar leerders met verskillende vaardigheidsvlakke is, maak doeltreffende onderwys moeilik. As gevolg van inklusiewe onderwys, is meriete-indelings buite die kwessie. Leerders van alle vlakke word saamgevoeg: ondermeer druipelinge, begaafde leerders, blindes en dowes. Daar word nie in ag geneem dat so `n klas nog steeds funksioneel moet wees nie. Die begaafde leerder word gou verveeld met die werk terwyl die swakker leerder eers veel later die werk onder die knie het. Om nie eens te praat van die bykomende taak met gestremdes nie.

Onhanteerbare dissipline mag dus die resultaat buite die opvoeder se beheer wees (Rademeyer, 2004(b):4). Daarom moet ons die rol van die leerders hierin ontleed.

2.10 REDES VIR 'N VERVAL IN DISSIPLINE ONDER LEERDERS

Houdings en opinies teenoor dissipline en straf het drasties verander die afgelope paar jaar (Squelch, 2000:5).

Janson (2003:131) wys daarop dat daar dikwels nagelaat word om aan leerders te verduidelik waarom daar van hulle verwag word om volgens bepaalde norme op te tree.

Sewe faktore wat leerders se gedrag kan bepaal, kom nou na vore, soos hieronder aangedui.

2.10.1 Leerders sien neer op opvoeders

Daar was `n tyd toe die opvoeder een van die gesiene gesagsfigure in sy/haar gemeenskap was (Van Eeden, 2001:27). Die onderwys is veronderstel om een van die eerbaarste professies te wees. Dit behels die vorming van jong breine om te ontwikkel in selfversekerde en vaardige denkers wat `n verskil aan die toekoms behoort te maak.

Alhoewel `n opvoeder `n meervoudige rol as opvoeder vervul – as opvoeder, maatskaplike werker, raadgewer en vertroueling – moet hy steeds negatiewe opmerkings trotseer. Hierdie opmerkings wissel vanaf geligte wenkbroue by die aanhoor dat hy `n opvoeder is, tot die blatante opmerking dat opvoeders meer vakansiedae as werksdae het (Rogers, 1992:9).

Ongelukkig het die onderwys sy status verloor. Die onderwys word as `n minderwaardige beroep geag en dikwels - juis daarom - beskou leerders hul meerderwaardig en minag hulle die gesag wat uitgeoefen word deur die opvoeder (Calitz, 2004:16).

Vir `n skool om positiewe dissipline te ontwikkel, behoort daar duidelike riglyne te bestaan wat die skool se norme en waardes reflekteer. Hierdie reëls behoort die balans tussen regte en verpligtinge te bepaal, `n verantwoordelike leer- en sosiale omgewing te verseker (Rogers, 1992:61).

2.10.2 Die opvoeder is nie meer die enigste bron van inligting nie

Baie jare lank was die opvoeder die enigste bron van kennis en inligting vir die leerder. Vandag, met moderne tegnologie en die Internet, doen kinders kennis op deur blootgestel te word aan ander bronne. Die belangrikheid van die onderwyssisteem word dus eenkant geskuif wanneer tegnologie die plek van die opvoeder inneem (Anon, 2005(a):12).

2.10.3 Leerders se finansiële status

Oosthuizen se navorsing het getoon dat dit maar sleg gaan op van die land se duurste en mees vooraanstaande skole. In `n plakkerskamp in Ikageng, Potchefstroom, en dus nie op `n vooraanstaande skool nie, het hy en sy span navorsers byvoorbeeld van die gedissiplineerdste leerders gevind (Jongbloed, 2003:19).

`n Anonieme skoolhoof van `n Vrystaatse primêre skool huldig dieselfde mening as Oosthuizen hier bo. Volgens hom veroorsaak kinders vanuit welgestelde ouerhuise die meeste probleme op sy skool. Sowat `n derde van sy skool se leerders kom vanuit gegoede ouerhuise, terwyl twee-derdes

vanuit voorheen benadeelde ouerhuise kom. Minder welgestelde ouers is ook meer gewillig om hande met opvoeders te vat en saam aan `n oplossing te werk wanneer `n dissiplinêre probleem op skool ontstaan. So ook is die skoolhoof van Paratus Primêr, Botha, van mening wanneer hy sê dat kinders vanuit welgestelde huise dikwels die opvoeders se gesag uitdaag (Anon, 2005(a):12).

Hattingh, opvoedkundige sielkundige van Johannesburg, sê dat `n gedrewendheid na materialisme `n groot oorsaak van dissiplinêre probleme is. Volgens haar kry tieners hopeloos te veel geld waarmee hulle hul maats probeer beïndruk en dan onder andere drank en dwelms daarmee koop (Rademeyer, 2003(a):8).

2.10.4 Gebrek aan respek teenoor opvoeders

Die primêre verantwoordelikheid van leerders is om te leer. Leerders moet hul opvoeders respekteer en hul heelhartige samewerking in elke aspek aan opvoeders gee (Davel, 2000:308).

Die afname in respek teenoor volwassenes is merkbaar aan die toeneem, in die besonder in die ouerhuise waar kinders min ontsag vir hul ouers toon. Botha, `n Pretoriase skoolhoof, meen een van die grootste oorsake van die dissiplinêre probleme wat op skole ervaar word, spruit daaruit dat ouers die opvoeders nie meer respekteer nie (Anon, 2005(a):12). Daarby is `n groeiende tendens dat ouers saam met hul kinders lieg om hulle uit die moeilikheid te hou. In plaas daarvan om die opvoeder se gesag te ondersteun, is ouers deesdae geneig om hulle eerder by hul kinders te skaar. Dit dui ook op die afname van respek in die onderwys (Rademeyer, 2003(a):8).

Du Toit, hoof van die Afrikaanse Hoërskool Germiston aan die Oos-Rand, meen ook dat kinders deesdae vir niemand meer respek of ontsag het nie (Anon, (2005(b):8).

Dit is belangrik dat leerders die opvoeder moet sien as die gesagsfiguur in die klaskamer en dat die leerders hierdie rol wat die opvoeder as gesagsfiguur speel, moet aanvaar en respekteer (Oosthuizen, 2006:5).

2.10.5 Gebrekkige gesinstrukture

Hattingh, die opvoedkundige sielkundige na wie hier bo verwys is, meen dat ouers moet wakker word en hul primêre rol as opvoeders besef. Terwyl ouers nie meer reëls neerlê of vir hul kinders `n navolgingswaardige voorbeeld stel nie (Rademeyer, 2003(a):8), voel kinders ongetwyfeld geborge en veilig wanneer redelike reëls en dissipline in plek is (Smit, 2006:1).

Van Staden skryf die agteruitgang in dissipline aan die probleme van die hedendaagse gesin toe. Hy sê dat, met beide ouers wat deesdae werk, kinders nie meer gehalte-aandag tuis kry nie (Fitzpatrick, 2005:13). Die oorsake van dissiplinêre probleme kan ook op maatskaplike vlak gesoek word: verbrokkelde gesinstrukture werk negatief op leerders in (Jongbloed, 2003:19).

Van Loggerenberg (2004:7) skryf dat dit moeilik vir kinders is om `n waardestelsel hul eie te maak in huise waar leer en lewe as gevolg van dubbelslagtigheid nie ooreenstem nie. Ouers verkondig die belangrikheid van die huisgesin vir die opvoeding van die kind, maar in die praktyk bestee al hoe meer ouers minder tyd aan die opvoeding van hul kinders.

Ouers kan maar gerus weet dat hulle net so verantwoordelik is vir hul kinders se swak gedrag soos die onderwysstelsel se klaarblyklike onvermoë om iets daaraan te doen (Anon, 2006:1).

2.10.6 Ontbrekende norme en waardes

Waardes verwys na dit waarna mens wil strewe. In `n oomblik wanneer iemand gekonfronteer word met `n realiteit en daarop moet reageer, bepaal sy waardes hoe hy daarop gaan reageer in so `n mate dat dit sal weerspieël wat hy as eerbaar, gewens en beskermingswaardig sien (Nieuwenhuis, 2007:9).

Volgens Hattingh kan daar nie verwag word dat dit met die jeug beter moet gaan voordat ouers self weer norme en waardes, ook binne gesinsverband, handhaaf nie (Rademeyer, 2003(a):8).

Die skoolhoof van die Afrikaanse Hoërskool Germiston meen die gebrek aan dissipline onder leerders is te wyte aan hul ouers. Wanneer `n kind wat hom/haar skuldig gemaak het aan wangedrag se ouers ingeroep word, is dit duidelik hoekom sulke gedrag plaasgevind het. Terwyl ouers soms nie eers opdaag om hul kinders se probleme te bespreek nie, laat tal van ander ouers weer toe dat hul kinders sulke swak gedrag in hul ouerhuise openbaar (Anon, 2005(b):8).

Gebrekkige dissipline op skole het sulke afmetings aangeneem dat skoolhoofde briewe aan ouers stuur om hulle te wys op hul plig om hul kinders goeie maniere, respek, dissipline en verantwoordelikheid te leer. Die hoof van die Hoërskool Die Burger aan die Wes-Rand en sy skool se bestuurspan stel `n werksdokument op om na probleme met dissipline te kyk, omdat sy skool die gebrek aan norme en waardes nie langer kan geduld nie (Rademeyer, 2003(c):11).

2.10.7 Gebrek aan invloedryke rolmodelle

Die National Union of Educators het bevind dat seuns tussen vyf en tien keer meer as meisies gedissiplineer moet word. Redes wat hiervoor aangevoer word, is `n al hoe groter afwesigheid van pa's wat sukkel om `n balans te vind tussen broodwinner en ondersteuner vir hul seuns. Nog `n rede is die afname in mans in die onderwys wat tot gevolg het dat seuns nie meer hierdie rolmodelle het nie (Rademeyer, 2003(b):5).

`n Opvoeder aan `n spogskool aan die Wes-Rand, meen dat skole die *aflaaiplek* vir `n verlore generasie kinders geword het. Sy sê dat ouers gemaklik in topposte sit en nie `n flenter omgee vir beskaafdheid, waardes en verantwoordelikheid nie. Volgens haar stel dit ouers instaat om mag te kry om te maak soos hulle wil en dat dit presies die swak voorbeeld is wat hul kinders kry (Rademeyer, 2004(a):6).

Ook op skole is baie opvoeders nie meer rolmodelle vir leerders nie. Oosthuizen is van mening dat die vennote in die opvoedingstaak – die opvoeders, die ouers, die leerders en die staat – almal gefaal het. Hy stapel die redes vir hierdie stelling op deur te noem dat opvoeders romantiese verhoudings met leerders aanknoop, toenemende verkragtings van leerders deur opvoeders plaasvind, slegte voorbeelde wat ouers vir hul kinders is en leerders wat vry voel om onder die beskerming van die Grondwet te doen wat hulle wil (Jongbloed, 2003:19).

2.11 OPSOMMING

Deur die literatuurstudie in hoofstuk 2 is vanuit die letterkunde, media, asook vakliteratuur gekyk na hoe dissipline onderrig op openbare skole beïnvloed. Dit is ook belangrik dat die leser daarop gewys is watter faktore bydraend is tot dissiplinêre probleme op openbare skole.

Die kort media-studie het ten doel gehad om standpunte en huidige verwikkelinge rakende dissipline op openbare skole te weerspieël sodat die leser perspektief kry oor die situasie waarin Suid-Afrikaanse opvoeders, leerders en openbare skole hulle bevind.

`n Voorbeeld vanuit die realistiese letterkunde is gebruik om aan te dui dat dissiplinêre probleme inherent tot die kind is en dat, indien self-dissipline nie aanwesig is nie, dissiplinêre probleme in groepsverband selfs kan vererger. Die betrokkenheid van volwassenheid is dus noodsaaklik in `n harmonieuse leeromgewing.

In hoofstuk 3 gaan daar na die onderwysregtelike aspekte rakende skooldissipline gekyk word.

HOOFSTUK DRIE

ONDERWYSREGTELIKE ASPEKTE RELEVANT TOT SKOOLDISSIPLINE

3.1 INLEIDING

Omdat die samelewing alleenlik kan floreer as daar orde is, is `n instrument ontwerp wat dit kan verseker. Hierdie instrument is wetgewing en dit omvat die reëls, wette, norme en beginsels waarvolgens mense moet leef (Beckmann, Klopper, Maree, Prinsloo & Roos, 1995:2).

Die Skolewet (84/1996) is van toepassing op alle openbare skole in Suid-Afrika. Dit poog om `n eenvormige sisteem vir die organisasie, beheer en finansiering van skole in Suid-Afrika te skep. Hierdie wet reflekteer die wense van die hele Suid-Afrikaanse populasie, aangesien alle belangstellendes, gemeenskappe, relevante inrigtings en liggame vooraf daaroor geraadpleeg is (Maithufi, 1997:263).

Die funksie van wetgewing is om die mens se gedrag te reguleer om `n harmonieuse en veilige omgewing te verseker. Skoolhoofde moet voortdurend poog om `n balans te handhaaf waar leerders, opvoeders, nie-onderwys personeel en ouers soveel vryheid moontlik gegun word, wat terselfdertyd die skool effektief laat funksioneer sonder onbillike inmenging of gedrag van enige individue (Dunklee & Shoop, 2002:3).

In Suid-Afrika staan alle wetgewing ondergeskik aan die Grondwet (1996) en alle Suid-Afrikaners is onderworpe daaraan. Benewens die Grondwet, is daar ook ander wetgewing wat `n invloed het op die onderwys.

Volgens Oosthuizen (2006:2) is die hele samelewing veel meer gedemokratiseer as in die verlede en word daar meer klem op menseregte gelê. Die beklemtoning van leerderregte het onder andere tot gevolg dat leerders baie meer van hul regte bewus is en nie sonder meer die gesag van die opvoeder aanvaar nie.

Dis moontlik dat baie opvoeders se verskraalde siening van dissipline blootgelê is toe lyfstraf afgeskaf is. Dit is egter ook so dat ons ons in `n gebroke wêreld bevind en dat daar gevalle gaan wees waar daar ferm teen wangedrag standpunt ingeneem moet word. In sulke gevalle is dit noodsaaklik dat die skoolbestuur die afwerende metodes met kundigheid en vaardigheid moet kan toepas (Oosthuizen, 2006:2).

In hierdie hoofstuk val die klem daarop om aan die leser te wys watter regte en verpligtinge leerders en opvoeders toekom. Daar word ook aandag geskenk aan afwerende metodes wat opvoeders kan aanwend ter ondersteuning van dissipline op hul skole.

3.2 FUNDAMENTELE REGTE VAN OPVOEDERS EN LEERDERS

Voordat daar na die individuele regte van leerders en opvoeders gekyk word, is dit belangrik om eers te kyk wat met *regte* bedoel word. Volgens Joubert en Prinsloo (2001:25), verwys regte na dit waarop `n persoon geregtig is. `n Goeie voorbeeld hiervan is wanneer `n persoon `n salaris ontvang vir werk wat hy verrig het.

Volgens wetgewing, is alle persone draers van regte en verpligtinge. `n Leerder het byvoorbeeld die reg op gehalte-onderwys, maar hy het ook die verpligting om skool by te woon en om produktief aan die leerproses deel te neem (Joubert & Prinsloo, 2001:25).

Ons bekyk vervolgens eers die regte van opvoeders en dan dié van leerders.

3.2.1 Regte van opvoeders

Die opvoeder as voog staan in die plek van ouers wanneer die kind vanuit sy ouerhuis beweeg om onder die beheer van die skool in te beweeg. Hierdie stand van sake is baie deeglik gegrondves in ons gemene reg, en as juridiese beginsel staan dit bekend as *in loco parentis* (Oosthuizen & Bondesio, 1988:66).

Die term, *in loco parentis*, verwys dus daarna dat die opvoeder die volgende funksies vervul:

- Die opvoeder het die reg op outoriteit
- Die opvoeder staan in `n toesighoudende hoedanigheid teenoor die leerder (Joubert & Prinsloo, 2001:83).

Volgens Nieuwenhuis (2007:209) verwys die *in loco parentis*-status ook daarna dat die opvoeder `n plig het om die fisiese en psigologiese veiligheid van leerders te verseker. Opvoeders behoort dus hiervolgens moontlike gevaarsituasies ten opsigte van leerders te identifiseer en só op te tree dat leerders beskerm word.

3.2.1.1 Grondwetlike regte van die opvoeder

Die Grondwet (1996) verskaf die raamwerk vir die skep van alle wette op nasionale en provinsiale vlakke (Lemmer & Badenhorst, 1997:387).

3.2.1.1.1 Menswaardigheid

- Artikel 10: Elkeen het ingebore waardigheid en die reg dat daardie waardigheid gerespekteer en beskerm word.

Vroulike opvoeders, veral ongetroudes, vind dit toenemend moeiliker om orde en dissipline te handhaaf in hul klasse. Dit vind ál meer plaas dat seuns min respek toon teenoor vroulike opvoeders. Seksuele teistering, seksuele misbruik, intimidasie en viktimisering van vroue in die onderwys tas hul menswaardigheid aan (Nieuwenhuis, 2007:177).

Opvoeders moet onthou dat die sosiale hiërargie verskil van kultuurgroep tot kultuurgroep. So kan iemand voel dat sy menswaardigheid aangetas word wanneer hy op `n oneerbare manier aangespreek word, terwyl die aanspreekvorm as heeltemal aanvaarbaar beskou word in die ander kultuurgroep (Nieuwenhuis, 2007:92).

3.2.1.1.2 Vryheid en sekerheid van die persoon

- Artikel 12(1): Elkeen het die reg op vryheid en sekerheid van die persoon.

Volgens hierdie wet, het elkeen die reg op liggaamlike en psigologiese integriteit (Davel, 2000, 306).

Dit is duidelik dat opvoeders hulself moet beskerm wanneer hulle teenoor leerders optree, aangesien onbillike en impulsiewe optrede teenoor leerders hul duur te staan kan kom (Lemmer & Badenhorst, 1997:389).

3.2.1.1.3 Vryheid van uitdrukking

- Artikel 16(1): Elkeen het die reg op vryheid van uitdrukking.

Opvoeders se vryheid van uitdrukking word beperk deurdat hulle altyd in die beste belang van die skool moet optree. Deur van vryheid van uitdrukking gebruik te maak, moet opvoeders onthou dat hulle nie die regte van ander mag aantas nie (Joubert & Prinsloo, 2001:87).

3.2.1.1.4 Arbeidsverhoudinge

- Artikel 23(1): Elkeen het die reg op billike arbeidspraktyke.
    - Artikel 23(2)(a): Elke werker het die reg om `n vakbond te stig en daarby aan te sluit.
    - Artikel 23(2)(b): Elke werker het die reg om aan die bedrywighede en programme van `n vakbond deel te neem.
    - Artikel 23 (2)(c): Elke werker het die reg om te staak.

Hoewel opvoeders die fundamentele reg het om byvoorbeeld deur middel van hulle vakbond aan `n wettige staking deel te neem, bly die etiese vraag of hulle nie dan aan die leerders se reg op ondrwys afbreuk doen nie,

3.2.1.1.5 Taal en kultuur

- Artikel 30: Elkeen het die reg om die taal van eie keuse te gebruik en om aan die kulturele lewe van eie keuse deel te neem, maar niemand wat hierdie regte uitoefen, mag dit doen op `n wyse wat met enige bepaling van die Handves van Regte onversoenbaar is nie.

Hierdie artikel het verreikende implikasies vir opvoeders van wie verwag word om vir multi-kulturele klasse skool te hou. Skole moet leerders se taal en kultuur erken en respekteer (Lemmer & Badenhorst, 1997:389).

3.2.1.1.6 Regverdige administratiewe optrede

- Artikel 33(1): Elkeen het die reg op administratiewe optrede wat regmatig, redelik en prosedureel billik is.

Opvoeders het dus self ook die reg om op `n billike wyse tydens dissiplinêre prosedures gehoor te word (Joubert & Prinsloo, 2001:91).

3.2.2 Die regte van leerders

In 1989 is die Konvensie vir Kinderregte aanvaar deur die Verenigde Nasies. Teen September 1995, het 178 lande al die Konvensie aanvaar. Die Konvensie vir Kinderregte stipuleer die basiese menseregte waarop kinders geregtig is. Dit word onderskryf deur basiese beginsels: die reg vir kinders om nie teen gediskrimineer te word nie, die reg om deel te neem aan besluite wat hul lewens beïnvloed en om gehoor te word, sowel as dat die beste belange van die kind altyd van primêre belang behoort te wees (Nieuwenhuis, 2007:33).

3.2.2.1 Die ouderdom van die leerder as determinant

Kinderregte het eers tydens die twintigste eeu ontwikkel. In 1948 is daar reeds bepaal dat onderwys gratis en verpligtend behoort te wees. Die ouderdom van `n kind moet in ag geneem word wanneer na kinderregte gekyk word. `n Graad 11 kind is meer aanspreeklik vir sy dade as `n Graad 1 kind.

Regsaanspreeklikheid kan volgens Oosthuizen, Rossouw en De Wet (2004:51, opgedateer deur die navorser self) soos volg saamgevat word:

Tabel 3.1: Regsaanspreeklikheid volgens ouderdom

OUDERDOM	MATE VAN AANSPREEKLIKHEID	IMPLIKASIES
0-7 (infans)	Geen	mag nie betrokke wees by regshandelinge nie
7-18 (pupillus)	Beperk	mag met toestemming betrokke wees by regshandelinge
18+ (volwasse)	volle	mag regshandelinge sluit

Die beperkinge op die kind se kapasiteit om aan regsverkeer deel te neem, is daarop gemik om hom, as gevolg van sy/haar gebrek aan die vereiste geestesgoedere, te beskerm (Prinsloo & Beckmann, 1987:66).

Om beperkte aanspreeklikheid te hê, is natuurlik ook tot die kind se eie voordeel. Aangesien die kind nog onbevoeg is om tot volle aanspreeklikheid gedwing te kan word, word hy natuurlik ook teen sy eie optrede beskerm (Kruger & Robinson, 1997:25).

Die Skolewet (84/1996) bevat geen definisie vir die woord *kind* nie. Om hierdie rede, word die gemenereg-definisie en -interpretasie hiervoor aangewend wanneer en waar dit relevant is. Die Skolewet (84/1996) definieer wel die term *leerder* soos volg: leerder verwys na enige persoon wat onderwys ontvang of verplig is om onderwys te ontvang (Maithufi, 1997:237).

Maithufi (1997:237) onderskei tussen twee tipes kinders volgens ons gemenereg, naamlik *infans* (0 – onder 7 jaar) en *impubes* (7 – 14 jaar).

Van der Vyver (1997:303) beklemtoon dit dat alhoewel daar vele kinderregte is, een uitgesonder kan word. Dat die *beste belange van `n kind* altyd in ag geneem behoort te word, is volgens hom van die grootste belang en moet altyd onthou word veral wanneer daar met leerders gewerk word.

3.2.2.2 Grondwetlike regte van die kind in die onderwys

Die Grondwet van Suid-Afrika (1996) het `n toenemende effek op die Suid-Afrikaanse onderwys (Nieuwenhuis, 2007:87). Daarom veral, gedurende die tydperk wat dit `n kind neem om te groei tot volwassenheid, moet die kind met

waardigheid hanteer word en moet daar onthou word dat die kind heelwat van die regte van `n volwassene geniet. Alle kinders behoort dan ook ingelig te word oor hul regte (Nieuwenhuis, 2007:34).

Volgens die Grondwet (1996), het kinders onder meer die volgende regte soos hieronder uiteengesit.

3.2.2.2.1 Gelykheid

- Artikel 9(1): Elkeen is gelyk voor die reg en het die reg op gelyke beskerming en voordeel van die reg.

- Artikel 9(3): Die staat mag nie regstreeks of onregstreeks onbillik teen iemand diskrimineer op een of meer gronde nie, met inbegrip van ras, geslagtelikheid, geslag, swangerskap, huwelikstaat, etniese of sosiale herkoms, kleur, seksuele georiënteerdheid, ouderdom, gestremdheid, godsdiens, gewete, oortuiging, kultuur, taal en geboorte.

Artikel 9 het nie net ten doel om gelykheid te bewerkstellig nie, maar ook om individue te beskerm teen diskriminasie. Daar mag nie teen iemand gediskrimineer word oor wie hy is, waarin hy glo of wat sy situasie in die lewe is nie (Nieuwenhuis, 2007:91).

Om gelyke behandeling aan alle leerders te gee en weer gelyke behandeling te ontvang, is `n kontroversiële, sosiale ideaal (Currie & de Waal, 2005:30).

Hierdie artikel is veral belangrik wanneer skole toelatingsvereistes saamstel. Wanneer `n kind toelating tot `n bepaalde skool verbied word, kom dit neer op onbillike diskriminasie. Alle leerders behoort gelyke regte te geniet (Oosthuizen *et al.*, 2004: 54).

Van der Vyver (1997:267) wys ook daarop dat, ingevolge hierdie artikel, elke persoon as individu gesien behoort te word en leerders met spesiale behoeftes moet die nodige hulp ontvang.

3.2.2.2.2 Menswaardigheid

- Artikel 10: Elkeen het ingebore waardigheid en die reg dat daardie waardigheid gerespekteer en beskerm word.

Volgens Currie en De Waal (2005:273) is menswaardigheid die bron van `n persoon se reg op vryheid en fisieke integriteit, waaruit verskeie regte vloei.

Wanneer opvoeders respek toon aan leerders en hul waardigheid erken, onderrig hulle respek vir die waardighed van ander mense (Oosthuizen *et al.*, 2004:53).

`n Belangrike doel van die skool se gedragskode is om elkeen se menswaardigheid te verseker en om respek vir ander te bevorder. Dit is dus belangrik om te onthou dat `n leerder se menswaardigheid nie aangetas word wanneer die opvoeder dissiplinêr teen hom optree nie. Die kind moet waardig behandel word en nie verkleineer word nie (Joubert & Prinsloo, 2001:121).

3.2.2.2.3 Vryheid en sekerheid van die persoon

- Artikel 12(1): Elkeen het die reg op vryheid en sekerheid van die persoon, waarby inbegrepe is die reg om –
    - (c): vry te wees van alle vorme van geweld van hetsy openbare, hetsy private oorsprong; en
    - (e): nie op `n wrede, onmenslike of vernederende wyse behandel of gestraf te word nie.

Artikel 12 bepaal dat elkeen die reg het op vryheid en sekerheid van die persoon, asook die reg op liggaamlike en psigologiese integriteit (Currie & de Waal, 2005:292). Dit sluit in die reg om nie mishandel te word, gemartel te word of op enige manier gestraf te word op `n wrede, onmenslike of vernederende manier nie (Joubert & Prinsloo, 2001:122).

Ook val die problematiek rakende lyfstraf onder hierdie artikel. Lyfstraf word as wreed beskou en dat dit nie `n afmeetbare bydrae maak tot wetlike doelwitte om `n kind op te voed nie (Nieuwenhuis, 2007:93).

3.2.2.2.4 Privaatheid

- Artikel 14: Elkeen het die reg op privaatheid, waarby inbegrepe is die reg dat –
    - (a): hul persoon of woning nie deursoek word nie;
    - (b): hul eiendom nie deursoek word nie.

Hierdie artikel is van die uiterste belang in die onderwys. Opvoeders het toegang tot baie vertroulike inligting rakende leerders. Spesiale sorg moet getref word dat inligting nie uitgelek word en dat die reg op privaatheid van die leerder nie geskend word nie (Joubert & Prinsloo, 2001:65).

Tog moet onthou word dat fundamentele regte nie absoluut is nie en onder sekere omstandighede wél beperk mag word. Dit is byvoorbeeld opvoeders se plig om leerders se veiligheid te verseker. As vermoed word dat leerders byvoorbeeld dwelms of wapens by hulle het, mag die opvoeder aanspraak maak op artikel 36 van die Grondwet (1996) en die leerling se reg op privaatheid op `n billike wyse beperk, aangesien dit sy en/of ander leerders se veiligheid kan bedreig (Joubert & Prinsloo, 2001:121).

Die reg op privaatheid is dus `n fundamentele beginsel, wat insluit die reg dat `n persoon of sy eiendom nie deursoek mag word nie, maar omdat situasies in skole soms deursoeking van die persoon of sy eiendom noodsaak (byvoorbeeld in die geval van gesteelde goedere), is dit genoegsame rede om privaatheid tot `n mate te beperk (Davel, 2000:306).

Tog bly die reg op privaatheid problematies op skool, aangesien skole dwelmmisbruik en die onwettige besit van wapens en ander onvanpaste materiaal, soos byvoorbeeld pornografie, moet aanspreek. Die reg op privaatheid mag dus deur opvoeders beperk word en opvoeders mag op grond van redelike vermoedens, besittings van leerders deursoek, met die voorbehoud dat dit onder andere in hul teenwoordigheid plaasvind (Nieuwenhuis, 2007:93).

3.2.2.2.5 Vryheid van godsdiens, oortuiging en mening

- Artikel 15(1): Elkeen het die reg op vryheid van gewete, godsdiens, denke, oortuiging en mening.

- Artikel 15(2)(c): Godsdiensbeoefening kan by staats- of staatsondersteunde instellings geskied, mits bywoning daarvan vry en vrywillig is.

Vóò 1994 was die Suid-Afrikaanse onderwyssisteem gebaseer op wat bekend gestaan het as *Christelike Nasionale Onderwys*. Kort daarna was dit nodig om die beleid te hersien om te verseker dat vryheid van godsdiens, oortuiging en mening seëvier, beskerm en bevorder word (Nieuwenhuis, 2007:94).

Hierdie artikel beskerm leerders daarteen om gedwing te word om deel te neem aan godsdienstige aktiwiteite wat teenstrydig is met hul oortuigings. Dit vereis dat skole geloofsdiversiteit erken en verbied amptenare om te verhoed dat leerders hul geloofsvryheid kan uitleef (Lemmer & Badenhorst, 1997:389).

3.2.2.2.6 Vryheid van uitdrukking

- Artikel 16(1): Elkeen het die reg op vryheid van uitdrukking.

Joubert en Prinsloo (2001:64) noem dit dat, alhoewel vryheid van uitdrukking 'n basiese reg is, totale vryheid van uitdrukking en spraak nie haalbaar in die skoolopset is nie. Die reg van 'n leerder om vryheid van uitdrukking te hê, word veral beperk in gevalle waar:

- dit die algemene orde en dissipline nadelig beïnvloed,

- vulgêre taal gebruik word,

- valshede versprei word; en

- dit wangedrag onder ander leerders aanmoedig.

Volgens Nieuwenhuis (2007:96) is die term *uitdrukking* baie wyd en dit sluit in:

- spraak (byvoorbeeld deelname aan debat),

- geskrewe woorde of publikasies (byvoorbeeld die gedrukte media); en
- simboliese handeling (byvoorbeeld die verbrand van `n vlag).

Dit is dus duidelik dat hierdie dinge baie nou verweef is met die onderwys, wat op sy beurt handel oor uitdrukking, oordra en ontvang van inligting en idees. Daarom behoort vryheid van uitdrukking toegelaat te word, tensy dit ontwrigtend is of die onderwysproses negatief beïnvloed (Nieuwenhuis, 2007:96).

3.2.2.2.7 Omgewing

- Artikel 24(a): Elkeen het die reg op `n omgewing wat nie skadelik vir hul gesondheid of welsyn is nie.

Die Grondwet (1996) gee aan elkeen die reg om in `n omgewing te wees wat nie skadelik vir sy/haar gesondheid of welsyn is nie. Opvoeders moet dus verwag dat daar moontlike gevaarsituasies vir leerders is en die nodige stappe doen om te verhoed dat leerlinge seerkry, asook toesien dat veiligheid reg toegepas word (Joubert & Prinsloo, 2001:60).

3.2.2.2.8 Spesiale regte as kind

Buiten die onderliggende waardes van menswaardigheid, gelykheid en vryheid, verskaf die Grondwet spesifieke regte aan kinders. In artikel 28 van die Grondwet (1996) is die volledige uiteensetting van kinderregte. Enkele belangrike artikels is die volgende:

- Artikel 28(1): Elke kind het die reg –
    - (d): om teen mishandeling, verwaarlosing, misbruik of vernedering beskerm te word. Kinders is kwesbaar en moet beskerm word teen mishandeling, verwaarlosing, misbruik en vernedering. In sommige gevalle, sal kinders selfs in veilige bewaring geplaas word om beskerm te word teen verdere voorvalle (Davis, Cheadle & Haysom, 1997:270).

- (f): om nie verplig of toegelaat te word om werk te verrig of dienste te lewer nie wat –
    - (i): onvanpas is vir `n persoon van daardie kind se ouderdom; of
    - (ii): `n risiko vir die kind se welsyn, opvoeding, liggaamlike of geestelike gesondheid of geestelike, morele of sosiale ontwikkeling inhou.

- Artikel 28(2): `n Kind se beste belang is van deurslaggewende belang in elke aangeleentheid wat die kind raak.

- Artikel 28(3): In hierdie artikel beteken *kind* iemand onder die ouderdom van 18 jaar.

Soos vroeër genoem, is artikel 28 van die Grondwet (1996) gebaseer op die Konvensie van Kinderregte van die Verenigde Nasies. Hierdie artikel fokus uitsluitlik op die kind se regte (Nieuwenhuis, 2007:97).

Gedurende straf, soos byvoorbeeld detensie, moet steeds onthou word dat kinders ook die reg het om só behandel te word dat dit menslik is en hul ouderdomme in ag geneem word (Beckmann *et al.*, 1995:55).

3.2.2.2.9 Onderwys

Buiten die onderliggende waardes van menswaardigheid, gelykheid en vryheid, verskaf die Grondwet spesifieke regte wat betref die onderwys:

- Artikel 29(1): Elkeen het die reg –
    - (a): op basiese onderwys, met inbegrip van basiese onderwys vir volwassenes;

Artikel 29 van die Grondwet (1996) maak voorsiening daarvoor dat elkeen `n reg het op onderwys. In terme van die Grondwet het elke persoon die reg op basiese onderwys – insluitende volwasse basiese onderwys en ook effektiewe toegang tot opvoedkundige inrigtings. Hierdie maatreël kom dus daarop neer dat die staat nie net `n verpligting het om onderwys te voorsien nie, maar ook

om toe te sien dat elkeen se substantiewe reg op basiese onderwys eerbiedig word (Maithufi, 1997:239).

Die term *basiese onderwys* verwys na leerbehoeftes wat ooreenkomstig die ouderdom en ondervinding van die leerder is, hetsy die leerder `n kind of volwassene is. Enige basiese onderwys moet ten minste die leerders van `n stewige agtergrond verskaf sodat hulle suksesvol kan wees in die samelewing. Hierdie agtergrond moet die noodsaaklike toerusting van geletterdheid asook wiskundige geletterdheid insluit (Davis *et al.*, 1997:296).

- Artikel 29(1)(b): op verdere onderwys, wat die staat, deur middel van redelike maatreëls, in toenemende mate beskikbaar en toeganklik moet maak.

- Artikel 29(2): Elkeen het die reg om in openbare onderwysinstellings onderwys te ontvang in die amptelike taal of tale van eie keuse waar daardie onderwys redelikerwys doenlik is. Ten einde doeltreffende toegang tot en verwesenliking van hierdie reg te verseker, moet die staat alle redelike alternatiewe in die onderwys, met inbegrip van enkelmediuminstellings, oorweeg.

Tog is daar `n beperking op bogenoemde ideaal. Dit is onmoontlik om altyd in almal se behoeftes te voorsien en daarom is dit soms onmoontlik om onderwys in die moedertaal te verskaf. Die klem op alternatiewe moontlikhede speel dus `n belangrike rol in die gevalle waar onderrig in die moedertaal onmoontlik is (Oosthuizen *et al.*, 2004: 60). Omdat die meeste skole multi-kultureel van aard is, is dit die Beheerliggaam van elke skool se taak om die taalbeleid van die skool te bepaal (Joubert & Prinsloo, 2001:62).

Artikel 6 van die Skolewet (84/1996) bepaal dat die Minister, deur middel van voorafgaande kennisgewing in die Staatskoerant, norme en standaarde vir taalbeleid op openbare skole mag bepaal. Artikel 6(2) bepaal egter dat `n skool se Beheerliggaam die taalbeleid van sy skool mag bepaal, onderhewig aan die Grondwet, Skolewet en ander toepaslike wetgewing (Maithufi, 1997:258).

Tóg betrek hierdie artikel nie nét kinders nie, maar ook hul ouers. Ouers is verplig om toe te sien dat hul kinders formele onderwys ontvang indien hul kinders van skoolgaande ouderdom is (Beckman *et al.*, 1995:19).

3.2.2.2.10 Kultuur-, godsdiens- en taalgemeenskappe

- Artikel 31(1): Persone wat aan `n kultuur-, godsdiens- of taalgemeenskap behoort, mag nie die reg ontsê word om saam met ander lede van daardie gemeenskap –
    - (a): hul kultuur te geniet, hul godsdiens te beoefen en hul taal te gebruik nie; en
    - (b): kultuur-, godsdiens- en taalverenigings en ander organe van die burgerlike gemeenskap te vorm, in stand te hou en daarby aan te sluit nie.

Artikel 7 van hoofstuk 2 (Skolewet, 84/1996) bepaal dat, onderhewig aan die Grondwet (1996) en ander toepaslike wetgewing, godsdienstige gebruike by die skool mag geskied onder hewig aan bepaalde reëls soos opgestel deur die Beheerliggaam. As sulke gebruike wél geskied, moet dit op `n regverdige basis geskied en totaal vrywillig bygewoon kan word. Alhoewel Beheerliggame die taalbeleid van `n openbare skool mag bepaal, moet so `n beleid ooreenstem met die artikel (Grondwet, 1996:art. 9) wat alle Suid-Afrikaners daarop wys om nie onregverdig te diskrimineer op grond van taal, ras of geloof nie (Maithufi, 1997:259).

3.2.2.2.11 Regverdige administratiewe optrede

- Artikel 33(1): Elkeen het die reg op administratiewe optrede wat regmatig, redelik en prosedureel billik is.

Hierdie artikel wys daarop dat alle leerders regverdig behandel moet word. Wanneer regstappe teen `n leerder gedoen word, moet die prosedure regverdig geskied (Oosthuizen *et al.*, 2004: 64).

Hierdie wet is van toepassing op skooldissipline. Alle administratiewe optredes moet wetlik, prosedureel regverdig en billik geskied (Davel, 2000:306).

`n Regverdige verhoor impliseer dat beide partye die geleentheid moet hê om sy/haar kant van die saak te stel voor `n onpartydige liggaam of persoon. `n Opvoeder wat regverdig optree, sal altyd toelaat dat die beskuldigde sy/haar kant van die saak stel (Joubert & Prinsloo, 2001:67).

Die gedragskode van `n skool moet regverdige administratiewe optredes wat leerders mag volg in `n dissiplinêre proses uiteensit. Dit behoort die belange van die kind te beskerm, asook elke ander party wat betrokke is by die dissiplinêre proses (Maithufi, 1997:258).

3.2.2.3 Regte van leerders vanuit die Skolewet (84/1996)

Leerders se regte word beskerm deur die Skolewet (84/1996). Voorbeelde hiervan is:

- leerders het `n reg op onderwys (Artikel 3 van die Skolewet – verpligte skoolbywoning),
- leerders het `n reg op gelykheid (Artikel 5 van die Skolewet – toelating tot publieke skole),
- leerders het `n reg op menswaardige behandeling (Artikel 10 van die Skolewet – verbod op lyfstraf),
- leerders se reg op vryheid van geloof word beskerm (Artikel 7 van die Skolewet – vryheid van geloof by publieke skole), en
- leerders se reg op regverdige administratiewe optrede word beskerm (Artikel 8(5) van die Skolewet –Gedragskode).

3.2.2.4 Uitbuiting van kinderregte

Skoolhoofde en opvoeders kry meer met leerders te doen wat in verset kom teen skoolreëls as gevolg van `n lewensklimaat wat die persoonlike regte en vryheid van die leerder op die spits dryf (Van Loggerenberg, 2004:7).

Rossouw en De Waal (2004:284-285) meen dat daar gewaak moet word teen die oorbeklemtoning van kinderregte ten koste van die regte van die opvoeder. Die oorbeklemtoning van kinderregte stel leerders in staat om vry te voel onder die beskerming van die Grondwet en die onderwyswetgewing en gevolglik allerlei gruwelikhede aan te vang. Vir Oosthuizen (in Jongbleod, 2003:19) is dit ook dalk waar van die probleme lê: dat opvoeders te huiwerig is om kinders te dissiplineer uit vrees dat hulle self in die moeilikheid kan kom.

In `n verslag deur die Menseregtekommissie, is die regte van leerders wat nie met verantwoordelikhede gepaardgaan nie, geopper. Die wanpersepsie oor leerders se regte lei daartoe dat opvoeders en skoolhoofde onwillig is om tugstappe te doen (Rademeyer, 2008:1).

Kock, voormalige rektor van die Durbanse Onderwyskollege, glo dat kinders deesdae alte bewus is van kinderregte. Hy sê dat dit beslis ook nie bevorderlik is vir `n kind of opvoeder se geestesgesondheid as `n kind die opvoeder se gesag uitdaag nie (Van Eeden, 2001:27).

Vervolgens kom relevante regsverpligtinge aan die beurt.

3.3 REGSVERPLIGTINGE VAN OPVOEDERS EN LEERDERS

Die persoon wat werk verrig, het `n verpligting om die werk na die beste van sy vermoëns en volgens die bepaalde verwagtinge en vereistes te verrig. `n Persoon mag dus op sy regte staan as hy die dienooreenkomstige verpligtinge nagekom het (Joubert & Prinsloo, 2001:25).

3.3.1 Verpligtinge van opvoeders

Volgens Pretorius en Lemmer (1998:27) het opvoeders die volgende algemene verpligtinge:

- Bevordering van die intellektuele en persoonlike ontwikkeling van leerders
- Bevordering van `n leerkultuur by leerders
- Onderskraging en lei van leerders in `n kultuur van menseregte
- Onpartydige optrede tydens hul interaksie met leerders
- Neem van die nodige stappe om professionalisme te handhaaf.

Joubert en Prinsloo (2001:85) fokus op die rol wat die nakom van opvoeders se verpligtinge kan speel om die individuele leerder geborge te laat voel:

- Leerders se Grondwetlike regte in ag te neem
- Toe te sien dat leerders veilig is
- Leerders van akademiese inligting te voorsien
- Leerders te lei in die bereiking van hul volle potensiaal
- Dissipline te handhaaf op skool.

Oosthuizen (2006:60) voeg die volgende verpligtinge van opvoeders teenoor leerders by, met die klem op die opvoeders se houding teenoor hulle werk:

- Om seker te maak dat onderrig en leer positief ervaar word
- Om te poog om te alle tye kalm en ontspanne te wees
- Om regverdig, voorspelbaar en konsekwent te wees
- Om eerder leerders se pogings as prestasies te beklemtoon
- Om positief te wees
- Om altyd goed voorbereid te wees vir `n les.

Benewens al bogenomede verpligtinge, is die fundamentele verpligtinge van die opvoeder *in loco parentis* boonop die volgende (Joubert & Prinsloo, 2001:97):

- Om doelwitte te bereik
- Om orde en dissipline deur middel van die gedragskode vol te hou
- Om `n veilige omgewing vir leerders te skep.

Dit is uit bogenoemde navorsers se werk (Pretorius & Lemmer, 1998; Joubert & Prinsloo, 2001; Oosthuizen, 2006) duidelik hoe belangrik die skep van `n leeromgewing is wat aan alle leerders geleentheid bied om na behore te vorder. Tog besef die leser nou opnuut hoeveel en hoe swaar die verpligtinge is wat op die opvoeder se skouers rus.

Aangesien ouers verplig word om hul kinders skool toe te stuur, is dit benewens alles ook die opvoeder se plig om *in loco parentis* op te tree en toe te sien dat die leerder veilig is in sy skoolomgewing (Joubert & Prinsloo, 2001:97).

3.3.2 Verpligtinge van leerders

Volgens artikel 8(2) en (4) (84/1996) en Oosthuizen (2006:60), het leerders die volgende verpligtinge wat hulle moet nakom:

- Om na opvoeders te luister
- Om positief op redelike versoeke te reageer
- Om aan klasaktiwiteite deel te neem
- Om ongemak of spanning direk en duidelik aan die opvoeder te kommunikeer.

Dit val op dat, anders as wat tal van leerders en ouers dalk mag dink, leerders bepaalde verpligtinge moet nakom. Dit herinner aan die feit dat die uitoefen

van regte gewoonlik hand-aan-hand-gaan met die uitvoer van spesifieke verpligtinge.

3.3.2.1 Relevante verpligtinge vanuit die Skolewet

Hoofstuk 2 van die Skolewet (84/1996), fokus op die regte en verpligtinge van leerders, toegang tot en uitsetting van openbare skole, taalbeleid en die implementering van `n skool se verteenwoordigende leerderraad (Maithufi, 1997:256).

Vir die tydperk wat `n leerder op skool en as deel van skool-aktiwiteite deurbring, tree opvoeders as voogde van die leerders op. Aan die personeel word outoriteit gegee om te mag optree teenoor leerders onder hul beheer. Leerders, daarteenoor, moet hulself aan hierdie beheer en outoriteit onderwerp, moet gehoorsaam wees en alle instruksies en opdragte uitvoer wat aan hulle gegee word (Shaba, 1998:31).

3.3.2.1.1 Verpligte skoolbywoning

- Artikel 3(1): Elke ouer moet toesien dat die kind vir wie hy verantwoordelik is, skool bywoon vanaf die eerste skooldag van die jaar waarin die kind sewe word tot die laaste skooldag waarin die leerder 15 word of in die negende graad is (afhangende van watter een die eerste geskied).

`n Leerder wat toegelaat is tot `n openbare skool is, tensy hy/sy vrygeskeld is daarvan, verplig om so `n skool by te woon. Dit is elke ouer se verantwoordelikheid om toe te sien dat dit dienooreenkomstig geskied. Ouers wat versuim om hieraan gehoor te gee, kan wetlik vervolg word en selfs gevangenisstraf opgelê word – afhangend van die omstandighede waarin die versuim plaasgevind het (Maithufi, 1997:258).

3.3.2.1.2 Gedragskode

- Artikel 8(4): Alle leerlinge is verplig om gehoorsaam te wees aan die gedragskode van die skool wat hy bywoon.

Tesame hiermee, bepaal artikel 8(1) dat `n gedragskode saamgestel kan word na konsultasie met leerders, ouers en opvoeders van `n openbare skool. Artikel 8(2) wys ook daarop dat `n gedragskode daarop gerig behoort te wees om `n gedissiplineerde en doelgerigte skoolomgewing te skep en daaraan toegewy moet wees om daardeur by te dra tot die verbetering en instandhouding van die kwaliteit van die leerproses. `n Gedragskode behoort dus primêr die veilige belange van leerders op die hart te dra (Maithufi, 1997:259). Die vraag is nou of regte ingeperk mag word, soos byvoorbeeld om dissipline op skool te bevorder.

3.4 BEPERKING VAN FUNDAMENTELE REGTE

Opvoeders het `n reg om sekere regte te beperk terwyl leerders op skool is, met die voorbehoud dat dit om goeie redes beperk word (Lemmer & Badenhorst, 1997:389). Uit die Grondwet (1996) blyk die volgende aspekte:

- Artikel 36(1): Die regte in die Handves van Regte kan slegs kragtens `n algemeen geldende regsvoorskrif beperk word in die mate waarin die beperking redelik en regverdigbaar is in `n oop en demokratiese samelewing gebaseer op menswaardigheid, gelykheid en vryheid, met inagneming van alle tersaaklike faktore, met inbegrip van –

  a) die aard van die reg;

  b) die belangrikheid van die doel van die beperking;

  c) die aard en omvang van die beperking;

  d) die verband tussen die beperking en die doel daarvan;

  e) `n minder beperkende wyse om die doel te bereik;

  f) die aard van die reg;

  g) die belangrikheid van die doel van die beperking;

  h) die aard en omvang van die beperking;

  i) die verband tussen die beperking en die doel daarvan; en

j) `n minder beperkende wyse om die doel te bereik.

- Artikel 36(2): Behalwe soos in subartikel (1) of in enige ander bepaling van die Grondwet bepaal, mag geen regsvoorskrif enige reg wat in die Handves van Regte verskans is, beperk nie.

Daar moet onthou word dat veral wanneer vryheid ter sprake is, regte deur artikel 36 beperk word wanneer die persoon sy regte onredelik en onregverdigbaar aanwend (Oosthuizen *et al.*, 2004: 56).

Die redes waarom `n reg beperk word, moet buitengewoon goed wees. Die beperking moet regverdigbaar wees en ook `n definitiewe doel dien (Currie & De Waal, 2005:164).

Só erken die Grondwet (1996) `n kind se reg op basiese onderwys, maar terselfdertyd word die kind se reg beperk wanneer hy hom skuldig maak aan wangedrag en sodoende verhoed dat ander leerders se reg op onderwys kan geskied of dat die opvoeder sy onderrigtaak kan uitvoer (Nieuwenhuis, 2007:100).

Wanneer daar `n redelike vermoede bestaan dat `n leerder byvoorbeeld wapens of dwelms aan hom het, verbeur hy sy reg op privaatheid en mag hy deursoek word (Oosthuizen *et al.*, 2004: 57).

Sekere regte van kinders word ter wille van hulle eie welsyn ingeperk. Die rede waarom dit gedoen word is omdat daar besef word dat kinders tekortskiet aan onderskeidingsvermoë. Dit beteken dat kinders dikwels `n tekort toon aan diskresie en rasionele denke weens hul onvolwassenheid en onverantwoordelike dade (Joubert & Prinsloo, 2001:59).

Geen reg is absoluut nie en dit mag dus beperk word as daar `n goeie rede daarvoor bestaan. Dit is verál nodig om beperk te word as `n persoon, deur middel van die uitoefening van sy reg, skade doen aan `n ander se fundamentele regte (Currie & De Waal, 2005:185). Watter billike rigsnoer kan daargestel word om alles ordelik en regverdig vas te lê?

3.5 'N REGSGELDIGE GEDRAGSKODE

Ingevolge artikel 8 van die Skolewet (84/1996) moet die Skool Beheerliggaam `n gedragskode vir leerders opstel wat daarop gemik is om `n gedissiplineerde, ordelike omgewing – bevorderlik vir onderrig en leer – daar te stel. Opvoeders behoort goed op hoogte te wees met die inhoud van die skool se gedragskode ten einde behoorlike leerdergedrag in die klas en die skoolterrein te kan bevorder (Oosthuizen *et al.*, 2005:78).

3.5.1 Omskrywing van wat `n gedragskode is

Die term *gedragskode* is afgelei van die Latynse begrip *conductus*, wat beteken, om jouself op `n sekere manier te gedra (Davel, 2000:203). Dit kan dus gesê word dat `n gedragskode spesifiek verwys na die gedrag, optrede en houdings van leerders op `n skool. Die gedragskode is daarom `n geskrewe uiteensetting van reëls en beginsels rakende dissipline (Davel, 2000:203).

Artikel 8 van die Skolewet (84/1996) vereis dat die Beheerliggaam van elke skool `n gedragskode vir leerders moet saamstel. Hierdie reëls moet ten doel hê om `n gedissiplineerde en doelgerigte skoolomgewing te skep, toegewy aan die verbetering en handhawing van die kwaliteit van die leerproses (Oosthuizen, 2006:209).

`n Openbare skool mag nie `n gedragskode implementeer voordat daar met leerders, ouers en opvoeders van die skool beraadslaag is nie (Davel, 2000:291).

Die gedragskode van `n skool is `n stel bindende reëls en beginsels wat sekere morele standaarde en waardes reflekteer wat die gedrag, optrede en uitlatings van leerders reguleer (Joubert & Prinsloo 2001:124). `n Gedragskode wat aan die nodige regsvereistes voldoen, bied veral aan die onderwysbestuurder `n stewige regsbasis waarop hy die orde op die skool kan bestuur (Oosthuizen, 2006:74).

Die gedragskode van `n skool beskerm die belange van leerders en enige ander partye wat betrokke mag wees in dissiplinêre prosedures (Joubert & Prinsloo, 2001:27). Miskien is die belangrikste aspek van die gedragskode vir die opvoeder geleë in die feit dat dit `n vorm van wetgewing is en gevolglik afdwingbaar is (Oosthuizen, 2006:74).

3.5.2 Die doel van `n gedragskode

`n Gedragskode moet ten doel hê om `n gedissiplineerde skoolomgewing te skep wat bevorderlik is vir effektiewe onderrig en leer. Die gedragskode moet leerders inlig oor watter gedrag gehandhaaf moet word. Die fokus is dus op positiewe dissipline (Squelch, 2000:19).

Volgens Davel (2000:305) is die doel van `n gedragskode drieledig:

- om positiewe dissipline te bevorder;
- om self-dissipline te bevorder; en
- om voorbeeldige gedrag uiteen te sit wat leerdergedrag sal reguleer.

`n Gedragskode wat deur alle relevante partye opgestel is, het `n direkte invloed op die dissiplinêre mag wat opvoeders het. Die hoofdoel van `n gedragskode is om in die onderwys orde te skep en te reguleer, asook om te verseker dat `n veilige omgewing vir beide opvoeder en leerder geskep word (Louw, 1993:161).

Die doel van `n gedragskode is om `n skoolomgewing te skep wat gedissiplineerd en doelgerig is. Hierdie reëls is daarop gemik om die gemeenskaplike belange van die volgende groepe te dien (Joubert & Prinsloo, 2001:124):

- leerders, tussen hulself en ander;
- leerders, op skool (as organisasie); en
- leerders en hul opvoeders.

3.5.3 Pilare waarop `n gedragskode gebou moet word

Davel (2000:204) meen dat, alhoewel elke skool sy eie gedragskode moet saamstel, alle gedragskodes tóg aan sekere wetlike aspekte moet voldoen. Die volgende wette dien as grondslag vir gedragskodes:

- Skolewet (84/1996)
- Grondwet (1996)
- Provinsiale onderwyswette van die onderskeie provinsies

3.5.4 Vereistes vir `n geldige gedragskode

`n Skool se gedragskode behoort `n beskrywing van vorme van wangedrag te bevat sowel as die optrede van die skool (insuitend straf) vir elke vorm van wangedrag. Sekere voorbeelde van goeie gedrag mag ook ingesluit word in die gedragskode (Joubert & Prinsloo, 2001:124).

`n Gedragskode mag slegs ná deeglike konsultasie met leerders, ouers en opvoeders van `n bepaalde skool geïmplimenteer word. Die onderskeie rolspelers in hierdie proses moet in gedagte hou dat die gedragskode gerig moet wees op die skep van `n gedissiplineerde en doelgerigte skoolomgewing (Maithufi, 1997:259).

Volgens Oosthuizen (2006:74) moet beheerliggame die onderstannde nege vereistes in gedagte hou wanneer `n gedragskode saamgestel word.

3.5.4.1 Binne die regsraamwerk

Gedragskodes moet geformuleer word binne die raamwerk van huidige wetgewing en regulasies en moet gehoor gee aan regverdigheid en billikheid (Louw, 1993:161).

`n Gedragskode mag nie teenstrydig wees met die Grondwet (1996) of enige ander wette, soos byvoorbeeld die Skolewet nie (Oosthuizen, 2006:74).

Volgens Afdeling 8 van die Skolewet (84/1996) moet die volgende in ag geneem word by die opstel van `n gedragskode:

- Na konsultasie met die ouers, leerders en opvoeders van die skool kan `n Beheerliggaam `n gedragskode implementeer.
- Die doel van `n gedragskode is om `n gedissiplineerde en doelgerigte skoolomgewing te skep wat gerig is op die bevordering en behoud van kwaliteit in die leerproses.
- Die Minister van Nasionale Onderwys mag, na onderhandeling met die Raad van Onderwysministers, riglyne neerlê wat beheerliggame in ag moet neem met die opstel van die skool se gedragskode.
- Geen leerder is vrygeskeld van die nakom van die reëls in die skool se gedragskode nie.
- Gedragskodes moet voorsiening maak vir die verloop van die dissiplinêre proses teen leerders wat reëls oortree.

3.5.4.2 Ooreenstemming met kulturele milieu

`n Skool funksioneer in `n bepaalde ouergemeenskap wat sy eie kultuur, waardes, norme en gebruike het. Die Beheerliggaam moet hierdie dinge in ag neem wanneer hy `n gedragskode wil saamstel (Joubert & Prinsloo, 2001:131).

Skole waar leerders en opvoeders van verskillende kulture teenwoordig is (soos voormalige Model C-skole), sukkel meer as ander skole met dissipline. Die verskeie kulture skep vreemdheid en onsekerheid en dit is asof die vreemdheid onrus veroorsaak en dan uiting in swak gedrag vind. Rossouw (2204:426) meen dat maatskaplike oorsake buite die skool ook `n rol speel. Gesinstrukture wat verbrokkel, het `n negatiewe uitwerking op leerdergedrag, wat dan ook direk lei tot dissiplinêre probleme.

Die godsdienstige grondmotief en die lewens- en wêreldbeskouing van die ouergemeenskap moet nie uit die oog verloor word nie (Oosthuizen, 2006:75).

3.5.4.3 Billikheid, regverdigheid en redelikheid

Hierdie drie aspekte is veral van belang in die geval van dissiplinêre optrede teenoor `n leerder. Daar moet onthou word dat almal gelyke behandeling moet ontvang. Dit lei ook daartoe dat die *audi alteram partem*-reël toegepas moet word: luister na albei kante van die saak. Die dissiplinêre verhoor moet regverdig verloop en die besluite na afloop van die verhoor moet redelik wees (Joubert & Prinsloo, 2001:131).

Enkele aspekte wat van belang is om billikheid daar te stel, sluit die volgende in (Oosthuizen, 2006:75):

- Daar moet oorweging geskenk word aan die ernstigheidsgraad van die oortreding en watter stappe regverdigerwys teen die oortreder gedoen behoort te word.

- Die leerder (in ernstiger gevalle bygestaan deur sy ouers) se kant van die saak moet aangehoor word.

- Die opvoeder moet genoeg aandag aan die saak skenk en nie oorhaastig besluite neem nie.

3.5.4.4 Ingestel op onderrig en leer

Die primêre doel van `n skool is om effektiewe onderrig en leer aan alle leerders te verskaf. Die formulering van die gedragskode moet gerig wees op die bereiking van die primêre doel: onderrig (Joubert & Prinsloo, 2001:133).

Die gedragskode moet hom daarom toespits op die verbetering en instandhouding van die kwaliteit van die leerproses (Maithufi, 1997:259).

Opvoeding is grootliks gerig op die karakter- en persoonlikheidsontwikkeling van die leerder, terwyl *onderwys* te make het met die skolastiese vorming van die leerder (Oosthuizen, 2006:75).

3.5.4.5 Geïndividualiseer per skool

Elke skool is verantwoordelik daarvoor om sy eie gedragskode te implementeer. Om hierdie rede sal die ontwerp en inhoud van skool tot skool verskil (Squelch, 2000:21).

Gedragskodes maak oor die algemeen nie voorsiening vir individualisering nie. Daarom moet die gedragskode saam met die skoolreëls funksioneer, waarbinne daar ruimte geskep kan word vir individualisering (Joubert & Prinsloo, 2001:133).

Volgens Oosthuizen (2006:76) is een van die potensiële nadele van enige reël (hier `n gedragskode) dat dit nie voorsiening maak vir die besondere nie, maar eerder afgestem is op die algemene. Dit is dus van belang om die besondere aard en vermoëns van die spesifieke leerders sover moontlik `n deurslaggewende rol te laat speel in die samestelling van `n gedragskode. Verskillende tipes skole se gedragskodes behoort dus te verskil van mekaar.

Tóg moet daar ook onthou word dat geen leerder vrygeskeld mag word van die nakoming van alle reëls soos in die gedragskode uiteengesit nie (Maithufi, 1997:259).

3.5.4.6 Omvattendheid

`n Skool se gedragskode moet so volledig moontlik wees. Die onvolledigheid van `n gedragskode kan byvoorbeeld maklik aanleiding gee tot misverstande en/of wanvertolkings by leerders (Oosthuizen, 2006:76). Die gedragskode moet goed uiteengesit en maklik verstaanbaar wees ten einde misverstande onder leerders te vermy (Joubert & Prinsloo, 2001:133).

3.5.4.7 Wetlike wysiging

Die gedragskode bly van krag totdat dit ongeldig verklaar is, verander is of vervang is op `n wetlike wyse (Joubert & Prinsloo, 2001:133).

By die wysiging van `n skoolreël moet die nuwe reël(s) uiteraard ook voldoen aan die voorgemelde vereistes (Oosthuizen, 2006:76).

3.5.4.8 Tydperk vir kennisname

Alle skoolreëls moet onder die geskrewe aandag van die betrokke partye gebring word binne `n redelike tyd voor dit van krag is, sodat die betrokke partye genoegsame tyd kan hê om daarop te reageer (Joubert & Prinsloo, 2001:133).

3.5.4.9 Geskrewe dokumente

Benewens die feit dat die gedragskode op skrif gestel word, moet `n afskrif daarvan ook aan die leerders voorsien word (en ook aan hul ouers) (Oosthuizen, 2006:76).

3.5.5 Die inhoud van `n gedragskode

In terme van artikel 8 van die Skolewet (84/1996) kan `n gedragskode alleenlik aanvaar word nadat deeglike konsultasie met leerders, ouers en opvoeders plaasgevind het. Die Beheerliggaam van die skool moet seker maak dat die volgende in die gedragskode verskyn (Joubert & Prinsloo, 2001:125):

- `n voorwoord waarin die waardes gereflekteer word van die voorwoord van die Skolewet (84/1996);
- `n verwysing na die wetlike outoriteit waarop die gedragskode gebaseer is, byvoorbeeld die Grondwet (1996);
- `n lys beginsels en waardes wat die basis van die kode vorm;
- `n beskrywing van gunstige gedrag wat van leerders verwag word;
- `n lys wat sekere vorme van wangedrag (wat verbode is) beskryf;
- `n beskrywing van die omstandighede waaronder die gedragskode geld;
- moontlike vorme van straf en ander optredes in geval van verontagsaming van die kode;

- reëls oor die dissiplinêre proses wat gevolg sal word in geval van dissiplinêre optredes; en
- beginsels rakende die aanklag van kriminele wangedrag deur `n leerder.

3.5.6 Voordele van `n gedragskode

Volgens Oosthuizen (1998:31) hou gedragskodes ten minste die onderstaande sewe voordele vir skole in.

3.5.6.1 Dissipline-handhawing

Die gedragskode is noodsaaklik wanneer `n onderrig- en leerkultuur in die skool geskep moet word. Groot getalle leerders maak dit noodsaaklik om hulle te onderwerp aan bepaalde reëls. Vir `n skool om `n veilige instansie te wees waar leerders onderrig kan word, behoort dissipline gehandhaaf te word (Joubert & Prinsloo, 2001:128).

3.5.6.2 Wetlike sekerheid

Volgens hierdie vereiste, behoort die reëls so geformuleer te word dat almal kan verstaan wat hul regte en verpligtinge is (Joubert & Prinsloo, 2001:128).

3.5.6.3 Konsekwentheid

Dit is belangrik dat daar konsekwente optrede teenoor oortreders van die gedragskode is. Duidelik gedefinieerde reëls gee leerders ook `n mate van konformiteit met die hantering van verskeie soorte oortredings. Dit gee leerders `n gevoel van sekuriteit, aangesien elkeen presies weet hoe om op te tree (Joubert & Prinsloo, 2001:128).

3.5.6.4 Redelike en regverdige optrede

Die konsep *regverdigheid* het betrekking op die dissiplinêre proses wat gevolg is voor `n bevinding gemaak word. *Redelikheid* het betrekking op die bevindings wat gemaak is ná die verloop van die dissiplinêre proses. Die gedragskode, in hierdie sin, dien as `n maatstaf vir regverdige optrede (Joubert & Prinsloo, 2001:129).

Prosedures moet regverdigbaar wees om te verseker dat leerders nie gestraf word vir dade wat hul nie gepleeg het nie (Squelch, 2000:24).

3.5.6.5 Reguleer van roetine aktiwiteite

`n Groot deel van die daaglikse aktiwiteite op `n skool berus op `n vaste patroon of roetine om orde te handhaaf en om aktiwiteite te kan loods. Meer orde en koördinasie kan geïmplementeer word in die daaglikse aktiwiteite van `n skool deur middel van `n deeglik beplande gedragskode (Joubert & Prinsloo, 2001:129).

3.5.6.6 Skep van `n veilige omgewing

Wanneer leerders by die gedragskode hou, word `n ontspanne en veilige omgewing geskep wat leerders in staat stel om op hul skoolwerk te konsentreer. Hierdie veilige omgewing gee weer aan opvoeders `n mate van sekuriteit en sekerheid in hul houding teenoor leerders (Joubert & Prinsloo, 2001:129).

3.5.6.7 Bereik van doelwitte

`n Gedragskode wat in lyn met die doelwitte, soos vervat in die missie van die skool, opgestel is, kan effektief bydra om daardie doelwitte te bereik (Joubert & Prinsloo, 2001:129).

3.5.7 Nadele van `n gedragskode

Volgens Joubert en Prinsloo (2001:129) bevat gedragkodes op skole ook die onderstaande twee nadele.

3.5.7.1 Foutiewe implementering

Omdat die afdwingbaarheid van die gedragskode op meer as een persoon se skouers rus, is daar altyd die moontlikheid dat die implementering daarvan nie konsekwent geskied nie. Opvoeders moet daarteen waak om nie onkonsekwent in die toepassing daarvan te wees nie. Te streng toepassing, byvoorbeeld, mag die gevoel van onbuigbaarheid skep wat die gevoel van onredelikheid en onsimpatiekheid mag skep (Joubert & Prinsloo, 2001:129).

3.5.7.2 Onpersoonlikheid van die reëls

Reëls maak nie voorsiening vir individuele voorvalle of gevalle nie, en mag onregverdig voorkom. Die gedragskode dek die algemene omstandighede en kan nie voorsiening maak vir individuele voorvalle nie. Wat wel `n verskil kan maak, is hoe die skoolreëls toegepas word. Hierdie individuele toepassing stel opvoeders in staat om elke geval op grond van meriete te beoordeel (Joubert & Prinsloo, 2001:129).

Na dit alles gesê is, moet die kern van die probleem by die leerders nou aandag geniet.

3.6 DISSIPLINÊRE PROBLEME BY LEERDERS

Hoewel die voorkoming van leerderwangedrag die ideaal is, dwing die onderwyswerklikheid dikwels die opvoeder in `n ander rigting. Veral ernstiger vorme van leerderwangedrag verg dat afwerend – en soms baie streng – opgetree moet word . Dit is dus belangrik dat opvoeders bewus moet wees van afwerende dissiplinêre metodes wat gebruik kan word om dissiplinêre probleme hok te slaan (Oosthuizen, 2006:73).

3.6.1 Wat is wangedrag by leerders?

Wangedrag verwys na gedrag wat onaanvaarbaar is (Oosthuizen, 2006:106) en het `n negatiewe effek op die leerder self en/of op ander leerders. Hierdie tipe gedrag het `n striemende effek op die sukses van onderwysdoelwitte asook op die algemene dissipline in die skool en moet daarom deur dissiplinêre maatreëls beperk word (Davel, 2000:310).

Volgens Pretorius en Lemmer (1998:46) is wangedrag onder leerders selde die resultaat van `n enkele faktor, maar eerder die produk van die interaksie van die leerder met sy/haar psigologiese, fisiese en sosiaal-sielkundige omgewing. Die sosiaal-sielkundige omgewing sluit faktore in soos siektes, wanvoeding en temperament.

3.6.2 Vorme van wangedrag

Volgens Joubert en Prinsloo (2001:125) moet Beheerliggame die volgende vorme van wangedrag in gedagte hou wanneer hulle in hul gedragskode die vorme van wangedrag stipuleer:

- aantas van die waardigheid en ander regte van mede-leerders en opvoeders;
- ongewenste gedrag, insluitend rassisme, seksisme, haatspraak teenoor ander;
- teistering teenoor ander, insluitend seksuele teistering;
- immorele gedrag;
- in besit van, gebruik of verkoop van gevaarlike wapens, dwelms, alkohol, pornografiese materiaal of gesteelde eindom;
- bakleiery of om iemand te dreig;
- om met opset skool eiendom of ander se eiendom te beskadig;
- ongehoorsaamheid teenoor skoolreëls, byvoorbeeld afwesigheid, die rooster, eksamenreëls;
- miskenning van die kleredragreëls;
- aansporing tot geweld of ontwrigting van enige skoolaktiwiteit;
- alle vorme van oneerlikheid of valse verklarings;
- enige kriminele oortreding, soos byvoorbeeld diefstal, verkragting, moord; en
- om onder die invloed van dwelms of alkohol by die skool of tydens skoolaktiwiteite te wees.

Dit blyk duidelik dat `n skool se gedragskode vooruit behoort te antisipeer watter tipes wangedrag algemeen verwag sou kon word by die leerders van `n bepaalde skool. Anders sou die gedragskode bloot net in nóg `n geskrewe dokument ontaard.

3.6.3 Dissiplinêre maatreëls relevant tot die hanteer van wangedrag

Volgens Pretorius en Lemmer (1998:47) behoort opvoeders onmiddellik ferm, vol selfvertroue en entoesiasme op te tree met die eerste tekens van dissiplinêre ontwrigting in die klaskamer.

Volgens Davel (2000:310) is die doel van dissiplinêre maatreëls om leerders te lei om onafhanklike besluite te neem en sodoende `n harmonieuse leeromgewing vir leerders te skep. Dit is daarom noodsaaklik dat dissiplinêre prosedures aan die volgende vier kriteria voldoen:

- Regverdigheid
- Billikheid
- Redelikheid
- Wettigheid

Volgens Oosthuizen (2006:73) bestaan die hantering van wangedrag uit:

- `n formele- of informele gesprek;
- algemene verbale dissiplinêre stappe;
- algemene nie-verbale dissiplinêre stappe; en
- uiteindelike skorsing of uitsetting.

Die volg van `n bepaalde proses of prosedure, wat stapsgewys van minder ernstige wangedrag tot die ernstigste vorms van wangedrag loop, sal aan al die betrokke partye veilige parameters bied.

3.6.4 Die dissiplinêre proses

Volgens Davel (2000:312) behels die dissiplinêre verhoor drie vlakke van dissiplinêre aksies, elk gekombineer met sy eie vorme van sanksies:

- Vlak 1: mondelinge waarskuwing,
- Vlak 2: skriftelike waarskuwing,
- Vlak 3: dissiplinêre waarskuwing.

Voordat `n drastiese stap soos skorsing of uitsetting plaasvind, moet daar konkrete bewyse wees dat vlak 1-3 vóór die dissiplinêre proses plaasgevind het.

3.6.4.1 Doel van die dissiplinêre proses

Die dissiplinêre proses het ten doel om korrektiewe maatreëls in te stel en om die beskuldigde en ander betrokkenes op te voed om die gewenste gedrag, waardes en gesindhede aan te leer (Oosthuizen, 2006:87).

3.6.4.2 Tydige kennisgewing

Volgens Oosthuizen (2006:87) behoort daar in beginsel ten minste vyf dae kennis gegee te word van `n ondersoek ten opsigte van ernstige oortredings en ten minste veertien dae (twee weke) vir oortredings wat skorsing of uitsetting tot gevolg sou kon hê. Die kennisgewingstydperk moet deur die partye benut word om die feite van die saak vas te stel en voor te berei vir die dissiplinêre proses. Daar is twee primêre redes waarom daar ag geslaan behoort te word op genoegsame tyd:

- Genoeg tyd is eerstens nodig vir die leerder om kennis te neem van die feite en bewerings teen hom/haar.
- Tweedens is tyd nodig om voor te berei vir so `n verhoor.

3.6.4.3 Volledige, verstaanbare kennisgewing

Volgens Oosthuizen (2006:88) is dit nodig dat die volgende kennisgewing aan leerders wat aangekla word sowel as aan hul ouers gegee word:

- Die presiese klag teen die leerder
- Die datum, plek en tyd van die beweerde oortreding(s)
- Die erns van die oortreding(s)
- Die tydperk wat hulle het om voor te berei
- Die datum, tyd en plek van die beoogde dissiplinêre ondersoek.

Dit is ook raadsaam om die ouer in te lig dat die leerder verteenwoordig of bygestaan kan word en dat daar vereis word dat die ouer die verhoor bywoon Oosthuizen, 2006:89).

3.6.4.4 `n Billike geleentheid om gehoor te word

`n Leerder wat deur `n dissiplinêre optrede geraak word, moet `n redelike geleentheid gegun word om gehoor te word. Die gedragskode mag bepaal of regsverteenwoordiging tydens `n dissiplinêre verhoor toegelaat word. Die ouderdom van die leerder, die ingewikkeldheid van die feite en die erns van die gevolge kan ook help bepaal of verteenwoordiging nodig is (Oosthuizen, 2006:89).

Natuurlik geld die *audi alteram partem* beginsel ten alle tye in die verhoor. Die beskuldigde moet genoegsame geleentheid gegun word om sy kant van die saak te stel (Oosthuizen *et al.*, 2005:66).

Soos met alle gevalle waar sake verhoor word, hetsy in `n hof of voor `n dissiplinêre liggaam of selfs voor `n enkele besluitnemer, moet die verhoor billik wees (Oosthuizen, 2006:89).

Wetgewing bepaal dat optredes en besluite wat veral ten opsigte van dissiplinêre kwessies geneem word, altyd regverdig moet wees. Ook leerders

het dus die reg om regverdig behandel te word. Hierdie optrede het veral te doen met prosedureel billike optrede. Alle dissiplinêre ondersoeke en optredes, byvoorbeeld, behoort streng volgens die voorgeskrewe prosedure te verloop (Oosthuizen *et al.*, 2005:65).

3.6.5 Beskikbare stappe in die dissiplinêre proses

Volgens Pretorius en Lemmer (1998:47) moet die opvoeder die volgende riglyne in gedagte hou wanneer leerders gestraf moet word:

- Straf leerders in geval van herhaalde wangedrag.
- Baseer straf op `n waarskuwing.
- Moenie uitstel nie – straf onmiddellik, indien moontlik.
- Straf in lyn met die oorsprong van die beweerde oortreding.
- Wees regverdig, konsekwent en ferm met die uitdeel van die straf.

Tal van leerders het die wanopvatting dat hul fundamentele regte hulle beskerm teen dissiplinêre optredes by hul skole (Davel, 2000:291).

3.6.5.1 Formele of informele gesprek

`n Sorgsame vermaning moet plaasvind waartydens fyner besonderhede van die kind in ag geneem word. Hierdie vermaning kan in die algemeen of spesifiek met betrekking tot `n voorval tydens `n formele of informele gesprek plaasvind (Davel, 2000:312).

3.6.5.2 Verbale dissipline

Volgens Oosthuizen (2006:81) kan die opvoeder van onder meer die volgende moontlikhede gebruik maak om dissipine in die klaskamer af te dwing:

- die afwissel van stemtoon en spraaktempo;
- `n luider stem;

- kort en kragtige uitdrukkings, soos *bly stil*;
- humorsin en sarkastiese opmerkings;
- nie-spesifieke teregwysings, waarskuwings en dreigemente;
- deurgee van die saak aan die skoolhoof; en/of
- `n telefoniese- of persoonlike gesprek met die ouers/versorgers.

3.6.5.3 Algemene vorme van nie-verbale dissipline

Volgens Davel (2000:313) kan die volgende nie-verbale dissiplinêre stappe ook oorweeg word om klaskamerdissipline te bevorder:

- isoleer die leerder, deur hom/haar byvoorbeeld te skei van die res van die klas;
- maak sekere voorregte afhanjklik van goeie gedrag;
- reël `n detensie-sessie vir die leerder(s) ná skool;
- skors die leerder(s) tydelik van `n spesifieke skoolaktiwiteit, soos `n rugbywedstryd;
- gee bykomende werk aandie leerder(s) as straf;
- kry die leerder(s) binne oogkontak; en
- gee lyftaal tekens aan die leerder, soos gesigsuitdrukkigs.

3.6.5.4 `n Dissiplinêre verhoor

Volgens Strahan en Turner (1987:225), behoort daar op die volgende aspekte gefokus te word tydens `n dissiplinêre verhoor:

- Leerders moes vooraf reëls ontvang waarin ongewenste gedrag gestipuleer word.

- Oortreders moet `n geskrewe kennisgewing ontvang waarin die aanklag(te) uiteengesit word.
- Die kennisgewing moet betyds gegee word sodat die leerder genoegsame tyd het om vir die verhoor voor te berei.
- Leerders is geregtig op `n regverdige verhoor, wat die volgende insluit:
    - genoegsame inligting oor die aanklag teen die leerder;
    - `n behoorlik verteenwoordigende komitee wat die verhoor behartig;
    - die leerder moet kans gegun word om sy/haar kant te stel; en
    - leerders moet kan appelleer teen die komitee se beslissing.
- die bevindings van die komitee moet duidelik uiteengesit word.

Volgens Bray *et al.* (1989:44), is daar sekere regsreëls wat die reëls van natuurlike geregtigheid genoem word en waarby gehou moet word wanneer daar dissiplinêr teenoor `n leerder opgetree word:

- Die leerder moet die geleentheid kry om sy/haar kant van die saak te stel.
- Enige oorweging wat teen hom/haar kan tel, moet aan hom/haar bekendgemaak word sodat hy/sy `n verdediging kan voorberei.
- Die opvoeder behoort redes te verskaf vir sy/haar optrede teen die leerder, anders kan die leerder nie `n doeltreffende verdediging voorberei nie.
- Irrelevante feite en oorwegings mag nie die proses beïnvloed nie.
- Die dissiplinêre proses moet onbevooroordeeld en onpartydig geskied.

3.6.5.5 Skorsing en uitsetting

Skorsing van leerders is gewoonlik `n straf wat opgelê is nadat `n leerder hom/haar skuldig gemaak het aan bepaalde wangedrag. Skorsing is tydelik van aard en die skorsingstydperk hang van die beweerde oortreding af.

Uitsetting is van meer definitiewe aard en het meer permanente nagevolge vir die leerder (Nice, 1986:180).

Die Skolewet (84/1996) maak voorsiening vir die skorsing en uitsetting van leerders in Hoofstuk 2, artikel 9 en verg oor die algemeen dat skorsing en uitsetting as die laaste stappe in die dissiplinêre proses geneem moet word. Wanneer skorsing of uitsetting oorweeg word, word die veiligheid van `n groep leerders opgeweeg teenoor die veiligheid van `n individuele oortreder. `n Fyn balans moet dan gehandhaaf word tussen die veiligheid van die groep, asook `n gunstige skoolklimaat aan die een kant, en die belange van `n individuele leerder aan die ander kant (Joubert & Prinsloo, 2001:141).

Daar moet ook onthou word dat dissiplinêre maatreëls toekomsgerig behoort te wees, terwyl skorsing en uitsetting maatreëls is wat gerig is op die verlede. Daarom is dit van uiterste belang dat skorsing en uitsetting met groot omsigtigheid gedoen moet word (Oosthuizen, 2006:82).

3.6.5.5.1 Skorsing

Skorsing kan gebruik word om leerders te straf wat skoolreëls oortree en gedragsprobleme openbaar in gevalle waar die oortreding nie uitsetting regverdig nie. Skorsings kan wissel vanaf kort-termyn weiering van skoolbywoning tot die ontneming van voorregte (Cambron-McCabe, McCarthy & Thomas, 2004:235).

Skorsing is die tydelike weiering van toelating tot `n skool. Gewoonlik gaan skorsing aan uitsetting vooraf (Joubert & Prinsloo, 2001:140).

Leerders mag slegs geskors word deur die Beheerliggaam nadat `n behoorlike dissiplinêre proses die leerder skuldig bewys het aan die beweerde oortreding (Maithufi, 1997:259).

Daar is wel verskillende skorsingmetodes wat skole kan gebruik. Sommige skole skors `n leerder totdat die leerder se ouers skool toe kan kom. Hierdie metode kan effektief wees wanneer ouers onmiddellik reageer op die skool se

versoek. Ongelukkig kan die leerder selfs meer benadeel word wanneer ouers die besoek bly uitstel (Condon & Wolff, 1996:155).

In terme van artikel 9(1) van die Skolewet (84/1996) mag `n Beheerliggaam `n leerder van sy skool skors. Maithufi (1997:258) noem dit dat hierdie artikel bepaal dat, ná `n regverdige verhoor, `n Beheerliggaam enige van die volgende twee skorsingsmaatreëls mag gebruik:

- Skorsing wat nie langer as een week duur nie (as korrektiewe maatreël)
- Skorsing wat in oorleg met die Hoof van die Departement gereël– hangende `n besluit of die leerder deur uitsetting geraak gaan word.

Bogemoende is aan die volgende voorwaardes onderhewig (Oosthuizen, 2006:209):

- Die leerder moes `n regverdige verhoor gehad het voor die oplegging van die skorsing.
- Die leerder mag, na die voltooiing van die verhoor, nie geskors word vir meer as een week nie.
- Skorsing moet geag word as korrektiewe maatreël.
- Die tydperk van skorsing mag alleenlik een week oorskry as uitsetting `n aanbeveling was en die Beheerliggaam wag op `n besluit van die Direkteur-Generaal van die betrokke provinsiale onderwysdepartement (in ag genome dat die wagtydperk nie een week oorskry nie).

3.6.5.5.2 Uitsetting

Uitsetting is die permanente ontslag van `n leerder van `n betrokke skool (Oosthuizen, 2006:82).

Leerders wat só optree dat hulle die ordelike funksionering van `n skool ontwrig, het `n uiters negatiewe invloed op die res van die leerders en behoort in uiterste gevalle aan uitsetting onderwerp te word (Davel, 2000:314).

Uitsetting is `n relevante metode van straf wanneer `n leerder skuldig bevind is aan ernstige wangedrag. Voorbeelde hiervan is: geweld, diefstal, ernstige vandalisme, besit en/of gebruik van wapens, betrokkenheid in `n kriminele aktiwiteit en besit en/of gebruik van dwelms (Cambron-McCabe *et al.*, 2004:230).

`n Leerder mag slegs deur uitsetting geraak word as die proses deur die department goedgekeur is nadat die leerder aan ernstige wangedrag skuldig bevind is ná `n regverdige verhoor (Maithufi, 1997:259).

Die Direkteur-Generaal van die provinsiale onderwysdepartement is die enigste persoon by magte om te besluit of `n leerder aan uitsetting onderwerp behoort te word (Oosthuizen, 2006:209).

Volgens die Skolewet (84/1996) mag `n leerder of sy ouer appelleer teen sy/haar uitsetting. Artikel 9(5) bepaal dat die Hoof van die Departement alternatiewe reëlings moet tref vir die leerder se plasing in `n openbare skool indien die leerder nog onderhewig is aan verpligte skoolbywoning en hy/sy geraak is deur uitsetting van `n bepaalde skool (Maithufi, 1997:261).

Wanneer `n leerder deur uitsetting geraak word, moet onthou word dat dit onvanpas is om hierdie maatreël aan die einde van `n skooljaar in werking te laat tree, aangesien die leerder se reg op onderwys dan benadeel word. Daar moet ook alternatiewelike reëlings getref word as `n leerder steeds verplig is om skool te gaan, sodat die skoolloopbaan voltooi kan word (Condon & Wolff, 1996:155).

Volgens die Skolewet (84/1996) word bepaal dat `n leerder van `n openbare skool slegs uitgesit mag word as:

- dit deur die Hoof van die Departement gedoen word, en
- as die leerder skuldig bevind word aan ernstige wangedrag ná `n regverdige verhoor.

Uitsetting kan dus slegs geskied na `n regverdige verhoor en ook net in gevalle van gedrag waar `n leerder homself/haarself skuldig maak aan ernstige wangedrag (Maithufi, 1997:260).

3.6.6 Prosedurele maatreëls betrokke by `n tugverhoor

Volgens artikel 8 van die Skolewet (84/1996) behoort bepaalde prosedures gevolg te word wanneer `n leerder dissiplinêr aangekla word weens wangedrag. Die volgende riglyne moet dus gevolg word:

- Artikel 8(6): `n leerder moet vergesel word deur sy/haar ouer of `n persoon wat deur die ouer aangewys is, na die dissiplinêre verrigtinge.
- Artikel 8(7): die verhoor se kriteria moet verseker dat:
  a) leerders toegelaat is op `n regverdige basis;
  b) daar geen onbillike diskriminasie teenoor leerders is nie;
  c) die toelating regverdig is teenoor die individuele leerder asook teenoor die ander leerders in die klaskamer;
  d) erkenning gegee word aan die taal- en kultuurdiversiteit sowel as die ekonomiese agtergrond;
  e) aandag gegee is aan die verskille tussen dorp- en townshipskole; en
  f) die fisiese, psigologiese en verstedelike ontwikkeling van die kind in ag geneem is.

Die prosedure wat daartoe aanleiding gee dat `n leerder geskors of uitgesit word, moet ooreenstem met die *audi alteram partem* reël. Dit beklemtoon weereens hoe belangrik dit is dat die leerder sy kant moet kan stel (Maithufi, 1997:260).

Slegs ná skuldigbevinding, mag die leerder, of sy ouers, appelleer (Van der Vyver, 1997:289).

3.7 OPSOMMING

Daar is in hierdie hoofstuk gewys dat wetgewing `n ingrypende effek het op openbare skole in Suid-Afrika.

Daar is aangedui vanuit die literatuurstudie dat opvoeders sowel as leerders verpligtinge het. Hierdie verpligtinge dui aan dat daar verwag word dat beide partye aan sekere verwagtinge sal voldoen.

Dit is ook duidelik vanuit die literatuurstudie dat beide leerders en opvoeders regte het wat hulle beskerm. Daar moet onthou word dat alle wetgewing onderworpe is aan die Grondwet. Daarom moet die Grondwet as maatstaf gebruik word wanneer ander wetgewing ontwerp en geïmplementeer word.

Dit is ook belangrik om ag te slaan op Artikel 36 van die Grondwet wat bepaal dat regte beperk kan word. Wanneer leerders dus deur middel van hul regte ander leerders se regte belemmer, is dit `n ernstige misdryf en behoort die skool teenoor so `n leerder op te tree.

Deur middel van hul regte, kan opvoeders ook aanspraak maak op sekere behandeling en optrede. Regte kom elke persoon dus toe en mag nie sommer verbeurd verklaar word nie. Die korrekte prosedure moet daarom in plek wees indien daar tot so `n stap oorgegaan wil word.

In hierdie hoofstuk is ook gekyk na maatreëls wat skole in plek behoort te hê ten einde dissipline in openbare skole effektief te kan toepas.

Wanneer beheerliggame `n behoorlike gedragskode vir leerders saamgestel het, hang dit van die opvoeders en skoolbestuur af van hoe effektief die gedragskode afgedwing word.

Leerders behoort vanuit die gedragskode te weet watter gedrag toelaatbaar is en watter optrede hulle sal skuldig maak aan wangedrag.

Dit moet ook duidelik wees watter gevolge leerders in die oë staar en watter dissiplinêre stappe teen hulle gedoen sal word in die geval van wangedrag.

Die gedragskode is `n belangrike wapen in die opvoeder se hand wat hom beskerm teen wangedrag in sy klas.

In hoofstuk 4 sal gekyk word na die empiriese navorsingsontwerp en die metode wat in hierdie studie gebruik is.

HOOFSTUK VIER

EMPIRIESE NAVORSINGSONTWERP

4.1 INLEIDING

Die vorige hoofstukke het ten doel gehad om `n agtergrond te skep vir die navorsing:

- Hoofstuk 2 handel oor die invloed van dissipline op die onderwys.
- Hoofstuk 3 fokus op onderwysregtelike aspekte soos dit relevant sou wees tot hierdie studie.

In hierdie hoofstuk, word die ontwerp van die empiriese navorsing bespreek. Aandag sal geskenk word aan die navorsingsontwerp en die samestelling van die vraelys as meetinstrument. Die loodsstudie, populasie en analise van die data word ook bespreek.

4.2 NAVORSINGSMETODE

Oor die algemeen word kwantitatiewe navorsing gebruik om vrae te beantwoord wat handel oor verhoudings tussen meetbare veranderlikes met die doel om te verduidelik, voorspel en om `n verskynsel te beheer (*cf.* 1.5.2.1). In teenstelling hiermee, word kwalitatiewe navorsing gebruik om `n verskynsel te verstaan vanuit die deelnemer se oogpunt (Leedy & Ormrod, 2005:179).

Volgens Dilbert (2006:1) het kwantitatiewe navorsing die volgende eienskappe:

- Die data word gewoonlik met behulp van gestruktureerde instrumente ingesamel.
- Die navorsing word toegespits op `n steekproef wat verteenwoordigend is van die algehele populasie.

- Die navorsing kan dikwels herhaal word, wat dan `n groter mate van betroubaarheid toevoeg tot die bevinding.

- Die analise van sulke gekwantifiseerbare data geskied meer objektief as wat byvoorbeeld die geval is by kwalitatiewe data.

By hierdie soort navorsing weet die navorser presies waarna hy op soek is en word alle aspekte van die studie deeglik bestudeer voordat die data verkry word. Kwantitatiewe navorsers gebruik bepaalde instrumente, soos vraelyste, om die data in te samel (Neill, 2007:1).

Kwantitatiewe navorsing gebruik metodes waar daar met syfers en enigiets meetbaar gewerk kan word (Wikipedia, 2007:4).

4.2.1 Kwantitatiewe navorsingsmetode

Volgens Hopkins (2006:1), poog kwantitatiewe navorsing om die verhouding tussen een ding en `n ander te bepaal. Dilbert (2006:1) meen dat kwantitatiewe navorsing algemeen beskou word as `n meer formele ontwerp. Kwantitatiewe navorsing is die sistematiese en wetenskaplike bestudering van verskynsels en hul verhoudings. Hierdie vorm van navorsing word wyd gebruik in sosiologie, joernalisme, wetenskap en die onderwys. Dit word veral aangewend om verskillende aspekte van die onderwys te bestudeer (Wikipedia, 2007:1).

Vir kwantitatiewe navorsing word die proses begin met `n hipotese en teorieë. Daarná word `n formele instrument (byvoorbeeld vraelyste) gebruik om die data bymekaar te maak. Daar word van `n kwantitatiewe navorser verwag om onpartydig en objektief in die studie te staan (Neill, 2007:6).

Kwantitatiewe navorsing het ten doel om verskynsels te identifiseer, dit te tel en te konstrueer in statistiese modelle ten einde te beskryf wat waargeneem is (Neill, 2007:1).

Die kwantitatiewe navorsingsmetode word verdeel in twee kategorieë, naamlik beskrywende en eksperimentele kwantitatiewe navorsing (Hopkins, 2006:1).

In hierdie studie word gebruik gemaak van beskrywende kwantitatiewe navorsing (*cf.* 1.5.2.1)

4.2.2 Beskrywende kwantitatiewe navorsingsontwerp

`n Beskrywende studie beskryf en interpreteer dit wat *is*. Dit handel oor verhoudings wat bestaan, opinies, prosesse wat steeds geskied, effekte wat sigbaar is of nuwe giere wat besig is om te ontwikkel. Dit is dus duidelik dat hierdie tipe navorsing gepas is wanneer gedrag ondersoek word (Best & Khan, 2003:114).

Beskrywende navorsing beoog nie om `n situasie te verander onder navorsing nie (Leedy & Ormrod, 2005:179). In hierdie soort navorsing word dinge gemeet soos dit is en die waarneming en bevindings word gemaak sonder enige beïnvloeding (Hopkins, 2006:2).

4.3 DIE DOEL VAN HIERDIE EMPIRIESE NAVORSING

Die doel van hierdie verhandeling se empiriese navorsing was om te bepaal:

- hoe opvoeders en leerders dissipline op skool ervaar;
- wat opvoeders se kennis rakende beleidsaspekte met betrekking tot dissipline is;
- die persepsies wat leerders handhaaf rakende gedrag;
- watter maatreëls in plek is op skole om dissipline te handhaaf;
- hoe opvoeders en leerders die invloed van swak dissipline op skool ervaar;
- watter aanbevelings gemaak kan word om opvoeders te bemagtig om dissipline beter te beheer; en
- watter faktore `n invloed het op die dissipline op skole.

Die literatuurstudie, tesame met die navorsing, het belangrike aspekte rakende dissipline en die invloed daarvan op skole aan die lig bring.

4.4 NAVORSINGSINSTRUMENT

Vir hierdie navorsing is daar besluit op twee gestruktureerde vraelyste (*cf.* 1.5.2.2 & 4.2.2) as navorsingsinstrumente.

4.4.1 Die vraelys as navorsingsinstrument

`n Vraelys behels die insameling van inligting van een of meer groepe mense. Hierdie proses behels die opstel en verspreiding van `n reeks vrae aan gewillige deelnemers (Leedy & Ormrod, 2005:183). Vraelyste kom in verskillende vorme: feitelik of opinie-gebaseerd, kolomme waar antwoorde deur middel van `n kruisie aangedui word tot vraelyste waar respondente vryelik en breedvoerig hul antwoorde kan vaspen (Milne, 1999:1).

In Afdeling A is die biografiese vrae aan deelnemers gevra, terwyl Afdelings B, C en D hoofsaaklik persepsies getoets het.

4.4.2 Wat is `n gestruktureerde vraelys?

`n Gestruktureerde vraelys behels `n standaard stel vrae wat vooraf opgestel is met die doel om antwoorde van deelemers te meet (Leedy & Ormrod, 2005:184; *cf.* 1.5.2.2).

4.4.3 Voordele van vraelyste

Maree (2007:157) meen dat vraelyste die volgende voordele inhou:

- Dit is goedkoop en maklik om in te vul.
- Deelnemers kan dit voltooi wanneer dit hulle pas.
- Deelnemers kan seker maak van hul persoonlike inligting indien dit verlang word.
- Daar is niemand wat die persoon beïnvloed nie, soos wel in die geval van `n onderhoud sou kon gebeur.

Leedy en Ormrod (2005:185) voeg die volgende voordele wat vraelyste inhou by:

- `n Groot hoeveelheid mense kan betrek word.
- Vraelyste kan uitgestuur word, wat beteken dat dit ook afstand-gerig kan plaasvind.
- Deelnemers kan vrae eerlik beantwoord, aangesien dit maklik anoniem beantwoord kan word.

Vir Milne (1999:2) is dit kommerwekkend dat daar baie meer nadele as voordele ten opsigte van vraelyste is. Die feit dat vraelyste baie objektief is, groot hoeveelhede respondente betrek kan word by die studie en dat vraelyste `n relatief vinnige metode is om inligting te bekom, is volgens hom uitstekende voordele wat vraelyste bied.

4.4.4 Nadele van vraelyste

Ongelukkig is dit ook waar dat daar nadele verbonde is aan vraelyste. Volgens Leedy en Ormrod (2005:185) hou vraelyste die volgende nadele in:

- Nie alle vraelyste word weer teruggestuur nie.
- Nie alle deelnemers verteenwoordig die populasie nie.
- Die effektiewe beantwoord van die vraelyste hang grootliks af van hoe goed die deelnemers se lees- en begripsvermoëns is.
- Vrae kan maklik misverstaan word.
- Navorsers is beperk tot `n spesifieke hoeveelheid vrae en kan dus nie soveel data vasstel soos hulle sou wou nie.

Milne (1999:1) noem dit ook dat die sukses van `n vraelys ongelukkig afhang van die deelnemers. Hy meen dat deelnemers belangrike inligting mag weerhou of selfs vergeet. Vir hom is dit ook problematies dat deelnemers dikwels nie die vraelyste vrywilliglik beantwoord nie. Antwoorde is dan soms nie eerlik nie en dikwels neig sulke deelnemers om negatiewe opinies te gee.

Maree (2007:157) wys daarop dat die vraelyste ook nog die volgende nadele kan inhou:

- Die omstandighede waarin die vraelyste voltooi word, kan nie beheer word nie.
- Die deelnemer kan nie bygestaan word as hy iets nie verstaan nie.
- Die deelnemer kan die vraelys aan iemand anders gee om te voltooi.
- Deelnemers kan ongeletterd wees.

4.4.5 Riglyne by die saamstel van `n vraelys

Volgens Maree (2007:159) behoort die navorser aandag aan die volgende aspekte te skenk wanneer hy die vraelys ontwerp:

- Voorkoms van die vraelys
- Afdelings binne die vraelys
- Bewoording van elke vraag
- Die keuse van respons-kategorieë.

Borgatti (1996:1) is van mening dat die vraelys nie opgestel kan word sonder om vooraf aan belangrike aspekte gehoor te gee nie. Volgens hom moet die navorser ag slaan op die volgende riglyne:

- Rig woordeskat en taalgebruik op die populasie.
- Vermy dubbelsinnige vrae.
- Vermy vrae wat deelnemers na `n bepaalde antwoord lei.
- Elke vraag moet slegs een aspek toets.
- Moenie aanvaar dat die deelnemer `n kenner op die gebied is nie.
- Moenie die deelnemer buite sy bevoegdheid probeer vasvra nie.

- Vermy negatiewe stellings in vrae.

Leedy en Ormrod (2005:190) voeg die volgende riglyne by wat betrekking het tot die samestelling van `n vraelys:

- Hou vrae so kort as moontlik.
- Vermy aannames in die vrae.
- Maak seker die vrae is logies.
- Besluit vooraf watter antwoorde verkies word.
- Verseker dat deelnemers die vraelyste so maklik moontlik kan beantwoord.
- Verskaf duidelike instruksies.
- Gee `n rede waarom die deelnemers se deelname belangrik is en stel die doel van u navorsing duidelik.
- Die vraelys moet professioneel lyk.
- `n Loodsstudie is van die uiterste belang om moontlike foute, onduidelike en/of dubbelsinnige vrae te identifiseer.
- Maak seker dat die vraelys die nodige kwessies aanspreek.

4.4.6 Geldigheid en betroubaarheid

Geldigheid is van die uiterste belang in beskrywende studies. Geldigheid bepaal hoe goed of sleg die veranderlike dit toets wat getoets behoort te word. (Hopkins, 2000:5). Maree (2007:147) meen dat `n instrument alleenlik geldig is as dit meet wat gemeet behoort te word. Geldigheid behels die kwaliteit van die instrument wat die data moet bymekaarmaak of die prosedure wat dit in staat stel om te meet wat gemeet behoort te word (Best & Kahn, 2003:277).

Hierdie studie se geldigheid is bereik deur te let op *inhoudelike geldigheid* en *konstrukgeldigheid*. Die *inhoudelike geldigheid* is ondersteun deur die feit dat die spesifieke items op die vraelys saamgestel is streng volgens die definisie van elke afdeling. *Konstrukgeldigheid* is ondersteun deur die feit dat, hoewel die vraelyste uit verskillende afdelings bestaan het, die betrokke afdelings almal gefokus was op aspekte wat van belang is ten opsigte van die invloed van leerderdissipline op onderrig aan openbare skole.

Betroubaarheid het te make met die herhaalbaarheid van `n instrument, soos byvoorbeeld die van `n vraelys. `n Hoë mate van betroubaarheid word verkry wanneer die instrument dieselfde resultate sal gee indien die navorsing herhaal sou word op dieselfde deelnemers (Maree, 2007:147). Best en Kahn (2003:277) meen dat betroubaarheid die graad van deurlopendheid is wat die instrument demonstreer: wat ookal gemeet word, moet deurlopend so geskied. `n Toets moet betroubaar wees voor dit geldig kan wees, maar `n toets kan ook betroubaar bevind word en tog ongeldig wees. Hopkins (2000:5) herinner daaraan dat betroubaarheid meer op eksperimentele studies van toepassing is.

Die betroubaarheid van die meetinstrumente in hierdie studie is gemeet volgens die berekening van Cronbach Alpha-waardes vir drie afdelings van die twee vraelyste (*cf.* 4.5).

4.5 LOODSONDERSOEK

Volgens Mertens (1998:117) is die doel van `n loodsstudie om die instrument op die proef te stel met `n klein steekproef van deelnemers wat gelykstaande is aan die beplande groep deelnemers.

Die doel van `n loodsondersoek is dus om die betroubaarheid van die vraelyste te bepaal en om te bepaal hoe groot die finale steekproef behoort te wees (Hopkins, 2006:5). Met die loodsondersoek word ook vasgestel of die vrae verstaan word en die beoogde antwoorde verkry word (Leedy & Ormrod, 2005:192).

Mertens (1998:119) meen dat navorsers soms onsuksesvol in hul navorsing is, ten spyte van voorsorgmaatreëls wat betrekking het op die taal of vertaling van die instrument. Sy wys navorsers daarop dat moontlike verwarring en misinterpretasie van vrae kan voorkom wanneer die studie multi-kultureel van aard is en dat data-interpretasie in so `n geval versigtig moet geskied.

Vir hierdie navorsing is Engels én Afrikaanse vraelyste aan twee groepe leerders (n=63) en een groep opvoeders (n=27) gegee tydens die eerste loodsondersoek (*cf.* 1.5.2.2.1). Hierdie deelnemers het nie deel gevorm van die steekproef nie. Die leerders en opvoeders is gevra om onduidelikhede en/of dubbelsinnighede onder die navorser se aandag te bring.

Daar is besluit om die Cronbach Alpha-waardes van Afdelings B, C en D te bepaal, aangesien dit `n betroubaarheidskoëffisiënt is wat die mate bereken waartoe items positief met mekaar korreleer (Akbaba, 2006:183). Sekaran (2000) wys daarop dat die interne reglynigheid hoër word hoe nader die Cronbach Alpha beweeg na 1.

Die eerste Cronbach Alpha wat bereken is om die betroubaarheid van die vraelyste te bepaal, het getoon dat die oorspronklike tweetalige vraelyste *nie* betroubare resultate gebied het nie, soos aangetoon in Tabel 4.1.

Tabel 4.1: Eerste loodsondersoek se Cronbach Alpha-waardes

Leerders (n=63)	**Cronbach Alpha**	**Inter-item korrelasie**
Afdeling B	0.38348	0.02895
Afdeling C	0.56872	0.14261
Afdeling D	0.54665	0.12262
Opvoeders (n=27)	**Cronbach Alpha**	**Inter-item korrelasie**
Afdeling B	0.53791	0.06909
Afdeling C	0.63566	0.18494

Afdeling D	0.68511	0.20941

Gevolglik is daar onder andere téén tweetalige vraelyste besluit en die vraelyste is aangepas (a) om verwarring tydens analise te vermy en (b) om die stellings eenvoudiger te stel, gesien die feit dat die meeste leerders in die distrik slegs Engels as tweede- of derdetaal magtig was. `n Tweede loodsondersoek is gevolglik gehou met ander deelnemers: leerders n=59; opvoeders n=19.

Die tweede Cronbach Alpha wat bereken is om die betroubaarheid van die nuwe vraelyste te bepaal, het getoon dat hierdie twee vraelyste betroubare resultate gebied het, soos aangetoon in Tabel 4.2.

Tabel 4.2: Tweede loodsondersoek se Cronbach Alpha-waardes

Leerders (n=59)	**Cronbach Alpha**	**Inter-item korrelasie**
Afdeling B	0.71592	0.16451
Afdeling C	0.65198	0.13211
Afdeling D	0.72269	0.19811
Opvoeders (n=19)	**Cronbach Alpha**	**Inter-item korrelasie**
Afdeling B	0.80699	0.19873
Afdeling C	0.66394	0.17808
Afdeling D	0.83558	0.37615

Vanuit die data in Tabel 4.1 en Tabel 4.2 blyk dit dat die Cronbach Alpha-waardes wat vir hierdie studie bereken is op aanvaarbare betroubaarheidsvlakke dui. Die waardes het gewissel tussen 0.65 en 0.84. Ook het vyf van die interne-item korrelasies aanvaarbare resultate opgelewer (0.15-0.5). Slegs die 0.13211 by Afdeling C van die leerders het buite hierdie grense geval.

4.6 STEEKPROEF

`n Steekproef is `n klein hoeveelheid van die populasie wat geselekteer word vir observasie en analise. Deur die eienskappe van die steekproef te bestudeer, kan die navorser sekere afleidings maak van die eienskappe van die hele populasie waaruit die steekproef geneem is (Best & Kahn, 2003:12).

In hierdie studie is gebruik gemaak van `n lukrake steekproef. Dit beteken dat elke lid van die populasie `n gelyke en onafhanklike kans gehad het om gekies te word om deel te neem aan die studie (Mertens, 1998:259).

Vir hierdie navorsing is nege skole in die Noord-Vrystaat se Fezile Dabi streek gebruik wat soos volg geselekteer is:

- 2 laerskole (slegs hul Graad 7 leerders):
    - die een laerskool is toegerus met kringtelevisie in hul klaskamers
    - die oorblywende laerskool is sonder kringtelevisie
- 7 hoërskole (Graad 8 – 12 leerders):
    - 4 hoërskole is geleë in die dorp:
    - 1 hoërskool is `n Engelse skool
    - 3 hoërskole is taal-gekombineerde skole
    - 3 townshipskole

Die uiteindelike steekproef:

- 60 leerders per skool, dit wil sê 60 leerders x 9 skole; n=540 leerders
- 30 opvoeders per skool, dit wil sê 30 opvoeders x 9 skole; n=270 opvoeders.

4.7 ADMINISTRATIEWE PROSEDURES

As `n vraelys in `n openbare skool gebruik word, is toestemming van die skoolhoof en betrokke onderwysdepartement noodsaaklik (*cf.* Addendum A, B & C). Deelnemers moet ook, indien moontlik, toestemming gee dat hulle vrywilliglik aan die studie deelneem (Best & Khan, 2003:309; *cf.* Addendum D).

Toestemming om die navorsing te doen, is verkry van die Vrystaatse Onderwysdepartement (*cf.* Addendum B). Die vraelyste is na skole versprei, tesame met `n afskrif van die toestemmingsbrief wat verkry is van die department, asook `n brief aan die skoolhoof (*cf.* Addendum C) waarin versoek word om navorsing te doen by die skool.

Aan elke vraelys (*cf.* Addendum E), was `n toeststemmingsbrief geheg (*cf.* Addendum D), waarin elke respondent skriftelik bevestig dat hy/sy vrywilliglik deelneem aan die navorsing. In hierdie brief word respondente ook deeglik ingelig oor die doel van die studie.

4.8 STATISTIESE TEGNIEKE

Tydens hierdie studie is gebruik gemaak van korrelasie-statistiek. Volgens Mertens (1998:330) word korrelasie-statistiek gebruik as die verhouding tussen die voorspelde veranderlikes en leerders se houding getoets word.

Die statistiese dienste van die Noordwes-Universiteit se Vaaldriehoekkampus het die statistiek van die ingesamelde vraelyste elektronies verwerk. Daarná is die bevindinge in verskillende kategorieë en in tabelformaat aan die navorser gegee soos in die navorsingsontwerp voorgestel is.

Die data is deur Me Aldine Oosthuyzen verwerk wat gebruik gemaak het van die Statistica program, Release 8, Stasoft Inc.

4.9 OPSOMMING

In hierdie hoofstuk is gefokus op watter navorsingsontwerp in die studie gebruik is. Die doel van die studie, asook watter tipe navorsingsinstrument gebruik is, naamlik vraelyste, is bespreek.

Die navorser het ook die voordele en nadele van vraelyste, asook die riglyne wat by die saamstel van vraelyste gevolg moet word, bespreek.

Daar is ook verwys na die steekproef en populasie asook die statistiese tegnieke wat die navorser in haar studie gebruik het.

In hoofstuk 5 sal die navorser die data-analise en interpretasie van die vraelyste aanspreek.

HOOFSTUK VYF

DATA-ANALISE EN INTERPRETASIE

5.1 INLEIDING

In die vorige hoofstuk is die uiteensetting van die vraelyste waarmee die navorser die data versamel het, bespreek.

Nadat die navorser sy data versamel het, is die volgende stap in die navorsingsproses om te hersien wat die studie behels het en om afleidings te maak van die data (Mills, 2007:116).

Statistiese verwerking is gedoen deur Me Oosthuyzen van Statistiese Dienste van die Noordwes-Universiteit se Vaaldriehoekkampus.

Die doel van hierdie hoofstuk is om die volgende aspekte te bepaal deur middel van `n vraelys:

- Waaruit dissipline in die onderwys bestaan
- Hoe die onderwysregtelike aspekte van skooldissipline lyk
- Hoe opvoeders en leerders dissipline op skool ervaar
- Wat opvoeders se kennis rakende beleidsaspekte met betrekking tot dissipline is
- Persepsies wat leerders handhaaf rakende gedrag
- Watter maatreëls in plek is op skole om dissipline te handhaaf
- Hoe opvoeders en leerders die invloed van swak dissipline op skool ervaar
- Watter aanbevelings gemaak kan word om opvoeders te bemagtig om dissipline beter te beheer
- Watter faktore `n invloed het op die dissipline op skole.

Die data word in hierdie hoofstuk geïnterpreteer.

Faktor-analise is gebruik by Afdelings B, C en D. Die doel van faktor-analise is om te bepaal watter items saam hoort in die sin dat hulle soortgelyke antwoorde mag hê en dus dieselfde dimensie of faktor meet. Hierdie metode is veral gepas wanneer items gemeet word op `n Likertskaal (Maree, 2007:219).

5.2 DIE VRAELYSTE

Daar is afsonderlike vraelyste vir opvoeders en leerders. Beide die vraelyste is ingedeel in vier afdelings:

- Afdeling A: Persoonlike inligting
- Afdeling B: Die invloed van dissipline op onderwys
- Afdeling C: Onderwysregtelike aspekte
- Afdeling D: Voorkomende dissiplinêre maatreëls

Terwyl Afdeling A fokus op die vasstel van biografiese inligting, bestaan die oorblywende drie afdelings uit `n kombinasie van vrae wat gedrag en kennis onder deelnemers probeer vasstel het.

Gedragsverteenwoordigende inligting hang grootliks af van deelnemers se eerlikheid. Hoe minder eerlik deelnemers is, hoe minder betroubaar is die inligting (Mertens, 1998:124).

Die gebruik van kennisgedrewe vrae word aanbeveel wanneer die navorser wil bepaal wat die deelnemers se kennis is oor, byvoorbeeld, reëls en beleid. Hierdie tipe vrae word ook gebruik om houdings te toets (Mertens, 1998:125).

In Afdelings B, C en D is van `n Likertskaal gebruik gemaak om data te verkry. Alhoewel hierdie metode die navorser van kwantitatiewe numeriese data voorsien, kan hierdie metode steeds beskou word as beskrywend van aard (Mills, 2007:75). Die houding of persepsie-skaal kan geanaliseer word op verskeie maniere. Die maklikste manier om persepsies te beskryf, is om drie

tot vyf respons-kategorieë te gebruik (Best & Kahn, 2003:318). Vir hierdie studie is `n vier-respons kategorie gebruik: *stem sterk saam*, *stem saam*, *stem nie saam nie* en *stem glad nie saam nie*.

Altesame 540 vraelyste is aan leerders in Grade 7 tot 12 uitgedeel. `n Totaal van 513 vraelyste is voltooid teruggestuur. 95% van die beoogde getal leerder deelnemers se vraelyste is dus ontvang.


Aan die opvoeders aan die nege skole, is 270 vraelyste uitgedeel. Slegs 203 hiervan is voltooi en teruggestuur. 75% van die opvoeders wat sou deelneem aan die studie, het dus gereageer op die vraelyste.

5.2.1 Afdeling A: Persoonlike inligting van opvoeders

Die doel van die vasstel van persoonlike inligting is volgens Mertens (1998:121) om die persoonlike eienskappe van die deelnemers te bepaal.

Tabel 5.1: Opvoeders: Tipe skool


Tipe Skool	f	%
Primêre skole	37	18.72
Sekondêre Dorpskole	87	42.86
Sekondêre Township skole	79	38.92
Totaal	203	100



Deelnemers is in drie groepe verdeel. Die meerderheid deelnemers kom vanuit sekondêre dorpskole (42.86%) terwyl deelnemers vanuit sekondêre township- skole tweede lê met 38.92%. Die kleiner hoeveelheid kom vanuit die twee primêre skole: 18.22%.

Tabel 5.2: Opvoeders: Posisie


Posisie	f	%
Hoof	4	1.97
Adjunk-hoof	7	3.45
Dept. Hoof	26	12.81
Opvoeders	166	81.77
Totaal	203	100



Vraelyste moes aan 30 opvoeders aan elke skool gegee word. Die opvoedende personeel het die wye spektrum opvoeders aan skole behels. Opvoeders het egter die grootste persentasie deelnemers opgelewer (81.77%) met departementshoofde (12.81%), adjunkhoofde (3.45%) en skoolhoofde (1.97%) in veel kleiner hoeveelhede.

Tabel 5.3: Opvoeders: Tipe skool


Tipe skool	f	%
Primêre skool	38	18.72
Sekondêre skool	165	81.28
Totaal	203	100



Die grootste hoeveelheid deelnemers is vanuit sekondêre skole (81.28%), terwyl primêre skole baie minder deelnemers opgelewer het (18.72%). Dit mag te wyte wees aan die feit dat laerskole se personeel gewoonlik kleiner in getal is.

Tabel 5.4: Opvoeders: Waar skool geleë is


Ligging	f	%
Dorp	123	60.59
Township	80	39.41
Totaal	203	100



39.41% van die deelnemers hou skool in die township en 60.59% is opvoeders aan dorpskole.

Tabel 5.5: Opvoeders: Geslag


Geslag	f	%
Manlik	65	32.02
Vroulik	138	67.98
Totaal	203	100



Meer as twee keer soveel deelnemers was vroue (67.98%), terwyl slegs 32.02% manlik was.

Tabel 5.6: Opvoeders: Nasionaliteit


Nasionaliteit	f	%
Wit	90	44.33
Swart	110	54.20
Gekleurd	1	0.49
Ander	1	0.49
Ontbrekend	1	0.49
Totaal	203	100



Die meerderheid deelnemers is swart (54.20%), terwyl blanke deelnemers 44.33% van die steekproef uitgemaak het, 0.49% gekleurd, 0.49% vanuit `n ander nasionaliteit en 0.49% ontbreek.

Tabel 5.7: Opvoeders: Ouderdom


Ouderdom	f	%
20 – 29 jaar	46	22.66
30 – 39 jaar	64	31.53
40 – 49 jaar	63	31.03
50 – 59 jaar	27	13.30
60 + jaar	3	1.48
Totaal	203	100



Jonger opvoeders tussen 20-29 jaar verteenwoordig 22.66% van die totale hoeveelheid deelnemers, terwyl 30-39 jariges die meerderheid van 31.53% is en 40-49 jariges `n kortkop agter is met 31.03%. Ouer opvoeders maak die kleinste persentasies uit, met 50-59 jariges as 13.30% en 60+ jariges as 1.48% van die totale hoeveelheid deelnemers.

Tabel 5.8: Opvoeders: Opvoedervaring

Onderwys ervaring	f	%
1-3 jaar	41	20.20
4-6 jaar	27	13.30
7–10 jaar	31	15.27
11–15 jaar	25	12.32
16–20 jaar	31	15.27
21–25 jaar	22	10.84
26+jaar	21	10.34
Ontbrekend	5	2.46
Totaal	203	100




Die grootste hoeveelheid deelnemers blyk jonk te wees in hul beroepe. Opvoeders met tussen 1-3 jaar ervaring maak 20.20% uit van die steekproef, terwyl daar `n gelyke persentasie verteenwoordigend is van deelnemers met 7-10 jaar en 16-20 jaar ervaring (15.27%). Deelnemers met 4-6 jaar ervaring verteenwoordig 13.30% en effens minder, is deelnemers met 11-15 jaar ervaring (12.32%). Deelnemers wat die meeste ervaring in die onderwys verteenwoordig is in die minderheid, met 10.84% vir opvoeders met 21-25 jaar ervaring en `n 10.34% minderheid vir opvoeders met 26 jaar en meer ervaring. 2.46% data het ontbreek.

Terwyl dit aan die eenkant daartoe kan lei dat die persepsies van die meeste deelnemers dus nie op jare se onderwyservaring gegrond is nie, kan dit aan die anderkant ook impliseer dat daar minder weerstand teen verandering of vernuwing sou wees. Opvoerders wat nuut in die beroep staan, sien moontlik nog kans vir die vele uitdagings wat ook skooldissipline bied.

Tabel 5.9: Opvoeders: Kwalifikasie

Kwalifikasie	f	%
REQV 13	41	20.20
REQV 14	101	49.75
REQV 15	44	21.67
REQV 16	11	5.42
Ontbrekend	6	2.96
Totaal	203	100




Die grootste hoeveelheid opvoeders (49.75%) het `n REQV 14 kwalifikasie, terwyl 21.67% oor `n REQV 15 kwalifikasie beskik. 20.20 % deelnemers het slegs `n REQV 13 en deelnemers met REQV 16 is in die minderheid met slegs 5.42%. 2.96% data het ontbreek.

5.2.2 Afdeling A: Persoonlike inligting van leerders

Die volgende afdeling bevat die persoonlike inligting van leerders soos deur hulle aangedui op hul vraelyste.

Tabel 5.10: Leerders: Tipe skool


Tipe Skool	F	%
Primêre skole	113	22.03
Sekondêre Dorpskole	220	42.88
Sekondêre Township-skole	180	35.09
Totaal	513	100



42.88% van die deelnemers is vanuit sekondêre dorpskole, terwyl 35.09% uit sekondêre township skole is. Primêre skole verteenwoordig 22.03%.

Tabel 5.11: Leerders: Graad

Graad	f	%
7	113	22.03
8	1	0.19
9	32	6.24
10	131	25.54
11	201	39.18
12	33	6.43
Ontbrekend	2	0.39
Totaal	513	100




By verre die meeste deelnemers is in Graad 11. 39.18% van die totale deelnemers is verteenwoordigend van die Graad 11 groep. Nét meer as `n kwart (25.54%) van die deelnemers is Graad 10 leerders, terwyl Graad 7 op 22.03% die derde meeste deelnemers het.

Grade 9 en 12 het byna dieselfde hoeveelheid deelnemers, met onderskeidelik 6.24% en 6.43%. Graad 8 verteenwoordig slegs 0.19% en 0.39% is ontbrekend.

Tabel 5.12: Leerders: Geslag


Geslag	f	%
Manlik	230	44.83
Vroulik	272	53.03
Ontbrekend	11	2.14
Totaal	513	100



272 deelnemers (53.03%) is vroulik en 230 (44.83%) manlik. 2.14% daarvan is ontbrekende statistiek.

Tabel 5.13: Leerders: Ouderdom


Ouderdom	f	%
13 jaar	90	17.54
14 jaar	28	5.46
15 jaar	46	8.97
16 jaar	106	20.66
17 jaar	97	18.91
18 jaar	63	12.28
19 + jaar	73	14.23
Ontbrekend	10	1.95
Totaal	513	100



Die grootste hoeveelheid deelnemers (20.66%) is 16 jariges.

Tabel 5.14: Leerders: Tipe skool


Tipe skool	f	%
Primêre skool	113	22.03
Sekondêre skool	396	77.19
Ontbrekend	4	0.78
Totaal	513	100



396 van die deelnemers (77.19%) kom vanuit sekondêre skole en 113 (22.03%) uit primêre skole. 0.78% ontbreek.

Tabel 5.15: Leerders: Waar skool geleë is


Ligging	f	%
Dorp	336	65.50
Township	171	33.33
Ontbrekend	6	1.17
Totaal	513	100



Van hierdie deelnemers is 65.50% woonagtig op die dorp en 33.33% in die township. 1.17% ontbreek.

Tabel 5.16: Leerders: Taal

Taal	f	%
Engels	113	22.03
Afrikaans	84	16.37
Sotho	186	36.26
Zulu	40	7.80
Tswana	17	3.31
Xhosa	24	4.68
Ander	45	8.77
Ontbrekend	4	0.78
Totaal	513	100



186 van die 513 deelnemers (36.26%) is Sotho-leerders, terwyl 113 Engelssprekend is. Afrikaanse leerders is 84 (16.37%), 8.77% verteenwoordigend van ander taalgroepe, 7.80% is Zulusprekend, 4.68% is Xhosas en 3.31% Tswana. 0.78% ontbreek.

5.2.3 Afdeling B: Die invloed van dissipline op onderwys: opvoeders se persepsies


Die volgende afdeling vat die opvoeders se persepsies saam oor die invloed wat dissipline op die onderwys het.

5.2.3.1 Faktor 1 : Opvoeder persepsies rakende dissipline

Die volgende tabel gee `n opsomming van die opvoeders se persepsies oor vrae rakende dissipline in die onderwys.

Tabel 5.17: Faktor 1: Opvoeder persepsies rakende dissipline

	Stem Sterk Saam	Stem Saam	Stem Nie Saam Nie	Stem Glad Nie Saam Nie	Ontbrekend
B 1	8	62	88	41	4
B 3	18	19	83	81	2
B 7	63	88	37	13	2
B 8	62	110	23	5	3
B 10	13	47	112	29	2
B 11	123	66	6	4	4
B 12	21	102	62	13	5
B 15	88	79	32	2	2
B 17	35	95	50	20	3
B 19	14	85	74	28	2



- Vraag B1: Opvoeders skep suksesvolle dissipline.

Uit die tabel blyk dit dat die meerderheid opvoeders – 88% + 41% - nie saamstem dat die opvoeders die sleutelrolspelers is wat betref die handhaaf van suksesvolle dissipline nie.

- Vraag B3: Slegs opvoeders moet toesien dat leerders hul skoolreëls gehoorsaam.

`n Skrale 18% van die 203 opvoeders wat deelgeneem het aan die studie, stem saam dat dit alleenlik die opvoeder se plig is om te verseker dat hul leerders hul skoolreëls gehoorsaam (*cf.* 2.5.1.1.3). Hierdie persentasie dui daarop dat opvoeders van mening is dat leerders mede-eienaarskap moet vat en dat hulle hul verpligtinge moet nakom om hul skoolreëls te gehoorsaam (*cf.* 3.3.2).

- Vraag B7: Minder dissiplinêre probleme sal voorkom in klaskamers as lyfstraf teruggebring word.

Die meerderheid opvoeders – 74,3% - is van mening dat daar relatief minder dissiplinêre probleme op skole sal wees as lyfstraf teruggebring word (*cf.* 2.9.1).

Hierdie data ondersteun die literatuurstudie van Hoofstuk 2, waar dit blyk dat sekere skole lyfstraf toepas onder die indruk dat dit dissipline bevorder. Tóg sou dit onwettig wees. Vergelyk ook die leerders se reaksies wat in 5.2.4.5 bespreek word.

- Vraag B8: Opvoeders met nie `n sterk aanvoeling het vir wat verkeerd is nie, ondervind meer dissiplinêre probleme.

Meer as 8 uit elke 10 deelnemers voel dat `n opvoeder `n sterk aanvoeling moet hê vir wat verkeerd is en dan sal hierdie opvoeders ook die vrug pluk om minder dissiplinêre probleme in hul klasse te ondervind (*cf.* 2.9.2, 2.9.6, 3.5.6.3 & 3.5.6.4). Hierdie data dui sterk op die rol wat opvoeders speel by die hanteer van dissipline.

- Vraag B10: Welgestelde leerders veroorsaak die dissiplinêre probleme by ons skool.

Die meerderheid opvoeders (69,45%) voel dat die teendeel eerder waar is en dat welgestelde leerders minder dissiplinêre probleme gee (*cf.* 2.10.3).

Hierdie data weerspreek die literatuurstudie, wat die vraag laat ontstaan of hierdie aspek dalk streekgebonde verskillend ervaar sou word.

- Vraag B11: Effektiewe onderrig word bemoeilik deur oorvol klasse.

93% van die opvoeders stem saam dat effektiewe onderrig moeiliker is as klasse oorvol is (*cf.* 2.9.8).

- Vraag B12: Die opvoeders aan ons skool is soms die oorsaak van dissiplinêre probleme.

Die meeste opvoeders (61%) voel dat die opvoeders aan hul skool ook soms die oorsaak is van hul skool se dissiplinêre probleme (*cf.* 2.9.5, 2.9.6 & 2.9.7). Hierdie data ondersteun Vraag B8 se resultaat. Sulke menings dui op ernstige houdingsprobleme in die opvoederskorps.

- Vraag B15: Kinderregte word oor-beklemtoon op skole.

Meer as 80% van die deelnemers is van mening dat kinderregte oorbeklemtoon word op skole en dat dit dus ook `n aandeel het in die verval van dissipline in skole (*cf.* 2.9.4 & 3.2.2.4). Dit is duidelik dat daar `n balans gevind moet word tussen opvoeders en leerders se onderskeie regte.

- Vraag B17: As opvoeder, is ek `n gerespekteerde persoon met outoriteit in my gemeenskap.

Nét minder as een derde van die deelnemers (34.3%) voel nie gerespekteerd nie en voel dat hulle nie `n persoon met outoriteit in hul gemeenskap is nie (*cf.* 2.10.1, 2.10.2, 2.10.4 & 2.10.6). Aan die hand van hierdie data blyk dit dat `n sekere gedeelte van die deelnemers nie seker voel oor hulle status as opvoeders nie. Dit sou kon bydra tot hul negatiewe houding.

- Vraag B19: Op ons skool, respekteer die leerders hul opvoeders.


Opvoeders se menings is redelik verdeeld wanneer hulle moes aandui of die leerders op hul skool hul opvoeders respekteer (*cf.* 2.10.1, 2.10.4 & 2.10.7). 50.3% voel dat hul leerders hul nie respekteer nie en 48.8% voel dat leerders wel respek betoon. 0.9% is ontbrekend.

5.2.3.2 Faktor 2 : Stres en finansiële faktore

Die tabel weerspieël tot watter mate stres en finansiële faktore `n rol speel in dissipline aan die skool.

Tabel 5.18: Faktor 2: Stres en finansiële faktore

	Stem Sterk Saam	Stem Saam	Stem Nie Saam Nie	Stem Glad Nie Saam Nie	Ontbrekend
B 9	106	75	14	5	3
B 13	8	35	112	44	4
B 14	39	71	71	16	6



- Vraag B9: Opvoeders ervaar meer stres as persone in ander beroepe.

Slegs 19 uit die 203 deelnemers (9.4%) meen dat opvoeders nie meer stres ervaar as persone in ander beroepe nie (*cf.* 2.9.7). Dit blyk dus duidelik dat 89% van die opvoeders se persepsie van hulle stresvlakke dringend aangespreek moet word. Sulke persepsies sou hulle houding en outoriteit negatief kon beïnvloed.

- Vraag B13: Ek is al skade berokken deur `n haatgierige leerder.

Minder as `n kwart van die opvoeders (21%) is al skade berokken deur `n haatgierige leerder (*cf.* 2.9.2). Tóg dui hierdie data daarop dat sulke voorvalle aangespreek behoort te word, aangesien dit sou kon bydra tot opvoeders se negatiewe houdings en gebrek aan outoriteit.

- Vraag B14: Aan ons skool is daar `n tekort aan ondersteuning.


Meer as die helfte van die opvoeders (54%) meen dat hulle aan hul skool `n tekort het aan ondersteuning (*cf.* 2.9.3). Sonder ondersteuning sou die hanteer van skooldissipline onmoontlik wees.

5.2.3.3 Faktor 3: Invloed van skoolondersteuning

Die verskillende ondersteuning wat opvoeders ontvang, is dikwels dít wat `n beduidende effek het op dissipline in klaskamers. Die tabel weerspieël hierdie faktore.

Tabel 5.19: Faktor 3: Invloed van skoolondersteuning

	Stem Sterk Saam	Stem Saam	Stem Nie Saam Nie	Stem Glad Nie Saam Nie	Ontbrekend
B 2	79	101	13	6	4
B 4	126	45	20	9	3
B 5	124	69	6	1	3
B 20	29	95	69	8	2
B 21	32	67	79	24	1
B 22	17	61	84	37	4
B 23	58	92	39	13	1



- Vraag B2: Streng dissipline laat my veilig voel.

88.6% van die deelnemers is van mening dat streng dissipline hul laat veilig voel (*cf.* 2.5.1, 2.7, 2.9.1 & 2.10.5).

- Vraag B4: Ouers speel `n groot rol in `n leerder se gedrag.

Min opvoeders (14%) voel dat ouers nie `n groot rol speel in hul kinders se gedrag nie (*cf.* 2.10.5 & 2.10.6). Hierdie data wys daarop dat die ouerbetrokkenheid op skoolvlak ernstig bevorder moet word.

- Vraag B5: Dissipline in die klaskamer begin by elke leerder se self-dissipline.

Meer as 90% van die deelnemende opvoeders (95%) meen dat dissipline in die klaskamer by self-dissipline begin (*cf.* 1.2.1, 2.2.1 & 2.7).

- Vraag B20: Ouers het al teenoor my gelieg om hul kinders uit die moeilikheid te kry.

Die meeste deelnemers stem saam (61%) dat ouers al vir hulle gelieg het om hul kinders uit die moeilikheid te kry (*cf.* 2.7 & 2.10.4). Hierdie data dui daarop dat die houding van ouers en die invloed daarvan op hul kinders se gedrag nie onderskat moet word nie.

- Vraag B21: Alle leerders het reëls tuis wat hulle moet gehoorsaam.

Opvoeders is verdeeld daaroor of leerders ook tuis reëls het om te gehoorsaam (*cf.* 2.10.4 & 2.10.6): 49% stem saam dat dit so is en 51% stem nie daarmee saam dat leerders tuis ook reëls het nie.

Hierdie data sou daarop kon dui dat ouers die skole sterker in hierdie opsig sou kon ondersteun.

- Vraag B22: Leerders toon dieselfde gedrag teenoor hul opvoeders en ouers.

Die meerderheid deelnemers (60%) stem nie saam dat leerders dieselfde gedrag teenoor hul opvoeders én ouers toon nie (*cf.* 2.7 & 2.10.6). Hierdie data dui op die moontlikheid dat die gesin se houding teenoor skole en opvoeders ernstig ondersoek moet word. Die resultaat ondersteun ook die data van Vraag B4, B20 en B21.

- Vraag B23: Leerders het `n tekort aan positiewe rolmodelle.


Byna twee derdes van die deelnemers (74%) voel dat leerders tekortskiet aan behoorlike, invloedryke rolmodelle (*cf.* 2.10.7).

5.2.3.4 Faktor 4: Onderwysverpligtinge

Die volgende tabel reflekteer die opvoeders se persepsies rakende onderwysverpligtinge.

Tabel 5.20: Faktor 4: Onderwysverpligtinge

	Stem Sterk Saam	Stem Saam	Stem Nie Saam Nie	Stem Glad Nie Saam Nie	Ontbrekend
B 6	120	78	2	0	3
B 16	127	60	11	2	3
B 18	100	98	2	3	0



- Vraag B6: Dit is my plig om `n positiewe leeromgewing in my klas te skep.

97.5% van die deelnemende opvoeders meen dat dit die opvoeder se plig is om `n positiewe leeromgewing in die klas te skep (*cf.* 2.7 & 2.8).

- Vraag B16: Groeiende administratiewe take veroorsaak `n onuithoudbare werkslading op die opvoeder se skouers.

Die meeste opvoeders (97%) stem saam dat al die administratiewe take in die onderwys `n onuithoudbare taak op die opvoeder se skouers plaas (cf. 2.9.5). Hoewel die data dui op `n persepsie van opvoeders wat oorweldig voel deur hul werkslas, ontstaan die vraag tot watter mate dit dissipline negatief sou beïnvloed.

- Vraag B18: Ek respekteer my leerders.

97.5% van die deelnemers stem saam dat hulle hul leerders respekteer (*cf.* 2.9.1 & 2.9.4). Hierdie data dui daarop dat opvoeders klaarblyklik nie hulle frustrasies oor dissipline op hulle leerders oordra nie. Dit is bemoedigend.

5.2.4 Afdeling B: Die invloed van dissipline op onderwys: leerder-persepsies


Die volgende afdeling kyk vanuit die leerder se perspektief na die invloed wat dissipline op die onderwys het.

5.2.4.1 Faktor 1: Opvoeder-houdings

Die volgende tabel weerspieël leerders se persepsies oor opvoeders se houdings wat `n beduidende invloed mag hê op dissipline in die klaskamer.

Tabel 5.21: Faktor 1: Opvoeder-houdings

	Stem Sterk Saam	Stem Saam	Stem Nie Saam Nie	Stem Glad Nie Saam Nie	Ontbrekend
B 3	234	211	56	11	1
B 8	179	218	63	49	4
B 11	126	243	108	33	3
B 12	136	233	106	35	3



- Vraag B3: My opvoeders moet seker maak dat ons die skoolreëls nakom.

87% van die leerders meen dat dit die opvoeder se taak is om seker te maak dat hulle hul skoolreëls nakom (*cf.* 3.3.2). Hierdie data sou kon dui op die gebrek aan leerders se self-dissipline wat herinner aan die data van Vraag B5 waar 95% van die opvoeders glo dit begin by die self- dissipline van leerders.

Dit blyk dat leerders en opvoeders se persepsies in hierdie opsig lynreg teenstrydig is met mekaar wat hierdie opsie betref.

Aandie anderkant sou dit ook daarop kon dui dat leerders (a) onder die indruk verkeer dat hulle nie self `n verantwoordelikheid het ten opsigte van die handhaaf van gesonde skooldissipline nie, of (b) `n dringende behoefte aan gesag ervaar.

- Vraag B8: Opvoeders wat nie `n sterk aanvoeling het vir wat verkeerd is nie, ondervind meer dissiplinêre probleme.

Die grootste hoeveelheid leerders (77%) stem saam dat opvoeders wat `n makliker aanvoeling het vir dit wat verkeerd is, minder dissiplinêre probleme ondervind (*cf.* 2.9.2, 2.9.6, 3.5.6.3 & 3.5.6.4). Hierdie data stem ooreen met die data van Vraag B8 van die opvoeders.

- Vraag B11: Effektiewe onderrig word bemoeilik deur oorvol klaskamers.

Meer as 70% van die deelnemers stem saam dat oorvol klaskamers effektiewe onderrig belemmer (*cf.* 2.9.8), wat ooreenstem met 93% van die opvoeders in Vraag B11 (opvoeders). Vir hierdie dilemma blyk daar nie vinnig `n oplossing te wees nie.

- Vraag B12: Soms veroorsaak ons opvoeders negatiewe dissipline.

Die meeste leerders (72%) meen dat hul opvoeders ook soms vir negatiewe dissipline verantwoordelik is (*cf.* 2.9.5, 2.9.6 & 2.9.7). Hierdie data stem ooreen met die 61% van opvoeders in hulle Vraag B12.


Dit dui op `n onrusbarende situasie wat dringend aangespreek moet word voordat skooldissipline sal kan verbeter.

5.2.4.2 Faktor 2: Faktore wat leerderdissipline beïnvloed

Die volgende tabel weerspieël faktore wat volgens leerders dissipline beïnvloed.

Tabel 5.22: Faktor 2: Faktore wat leerderdissipline beïnvloed

	Stem Sterk Saam	Stem Saam	Stem Nie Saam Nie	Stem Glad Nie Saam Nie	Ontbrekend
B 5	345	145	12	4	7
B 6	297	196	17	3	0
B 10	126	143	170	71	3
B 13	13	33	119	345	3
B 16	41	96	211	161	4
B 20	34	45	106	326	2
B 21	266	182	50	14	1



- Vraag B5: Dissipline in die klaskamer begin by elke leerder se self-dissipline.

95.5% van die deelnemers stem saam dat elke leerder se self-dissipline die dissipline in die klaskamer bepaal (*cf.* 1.2.1, 2.2.1 & 2.7). Hierdie data weerspreek die 87% (Vraag B3) wat aangedui het dat hulle opvoeders moet sekermaak dat leerders skoolreëls nakom.

- Vraag B6: My opvoeder moet `n positiewe leeromgewing in die klas skep.

Meer as die helfte van die deelnemende leerders (96%) voel dat die opvoeder verantwoordelik is daarvoor om `n positiewe leeromgewing in die klas te skep (*cf.* 2.7 & 2.8). Die vraag ontstaan egter of die leerders bewus gemaak kan word van die impak wat hulle self in hierdie verband kan hê.

- Vraag B10: Welgestelde leerders veroorsaak die dissiplinêre probleme aan ons skool.

Leerders is taamlik verdeeld daaroor of welgestelde mede-leerders verantwoordelik is vir dissiplinêre probleme aan hul skool (*cf.* 2.10.3): 52% stem daarmee saam en 47% stem nie daarmee saam nie. Dit sou daarop kon dui dat die moeilikheidmakers nie noodwendig aan sosi-ekonomiese status gekoppel kan word nie.

- Vraag B13: Ek het al `n opvoeder skade berokken.

Slegs 8.9% van die deelnemers erken dat hulle al `n opvoeder skade berokken het (*cf.* 2.9.2), terwyl 21% van die opvoeders aangedui het dat leerders hulle skade aangedoen het. Dit sou daarop kon dui dat die leerders se response nie eerlik aangedui is nie.

- Vraag B16: Die vakke maak dit moeilik om gedissiplineerd te wees in `n klas.

73% van die leerder deelnemers stem nie saam met hierdie stelling nie (*cf.* 2.9.7). Dit dui daarop dat die veranderende kurrikulum nie meehelp aan die dissipinêre probeleme op skool nie. Dalk moet die voorbereiding en ekspertise van die opvoeders onder die vergrootglas kom.

- Vraag B20: My ouers het al gelieg om my uit die moeilikheid te help.

`n Minderheid van 15.3% van die leerders het geantwoord dat hul ouers al gelieg het om hulle uit die moeilikheid te kry (*cf.* 2.7 & 2.10.4). Dit is teenstrydig met die 61% van die opvoeder-deelnemers wat saamgestem het

dat ouers al so opgetree het. Dit sou daarop kon dui dat leerders hulle ouers wou beskerm in hulle response op van die items in die vraelys.

- Vraag B21: Alle leerders het reëls tuis wat hulle moet gehoorsaam.


Slegs 12.4% van die deelnemers stem nie saam dat alle leerders reëls by hul huise het om te gehoorsaam nie (*cf.* 2.10.4 & 2.10.6). Hierdie data is teenstrydig met die data van opvoeders (Vraag B21) waar 51% nie daarmee saamstem nie. Dit kan daarop dui dat opvoeders die verkeerde perspektief hieroor handhaaf.

5.2.4.3 Faktor 3: Invloed van opvoeders

Die volgende tabel toon watter invloed opvoeders het op dissipline vanuit die leerders se oogpunt.

Tabel 5.23: Faktor 3: Invloed van opvoeders

	Stem Sterk Saam	Stem Saam	Stem Nie Saam Nie	Stem Glad Nie Saam Nie	Ontbrekend
B 9	145	195	136	35	2
B 17	209	225	55	22	2
B 23	91	121	126	172	3



- Vraag B9: My opvoeders ervaar meer stres as persone in ander beroepe.

Meer as twee derdes van die deelnemers (66%) stem saam dat hul opvoeders meer stres ervaar as persone in ander beroepe (*cf.* 2.9.7). Dit herinner aan die 89% opvoeders (Vraag B9) wat hiermee saamgestem het. Klaarblyklik moet hierdie aspek dringende aandag op nasionale vlak kry.

- Vraag B17: My opvoeders speel `n belangrike rol in my lewe.

84.6% van die deelnemende leerders stem saam dat hul opvoeders `n belangrike rol in hul lewens speel (*cf.* 2.10.1, 2.10.2, 2.10.4 & 2.10.7). Dit is verblydend ten opsigte van hul houding teenoor die onderwys.

- Vraag B23: Eendag wil ek net soos my opvoeders wees.


Minder as die helfte van die deelnemers (42%) wil eendag soos hul opvoeders wees (*cf.* 2.7 & 2.10.7). 58% wil klaarblyklik nie en dit herinner aan die 74% van die opvoeders wat die persepsie handhaaf dat leerders nie positiewe rolmodelle het nie.

5.2.4.4 Faktor 4: Ondersteuning wat `n invloed het op skooldissipline

Die volgende tabel demonstreer die mate van skoolondersteuning in dissipline.

Tabel 5.24: Faktor 4: Ondersteuning wat `n invloed het op skooldissipline

	Stem Sterk Saam	Stem Saam	Stem Nie Saam Nie	Stem Glad Nie Saam Nie	Ontbrekend
B 4	164	166	92	77	14
B 14	203	239	55	14	2
B 15	182	205	76	48	2



- Vraag B4: My ouers beïnvloed my gedrag.

Die meerderheid leerders (64.3%) wat aan die studie deelgeneem het, stem saam dat hul gedrag beïnvloed word deur hul ouers (*cf.* 2.7, 2.8, 2.10.3, 2.10.4, 2.10.5, 2.10.6 & 2.10.7). Dui dui daarop dat ouers se houding teenoor opvoeders en skole bepalend is ten opsigte van hul kinders se gedrag op skool. Dit herinner ook aan die 61% van die opvoeder-deelnemers wat aangedui het dat ouers al namens hul kinders gelieg het.

- Vraag B14: Ek word beskerm deur kinderregte.

Met `n oorweldigende persentasiepunt van 86.1%, beaam die meeste leerders dat hulle beskerm word deur kinderregte (*cf.* 2.9.4, 3.2.2 & 3.2.2.4). Dit sou daarop kon dui dat leerders die perspektief hnadhaaf dat hulle tot `n groot mate onaantasbaar is wanneer hulle skollreëls oortree of hul wangedra.

- Vraag B15: My skool straf leerders wat opvoeders skade berokken.


Amper `n kwart van die deelnemers (24.1%) voel dat hul skole nie leerders straf wat opvoeders skade berokken nie (*cf.* 2.9.2 & 3.2.6). Dit sou die boodskap kon uitdra dat dit nie so erg is om aan sulke insidente deel te neem nie, met die gevold dat daar geen afskrikmiddel vir sulke optrede is nie.

5.2.4.5 Faktor 5: Invloed wat respek uitoefen op dissipline

Die invloed wat respek het op dissipline word in die volgende tabel weerspieël.

Tabel 5.25: Faktor 5: Invloed wat respek uitoefen op dissipline

	Stem Sterk Saam	Stem Saam	Stem Nie Saam Nie	Stem Glad Nie Saam Nie	Ontbrekend
B 1	110	316	67	18	2
B 2	177	213	80	38	5
B 7	112	134	122	145	0
B 18	160	267	49	36	1
B 19	46	177	193	97	0
B 22	183	213	89	27	1



- Vraag B1: Ons opvoeders pas goeie dissipline toe.

Meer as 80% van die leerders voel dat hul opvoeders goeie dissipline toepas (*cf.* 2.7, 2.9.1, 2.9.2, 2.9.3, 2.9.6, 2.9.8 & 2.10.1).

- Vraag B2: Streng dissipline laat my veilig voel.

Meer as `n driekwart van die deelnemers (76.1%) stem saam dat streng dissipline hulle laat veilig voel (*cf.* 2.5.1, 2.7, 2.9.1 & 2.10.5).

- Vraag B7: Lyfstraf sal help met dissipline in die klaskamer.

Minder as die helfte van die deelnemers (47.9%) meen dat lyfstraf `n aanwins sal wees vir dissipline in die klaskamer (*cf.* 2.9.1). Hierdie persepsie is teenstrydig met die opvoeders se persepsies (cf. Vraag B7 in 5.2.3.1) waar 74.3% van die opvoeders aangedui het dat lyfstraf dissiplinêre probleme op skool kan verminder. Dit is te wagte dat leerders so sou reageer, aangesien dit hulle is wat die pakslae moet kry. Klaarblyklik het opvoerders dit mis dat dit die oplossing vir dissiplinêre probleme op skool sou wees.

- Vraag B18: My opvoeders respekteer my.

16.5% van die deelnemers meen dat hul opvoeders hulle nie respekteer nie (*cf.* 2.10.4 & 2.10.7). Só `n persepsie sou daartoe kon lei dat leerders nie ten volle positief teenoor hul opvoeders optree nie.

- Vraag B19: Ons leerders respekteer hul opvoeders.

Slegs 43.4% van die leerders voel dat die leerders op skool hul opvoeders respekteer (*cf.* 2.10.1, 2.10.4 & 2.10.7). Hierdie uitslag hou verband met die leerders se reaksie op Vraag B18. Dit herinner ook aan die leerders se response dat ouers tot `n groot mate hul kinders se gedrag beïnvloed.

- Vraag B22: Ek toon dieselfde gedrag teenoor my opvoeders en ouers

Amper `n kwart van die deelnemers (22.6%) erken dat hulle nie dieselfde gedrag teenoor hul opvoeders toon as teenoor hul ouers nie (*cf.* 2.7 & 2.10.6).

5.2.5 Afdeling C: Onderwysregtelike aspekte: opvoeder-persepsies


In die volgende afdeling is opvoeders se persepsies oor onderwysregtelike aspekte getoets.

5.2.5.1 Faktor 1: Opvoeder-houdings

Die volgende tabel weerspieël opvoeders se houdings.

Tabel 5.26: Faktor 1: Opvoeder-houdings

	Stem Sterk Saam	Stem Saam	Stem Nie Saam Nie	Stem Glad Nie Saam Nie	Ontbrekend
C 1	74	116	8	5	0
C 7	66	121	13	2	1
C 9	77	114	11	1	0



- Vraag C1: Ek verkleineer nie my leerders nie.

Meer as 90% van die opvoeders bevestig dat hulle nie hul leerders verkleineer nie (*cf.* 3.2.2.2.2). Tog is dit onrusbarend dat 10% dit blykbaar wel doen.

- Vraag C7: Ek het verskeie verpligtinge teenoor my leerders.

Slegs 15 uit die 203 deelnemers (7.3%) erken nie dat hulle verskeie verpligtinge teenoor hul leerders het nie (*cf.* 3.3.1). Dit blyk dus dat opvoeders oor die algemeen ingelig is hieroor.

- Vraag C9: Ek staan op my regte.


94% van die opvoeders bevestig dat hulle op hul regte staan (*cf.* 3.2.1). Dit strook nie met opvoeders se houding dat hulle nie oor regte in die inderwys beskik nie.

5.2.5.2 Faktor 2: Veiligheid en sekuriteit

Die volgende tabel beeld opvoeders se persepsies rakende veiligheid en sekuriteit uit.

Tabel 5.27: Faktor 2: Veiligheid en sekuriteit

	Stem Sterk Saam	Stem Saam	Stem Nie Saam Nie	Stem Glad Nie Saam Nie	Ontbrekend
C 2	23	109	52	19	0
C 3	61	100	27	14	1
C 5	33	98	50	20	2
C 8	78	82	37	5	1



- Vraag C2: Ek voel veilig op skool.

Meer as 'n derde van die deelnemende opvoeders (34.9%) het aangedui dat hulle onveilig voel op skool (*cf.* 3.2.1.1.2). Dit voorspel niks positiefs vir opvoeders se houding teenoor hulle werk nie.

- Vraag C3: Lyfstraf is teen die wet.

20% van die opvoeders weet nie dat lyfstraf teen die wet is nie (*cf.* 2.9, 3.2.2.2.2, 3.2.2.2.3, 3.2.2.2.8, 3.2.2.3 & 3.3.1). Die vraag is egter of hulle wél dalk weet, maar hulle net onkundig voordoen.

- Vraag C5: My leerders verkleineer my nie.

Die meeste opvoeders (64.5%) stem saam dat hul leerders hulle nie verkleineer nie (*cf.* 3.2.1.1.1 & 3.3.2). Wat onrusbarend is, is dat die res dit blykbaar soms ervaar. Die resultaat hou verband met dié van Vraag B19 en B22 van die leerders, waar hulle nie ten volle positief gereageer het nie.

- Vraag C8: Ek slaan nie aan leerders nie.


18.7% van die opvoeders erken dat hulle wel aan hul leerders slaan (*cf.* 2.9, 3.2.2.2.2, 3.2.2.2.3, 3.2.2.2.8, 3.2.2.3 & 3.3.1).

5.2.5.3 Faktor 3: Regverdigheid van die opvoeder

Die volgende tabel stel die mate van regverdigheid van opvoeders voor wat getoets is.

Tabel 5.28: Faktor 3: Regverdigheid van die opvoeder

	Stem Sterk Saam	Stem Saam	Stem Nie Saam Nie	Stem Glad Nie Saam Nie	Ontbrekend
C 4	148	47	6	2	0
C 6	53	117	28	5	0



- Vraag C4: Opvoeders het ook regte.

Slegs agt uit die 203 opvoeders (3.9%) meen hulle het nie regte nie (*cf.* 3.2, 3.2.1 & 3.3.2.1). Dit hou verband met die data by Vraag C9 van die opvoeders.

- Vraag C6: Ek tree gewoonlik dieselfde op teenoor al my leerders.

Meer as driekwart van die opvoeders (83.7%) het aangedui dat hulle dieselfde optree teenoor al hul leerders (*cf.* 3.2.2, 3.2.2.2.1, 3.2.2.2.11, 3.2.2.3 & 3.3.1).

5.2.6 Afdeling C: Onderwysregtelike aspekte: leerder-persepsies


Die volgende afdeling het leerders se persepsies met betrekking tot onderwysregtelike aspekte getoets.

5.2.6.1 Faktor 1: Veiligheid en regte

Leerders se gevoel oor veiligheid en regte op skool word hiernaas uitgebeeld.

Tabel 5.29: Faktor 1: Veiligheid en regte

	Stem Sterk Saam	Stem Saam	Stem Nie Saam Nie	Stem Glad Nie Saam Nie	Ontbrekend
C 2	105	235	118	54	1
C 4	340	152	8	11	2
C 6	73	146	158	135	1
C 7	164	238	77	33	1



- Vraag C2: Ek voel veilig op skool.

66.4%van die leerders bevestig dat hulle veilig voel op hul skool (*cf.* 3.2.2.2.3, 3.2.2.2.8, 3.2.2.3 & 3.3.1). Wat van die ander 33.6% ? Dit herinner aan die 34.9% van die opvoeders wat aangedui het dat hulle nie veilig voel nie (Vraag C2).

- Vraag C4: Opvoeders het ook regte.

95.9% van die deelnemers erken dat opvoeders ook regte het (*cf.* 3.2, 3.2.1, 3.2.11 & 3.3.2).

- Vraag C6: My opvoeders tree gewoonlik dieselfde op teenoor alle leerders.

Meer as die helfte van die leerders (57.1%) meen dat hul opvoeders nie konsekwent teenoor al hul leerders optree nie (*cf.* 3.2.2, 3.2.2.2.1, 3.3.2.2.11, 3.2.2.3 & 3.3.1). Só 'n persepsie sou nie positief meewerk tot positiewe klasdissipline nie.

- Vraag C7: Ek het pligte op skool.


Meer as twee derdes van die deelnemers (78.3%) besef dat hulle verpligtinge het op skool (*cf.* 3.3.2 & 3.3.2.1). Die vraag is egter of hulle hierdie verpligtinge nakom.

5.2.6.2 Faktor 2: Negatiewe gedrag

Die volgende tabel fokus op leerders se persepsies rakende negatiewe gedrag op skool.

Tabel 5.30: Faktor 2: Negatiewe gedrag

	Stem Sterk Saam	Stem Saam	Stem Nie Saam Nie	Stem Glad Nie Saam Nie	Ontbrekend
C 1	31	100	196	184	2
C 3	228	158	65	60	2
C 5	49	112	196	156	0
C 8	58	97	144	213	1



- Vraag C1: Ek maak `n bespotting van my opvoeders.

`n Kwart van die deelnemers (25.5%) erken dat hulle `n bespotting maak van hul opvoeders (*cf.* 3.2.1.1.1, 3.2.2 & 3.3.2.1). Dit herinner aan die reaksies van die opvoeders in Vraag C5 (*cf.* 5.2.5.2) waar 35.5% van hulle aangedui het dat leerders hulle soms skuldig maak aan verkleinering.

- Vraag C3: Om `n leerder te slaan is teen die wet.

75.2% van die deelnemers weet dat dit teen die wet is om aan `n leerder te slaan (*cf.* 2.9.1, 3.2.2.2.2, 3.2.2.2.3, 3.2.2.2.8, 3.2.2.3 & 3.3.1). Die vraag is of die ander 24.8% dan werklik nie daaroor ingelig is nie.

- Vraag C5: My opvoeders verkleineer my.

Die grootste hoeveelheid leerders (68.6%) voel dat hul opvoeders hulle nie verkleineer nie (*cf.* 3.2.2.2.2 & 3.3.1). Tóg huldig 31.4% nie hierdie mening nie.

- Vraag C8: My opvoeders slaan my.

30.1% van die leerders erken dat hulle opvoeders hulle slaan (*cf.* 2.9.1, 3.2.2.2.2, 3.2.2.2.3, 3.2.2.2.8, 3.2.2.3 & 3.3.1). Hierdie data stem ooreen met

die 20% van die opvoeders wat blykbaar nie weet dat lyfstraf onwettig is nie (*cf.* 5.2.5.2; Vraag C3).

5.2.7 Afdeling D: Dissiplinêre maatreëls: opvoeder-persepsies


Die volgende afdeling toets opvoeders se gevoel oor dissiplinêre maatreëls by hul skole.

5.2.7.1 Faktor 1: Effektiewe dissiplinêre maatreëls

Die volgende tabel wys opvoeders se persepsies oor die effektiwiteit van hul skole se dissiplinêre maatreëls.

Tabel 5.31: Faktor 1: Effektiewe dissiplinêre maatreëls

	Stem Sterk Saam	Stem Saam	Stem Nie Saam Nie	Stem Glad Nie Saam Nie	Ontbrekend
D 1	38	91	59	14	1
D 2	33	104	54	10	2
D 3	33	119	40	11	0
D 4	46	124	27	5	1
D 7	28	124	37	12	2
D 9	47	112	33	10	1
D 10	48	105	42	8	0



- Vraag D1: Ons het effektiewe dissiplinêre maatreëls op ons skool.

Meer as `n derde van die opvoeders (35.9%) meen dat hulle skole nie effektiewe dissiplinêre maatreëls het nie (*cf.* 3.5, 3.5.1, 3.5.2, 3.5.4, 3.5.4.1, 3.5.4.3, 3.5.4.4, 3.5.4.5, 3.5.6.4 & 3.6.3). Hierdie persepsie is `n aanklag teen die skole, aangesien daar ook van die Onderwysdepartement se kant af riglyne bestaan om skole te help met die opstel van regverdige dissipinêre maatreëls. Beheerliggame het dit ook as een hul take om toe te sien dat `n gedragskode opgestel en aanvaar word.

- Vraag D2: Ons skoolreëls dra daartoe by om `n gedissiplineerde leeromgewing te skep.

Bykans `n derde van die deelnemende opvoeders (31.5%) is níe van mening dat hul skoolreëls bydra tot `n gedissiplineerde leeromgewing in hul skole nie (*cf.* 3.5.2, 3.5.4 & 3.5.4.4). Dit herinner aan die data van die vorige vraag.

- Vraag D3: Ons skoolreëls beskerm leerders en opvoeders.

Byna driekwart van die deelnemers (74.8%) stem saam dat hul skoolreëls leerders en opvoeders beskerm (*cf.* 3.5.2 & 3.5.6.1). Sulke data is teenstrydig met dié van Vraag D1.

- Vraag D4: Ons skoolreëls is regverdig.

Slegs 32 uit die 203 opvoeders (15.7%) is van mening dat hul skole se reëls nie regverdig is nie (*cf.* 3.5.4.1, 3.5.4.3, 3.5.6.4 & 3.5.7.1).

- Vraag D7: Opvoeders word geraadpleeg met die opstel van skoolreëls.

74.8% van die deelnemers stem saam dat opvoeders by hul skole geraadpleeg word met die opstel van skoolreëls (*cf.* 3.5.1 & 3.5.4).

- Vraag D9: Op ons skool vind regverdige dissiplinêre optrede plaas.

Slegs 21.6% van die opvoeders meen dat daar onregverdige dissiplinêre optrede op hul skole plaasvind (*cf.* 3.5.1, 3.5.4.1, 3.5.4.3, 3.5.6.4, 3.5.7.1, 3.6.3, 3.6.6).

- Vraag D10: Ek pas die skoolreëls dieselfde toe in elke situasie.


Byna 'n kwart van die opvoeders wat deelgeneem het aan die studie (24.6%) erken dat hulle nie die skoolreëls dieselfde toepas in elke situasie nie (*cf.* 3.5.4.3, 3.5.6.3, 3.5.7.2 & 3.6.3). Hierdie data stem ooreen met die leerders se persepsies in hul Vraag C6 (*cf.* 5.2.6.1) waar 57.1% aangedui het dat opvoeders nie altyd konsekwent optree nie.

5.2.7.2 Faktor 2: Leerders se dissiplinêre gedrag

Die volgende tabel weerspieël die respons op die vrae wat opvoeders beantwoord het wat handel oor leerdergedrag.

Tabel 5.32: Faktor 2: Leerders se dissiplinêre gedrag

	Stem Sterk Saam	Stem Saam	Stem Nie Saam Nie	Stem Glad Nie Saam Nie	Ontbrekend
D 5	29	75	81	17	1
D 6	13	90	79	18	3
D 11	33	89	62	18	1



- Vraag D5: Leerders se gedrag verander wanneer hulle geskors word.

60% van die deelnemers meen dat leerders se gedrag wél verander wanneer hulle geskors word (*cf.* 3.6.4.1, 3.6.5.5 & 3.6.5.5.1).

- Vraag D6: Leerders vermy dissiplinêre optrede teen hulle.

Die opvoeders handhaaf verskillende persepsies oor die vraag of leerders dissiplinêre optrede teenoor hulle vermy. Byna die helfte van die opvoeders (47.7%) verskil hiermee en voel dat leerders nie optrede teenoor hulle vermy nie (*cf.* 3.2.2.4, 3.5.1 & 3.5.2). Só 'n persepsie dui op die moontlikheid van negatiewe leerder-houdings teenoor dissipline. Aan die anderkant sou dit ook daarop kon dui dat van die skole se dissiplinêre maatreëls wel as afskrikmiddels dien.

- Vraag D11: Leerders ken hul skoolreëls.

39.4% van die deelnemers voel dat die leerders op hul skole nie hul skoolreëls ken nie (*cf.* 3.3.2.1 & 3.3.2.1.2). Die vraag is of hulle toegang tot die reëls het.

5.2.8 Afdeling D: Dissiplinêre maatreëls: leerder-persepsies


Leerders se persepsies oor dissiplinêre maatreëls op hul skole word getoets.

5.2.8.1 Faktor 1: Effektiewe dissiplinêre maatreëls

Hier word weergegee hoe effektief leerders dink dissipline op hul skole is.

Tabel 5.33: Faktor 1: Effektiewe dissiplinêre maatreëls

	Stem Sterk Saam	Stem Saam	Stem Nie Saam Nie	Stem Glad Nie Saam Nie	Ontbrekend
D 1	119	262	91	33	8
D 2	105	265	109	26	8
D 3	136	226	109	37	5
D 4	130	200	127	46	10
D 7	132	286	61	24	10
D 9	79	235	128	64	7
D 10	62	236	150	60	5



- Vraag D1: Ons het effektiewe dissiplinêre maatreëls op ons skool.

24.1% van die leerders meen dat hulle nie effektiewe dissiplinêre maatreëls op skool het nie (*cf.* 3.5, 3.5.1, 3.5.2, 3.5.4, 3.5.4.1, 3.5.4.3, 3.5.4.3, 3.5.4.4, 3.5.4.5, 3.5.6.4 & 3.6.3). Gegewe al die regulasies en riglyne wat in plek is, is dit `n aanklag teen skole as daar nie gesonde maatreëls in plek is nie.

- Vraag D2: Ons skoolreëls dra daartoe by om `n gedissiplineerde leeromgewing te skep.

72.1% van die deelnemers stem saam dat hul skoolreëls daartoe bydra om `n gedissiplinerde leeromgewing te skep (*cf.* 3.5.2, 3.5.4 & 3.5.4.4).

- Vraag D3: Ons skoolreëls beskerm leerders.

Nét meer as 70% van die leerders voel dat hul skoolreëls die leerders beskerm (*cf.* 3.5.2 & 3.5.6.1).

- Vraag D4: Ons skoolreëls is regverdig.

Ongeveer `n derde van die leerders (33.7%) meen dat hul skoolreëls onregverdig is (*cf.* 3.5.4.1, 3.5.4.3, 3.5.6.4 & 3.5.7.1). Dit sou kon dui op die

persentasie van die deelnemers wie se persepsies teenoor dissipline nie altyd positief is nie.

- Vraag D7: Opvoeders help om skoolreëls op te stel.

418 uit die 513 deelnemers (81.4%) meen dat opvoeders `n aandeel het in die opstel van hul skoolreëls (*cf.* 3.5.1 & 3.5.4).

- Vraag D9: Op ons skool vind regverdige dissiplinêre optrede plaas.

Net meer as `n derde van die deelnemers (37.4%) is van mening dat regverdige optrede nie op hul skole plaasvind nie (*cf.* 3.5.1, 3.5.4.1, 3.5.4.3, 3.5.6.4, 3.5.7.1, 3.6.3 & 3.6.6).

- Vraag D10: My opvoeders pas die skoolreëls dieselfde toe in elke situasie.


58% van die leerders voel dat hul opvoeders skoolreëls dieselfde toepas in élke situasie (cf. 3.5.4.3, 3.5.6.3, 3.5.7.2 & 3.6.3). Die vraag is hoe die ander 42% se persepsies aangespreek kan word.

5.2.8.2 Faktor 2: Leerders se dissiplinêre gedrag

Die volgende tabel weerspieël die leerders se persepsies rakende leerders se gedrag.

Tabel 5.34: Faktor 2: Leerders se dissiplinêre gedrag

	Stem Sterk Saam	Stem Saam	Stem Nie Saam Nie	Stem Glad Nie Saam Nie	Ontbrekend
D 5	100	161	159	86	7
D 6	109	218	128	51	7
D 11	194	200	64	50	5



- Vraag D5: Leerders se gedrag verander wanneer hulle geskors word.

Nét meer as die helfte van die leerders (50.8%) stem saam dat leerders se gedrag verander wanneer hulle geskors word (*cf.* 3.6.4.1, 3.6.5.5 & 3.6.5.5.1). Hoewel die ideale respons hier `n hoër persentasie sou wou hê, blyk dit ook dat skorsing tot `n mate as afskrikmiddel kan dien.

- Vraag D6: Leerders tree só op om dissiplinêre optredes teen hulle te vermy.

Minder as twee derdes van die leerders (63.7%) stem saam dat leerders só optree dat hulle dissiplinêre optrede teenoor hulle voorkom (*cf.* 3.2.2.4, 3.5.1 & 3.5.2). Dan dui dit moontlik daarop dat dissiplinêre maatreëls tot `n groot mate slaag as afskrikmiddel.

- Vraag D11: Ek ken my skoolreëls.

76.8% van die deelnemers het aangedui dat hulle hul skoolreëls ken (cf. 3.3.2 & 3.3.2.1.2). Dit stem ooreen met die data van Vraag D11 waar 39.4% aangedui het dat leerders nie die skoolreëls ken nie.

5.3 OPSOMMING

Hierdie hoofstuk het die analise en interpretasie van die statistiek verskaf. Die data is verkry vanuit die vraelyste wat deur die navorser opgestel en versprei is onder verskeie leerders wat wissel vanaf Graad 7 tot Graad 12. Die navorsing is geloods in die Fezile Dabi Distrik van die Vrystaatse Onderwysdepartement. Die statistiek is verwerk deur die statistieke afdeling van die Noordwes-Universiteit se Vaaldriehoekkampus.

Hoofstuk 6 sal fokus op die samevatting, bevindings en aanbevelings.

HOOFSTUK SES

BEVINDINGS, AANBEVELINGS EN GEVOLGTREKKING

6.1 INLEIDING

Hierdie hoofstuk bevat `n kort samevatting van alle vorige hoofstukke. Daarbenewens word enkele bevindings asook aanbevelings bespreek. Daar word ook verwys na tekortkominge in die navorsing. Laastens word voorstelle gemaak vir verdere navorsing.

6.2 SAMEVATTING VAN VORIGE HOOFSTUKKE

In hoofstuk een is die probleemstelling (*cf.* 1.3), wat tot die studie aanleiding gegee het, bespreek. Daar is ook gelet op die navorsingsdoelwitte (*cf.* 1.4), navorsingsmetodologie (*cf.* 1.5), populasie (*cf.* 1.5.2.3.1) en steekproef (*cf.* 1.5.2.3.2). Hiervolgens word die leser gelei na dit wat in die res van die studie ondersoek en bespreek word.

In hoofstuk twee is `n literatuurstudie gedoen met die oog daarop om te bepaal hoe dissipline die onderrig op openbare skole beïnvloed. Daar is gefokus op wat dissipline presies is (*cf.* 2.2.1), die kenmerke van dissipline (*cf.* 2.3), faktore wat nodig is om dissiplinêre probleme te voorkom (*cf.* 2.4), `n dissiplinêr-gedrewe voorbeeld uit die letterkunde (*cf.* 2.5), sowel as voorbeelde uit die media (*cf.* 2.6).

Daar is ook gekyk waarom dissiplinêre probleme in skole ontstaan (*cf.* 2.8, 2.9, 2.10).

In hoofstuk drie is gekonsentreer op onderwysregtelike aspekte wat `n invloed het op die onderwys. In hierdie hoofstuk is gekyk na die fundamentele regte van opvoeders en leerders (*cf.* 3.2) en regsverpligtinge van opvoeders (*cf.* 3.3.1) sowel as van leerders (*cf.* 3.3.2). Daar is ook gekyk na die beperking van regte (*cf.* 3.4), die gedragskode vir leerders (*cf.* 3.5) en dissiplinêre probleme by leerders (*cf.* 3.6).

In hoofstuk vier het die fokus geval op die empiriese navorsingsontwerp. Die navorsingsmetode (*cf.* 4.2), doel van die navorsing (*cf.* 4.3) en navorsingsinstrument (*cf.* 4.4) is bespreek. Daar is ook gefokus op die loodsondersoek (*cf.* 4.5), steekproef (*cf.* 4.6), administratiewe prosedures (*cf.* 4.7) en data-analise (*cf.* 4.8) wat betrekking het op die studie.

Die data is geanaliseer en geïnterpreteer in hoofstuk 5. Al die data vanuit die vraelyste is afsonderlik bespreek (*cf.* 5.2) en verskeie tabelle en diagramme is vir hierdie doel ingespan.

6.3 BEVINDINGS

In hierdie afdeling gaan daar gekyk word na die bevindings wat gemaak is aan die hand van die navorsingsdoelwitte (*cf.* 1.4) om aan te dui hoe elkeen bereik is. Met inagneming van die literatuurstudie en die empiriese studie wat gefokus het op hoe dissipline onderrig op openbare skole beïnvloed, is die bevindings gemaak soos hieronder aangedui word:

6.3.1 Waaruit dissipline in die onderwys bestaan

Vanuit die literatuurstudie in Hoofstuk 2 word die volgende bevindings gemaak:

- Dissipline op skole word gemanifesteer deur die tipe organisatoriese kultuur wat skole kenmerk (*cf.* 2.2).
- Goeie dissipline word bewustelik en doelgerig bestuur (*cf.* 2.4).
- Effektiewe dissipline is afhanklik van `n effektiewe leier, duidelike kommunikasie tussen rolspelers, deeglike klaskamerbestuur en beplanning deur opvoeders, `n heelskool-benadering, asook `n straf- en dissiplinêre sisteem wat in plek is (*cf.* 2.4).
- `n Vennootskap tussen opvoeders en ouers hou vele voordele vir skole in (*cf.* 2.7).

- Die afskaffing van lyfstraf laat `n leemte vir verskeie opvoeders wat voel dat dit `n effektiewe afweermetode vir wangedrag in die klaskamer was (*cf.* 2.9.1).

- Die onderwys vra dikwels meer van opvoeders as wat hulle kan gee; opvoeders het dikwels meer stres as persone in ander beroepe (*cf.* 2.9.7) en daarby is daar `n groot tekort aan ondersteuning aan opvoeders (*cf.* 2.9.3).

- Die oorbeklemtoning van kinderregte ontneem opvoeders van die outoriteitsposisie wat hulle in die klaskamer beklee, aangesien leerders opvoeders soms op hul regte wys wanneer opvoeders teenoor swak gedissiplineerde leerders wil optree (*cf.* 2.9.4).

- `n Afname aan respek teenoor opvoeders (*cf.* 2.10.4), gebrekkige gesinstrukture (*cf.* 2.10.5), `n agteruitgang in norme en waardes (*cf.* 2.10.6) en min rolmodelle wat aan kinders `n voorbeeld kan stel (*cf.* 2.10.7) is faktore wat in meerdere of mindere mate `n negatiewe impak het op dissipline op skool.

6.3.2 Hoe die onderwysregtelike aspekte van skooldissipline lyk

In Hoofstuk 3 is die onderwysregtelike aspekte van dissipline op skool ondersoek. Die volgende bevindings is gemaak:

- Alhoewel leerders én opvoeders verskeie regte het, is dit ook belangrik dat hulle daarvan bewus sal wees dat hulle ook verpligtinge het om na te kom (*cf.* 3.2).

- Alhoewel `n opvoeder `n *in loco parentis* status besit, moet hy ook hierdie posisie met groot omsigtigheid beklee en deurgaans ingestel wees daarop om in die beste belang van die leerder op te tree (*cf.* 3.2.1).

- Die ouderdom van `n leerder moet in ag geneem word wanneer daar besluit moet word in watter mate hy/sy aanspreeklik gehou kan word vir dade wat gepleeg is (*cf.* 3.2.2.1).

- Leerders én opvoeders word beskerm deur die Grondwet (1996) en Skolewet (84/1996) (*cf.* 3.1).

- Leerders buit dikwels hul regte uit aangesien hulle gereeld daarvan bewus gemaak word dat kinderregte hulle beskerm (*cf.* 3.2.2.4).

- Alle draers van regte, dit wil sê leerders én opvoeders, se regte mag onder sekere omstandighede beperk word (*cf.* 3.4).

- `n Gedragskode is `n regsgeldige dokument wat kan help om dissipline op skool te bestuur (*cf.* 3.5.1 & 3.5.6).

- Met die implementering van `n gedragskode, behoort leerders, ouers en opvoeders van `n bepaalde skool gekonsulteer te word (*cf.* 3.5.4).

- Daar is verskeie riglyne wat gevolg moet word wanneer `n gedragskode saamgestel word (*cf.* 3.5.4).

- Dissiplinêre probleme kom in verskeie vorme van wangedrag by leerders voor (*cf.* 3.6.2).

- Opvoeders behoort dissiplinêre maatreëls relevant tot die hanteer van wangedrag te volg (*cf.* 3.6.3).

- Daar is verskeie stappe wat tydens die verloop van `n dissiplinêre proses gevolg moet word (*cf.* 3.6.4).

- Skorsing en uitsetting van leerders behoort as laaste uitweg in `n dissiplinêre proses gesien te word (*cf.* 3.6.5.5).

6.3.3 Hoe opvoeders en leerders dissipline op skool ervaar

Opvoeders en leerders handhaaf dikwels verskillende persepsies rakende dissipline.

- Die literatuurstudie in Hoofstuk 2 word ondersteun deur die groot meerderheid van byna 80% opvoeders wat saamstem dat opvoeders `n belangrike rol speel by die hanteer van dissipline (*cf.* 5.2.3). Wat hartseer

is, is dat opvoerders nie by hierdei item `n 100% *stem sterk saam* respons getoon het nie.

- Die meerderheid leerders (36.26%) was Sotho-sprekend (*cf.* 5.2.2). Hierdie inligting verduidelik ook waarom sekere leerders nie ál die vrae beantwoord het nie. Die loodsondersoek moes twee keer gedoen word om juis die taal, soos vervat in die vraelyste, te vereenvoudig sodat die vrae makliker verstaanbaar kon wees (*cf.* 4.5). Steeds het `n aantal response by elke vraag ontbreek. Dit sou ook `n aanduiding kon wees dat opvoeders en leerders mekaar dikwels nie verstaan nie as gevolg van `n taalhindernis wat effektiewe kommunikasie belemmer. Dit kan ook `n invloed hê op goeie dissipline.

6.3.4 Wat opvoeders weet van beleidsaspekte met betrekking tot dissipline

Vanuit die data blyk die volgende:

